'n WAARDERING VAN DIE

# OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS

VAN DIE T.O.D.

ALBERTUS BRAND

B.A. , B.Ed. , H.O.D.

Skripsie goedgekeur as gedeeltelike nakoming
van die vereistes
vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in

VOORLIGTING EN ORTOPEDAGOGIEK

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Leier: Prof. H.B. Kruger
POTCHEFSTROOM
1990

## BEDANKINGS

Alle lof en dank kom ons Hemelse Vader toe wat my deur Sy genade en met die keur van Sy seëninge in staat gestel het om hierdie studie te kon voltooi.

Verder is dit vir my 'n opregte behoefte om dank te betuig aan:

- My studieleier, prof. H.B. Kruger, vir sy ervare en inspirerende leiding, ten spyte van 'n vol program.
- Die TOD, vir toestemming tot die gebruik van amptelike stukke, asook vir studieverlof.
- Dr. H.J. Steyn, mnre. F.C. Pelser en T.L. Keyser vir hulp met die verkryging van referate en lesings deur amptenare van die Opvoedkundige Hulpdiens.
- Mev. C.E.H. Viljoen en J.M. Coetzee vir hul netjiese en keurige tikwerk.
- Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hul vriendelike hulp.
- My vader in lewe en my moeder, van wie ek sodanige opvoeding en steun ontvang het, dat ek staanplek en koers in die lewe kon vind.
- My skoonouers, vir hul belangstelling en aanmoediging.
- Laastens, maar definitief nie die minste nie, my vrou Linda, vir lojale ondersteuning, begrip en aanmoediging, waarop ek te alle tye kon staatmaak.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK EEN
PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN
EN PROGRAM VAN ONDERSOEK .................... 1

1.1 INLEIDING .............................. 1

1.2 PROBLEEMSTELLING ...................... 3

1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK ................ 4

1.4 METODE VAN ONDERSOEK .................. 5

1.5 BEGRIPSBEPALING ....................... 6
1.5.1 Skoolvoorligting ..................... 7
1.5.2 Voorligteronderwyser ................. 9
1.5.3 Opvoedkundige sielkundige ............ 9
1.5.4 Opvoedkundige Hulpdiens .............. 10

1.6 PROGRAM VAN ONDERSOEK ................ 10

HOOFSTUK TWEE
DOEL EN FUNKSIONERING VAN OPVOEDKUNDIGE
HULPDIENSTE .............................. 12

2.1 INLEIDING .............................. 12
2.2 DIE AARD EN WESE VAN OPVOEDKUNDIGE

HULPDIENSTE .............................. 13
2.2.1 Voorligting: verskillende beklemtonings .............................. 13
2.2.2 Die doel en taak van voorligting ........... 16
2.2.2.1 Die doel met persoonlikheidsvoorligting ...... 20
ligting .............................. 20
2.2.2.2 Die doel met opvoedkundige voorligting .............................. 22
2.2.2.3 Die doel met beroepsvoorligting ............ 23

2.3 DIE BEGINSELS VAN 'N OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS .................... 26
2.3.1 Die individualiteitsbeginsel ................. 27
2.3.2 Die totaliteitsbeginsel ...................... 28
2.3.3 Voorligting is 'n kontinue proses .............................. 28
2.3.4 Voorligting word op twee vlakke hanteer .............................. 29
2.3.5 Voorligting is bedoel vir alle leerlinge .............................. 30
2.3.6 Voorligting moet op 'n formele en georganiseerde wyse verskaf word .......... 30
2.3.7 Voorligting moet in die stroom van opvoedkundige aktiwiteite bly .......... 31
2.3.8 Voorligting moet die kind met waardigheid bejeën ........................ 32

2.4 SKOOLVOORLIGTINGSPROGRAMME .......... 33
2.4.1 Inleiding .............................. 33
2.4.2 Die aard en inhoud van skool-

voorligtingsprogramme .................... 34
2.4.2.1 Skoolvoorligting in die Verenigde State van Amerika .......................... 34
2.4.2.2 Skoolvoorligting in Brittanje ............... 38
2.4.2.3 Skoolvoorligting in Wes-Duitsland ........... 41
2.4.3 Individuele voorligting .................... 42
2.4.4 Groepvoorligting ........................... 44
2.4.5 Die evaluering van skoolvoorligtingsprogramme ........................... 47

2.5 DIE ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN OPVOEDKUNDIGE HULPDIENSTE ....... 49
2.5.1 Inleiding .................................. 49
2.5.2 Die beheer en kontrole van Opvoedkundige Hulpdienste ...................... 50
2.5.2.1 Verenigde State van Amerika ............... 50
2.5.2.2 Brittanje .................................. 51
2.5.2.3 Wes-Duitsland ............................. 52
2.5.3 Die organisasie van voorligting binne die skool ........................... 53
2.5.3.1 Verenigde State van Amerika ............... 53
2.5.3.2 Brittanje .................................. 56
2.5.3.3 Wes-Duitsland ............................. 58
2.5.4 Die organisasie van voorligting buite skoolverband ........................ 59
2.5.4.1 Verenigde State van Amerika ............... 59
2.5.4.2 Brittanje .................................. 62
2.5.4.3 Wes-Duitsland ............................. 65
2.5.5 Die opleiding en kwalifikasies van voorligtingspersoneel ................. 68

2.5.5.1 Verenigde State van Amerika ................ 68
2.5.5.2 Brittanje ................................ 70
2.5.5.3 Wes-Duitsland ............................ 73

2.6 SINTESE ...................................... 75

HOOFSTUK DRIE
DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE
DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS VAN DIE TOD ..... 77

3.1 INLEIDING .................................... 77

3.2 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN VOORLIGTING BUITE DIE SKOOL ............ 78
3.2.1 Die ontstaan en ontwikkeling van die Sielkundige Diens ................. 78
3.2.2 Die ontstaan en ontwikkeling van die Beroepsvoorligtingsdiens ............. 82
3.2.3 Die Sielkundige- en Voorligtingsdiens: 1955-1983 .......................... 84
3.2.4 Die totstandkoming van die Opvoedkundige Hulpdiens: 1983 ..................... 89

3.3 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN VOORLIGTING BINNE DIE SKOOL ............ 93

HOOFSTUK VIER
DIE HUIDIGE STAND VAN DIE OPVOEDKUNDIGE
HULPDIENS VAN DIE TOD ......................... 98

4.1 INLEIDING .................................. 98

4.2 DOELSTELLINGS EN BELEID ................ 99

4.3 DIE AARD EN OMVANG VAN DIE DIENS ..... 101

4.4 ADMINISTRASIE, BEHEER EN KONTROLE VAN DIE DIENS ............................ 106

4.4.1 Die organisasie van skoolvoorligting aan skole ............................ 106

4.4.1.1 Opvoedkundige leiding ..................... 106

(1) Beroepsvoorligting ..................... 109

(2) Geesteswerbaarheid .................... 110

(3) Gesinsvoorligting ...................... 112

(4) Kadetopleiding (Burgerskapopvoeding) .. 113

(5) Fisieke aktiwiteite vir dogters (Burgerskapopvoeding) ....................... 115

(6) Die Voogprogram ....................... 117

4.4.1.2 Psigometries-Opvoedkundige aspekte ........ 118

4.4.1.3 Voorligtingprosedure ...................... 118

4.4.1.4 Identifisering, hulpverlening en verwysing van leerlinge ................... 119

4.4.1.5 Tydstoewysing ............................ 120

4.4.1.6 Fasiliteite vir voorligting ................. 121

4.4.1.7 Personeelvoorsiening ...................... 124

4.4.2 Die organisasie van die Opvoedkundige Hulpdiens ....................... 124

4.4.2.1 Kinderleidingklinieke ..................... 124

4.4.2.2 Onderwyshulpsentra ....................... 126

4.4.2.3 Kliniekskole ........................ 128
4.4.3 Beheer en kontrole van die diens .......... 128

4.5 PERSONEELASPEKTE ........................ 130
4.5.1 Opleiding en aanstellingsvereistes van voorligteronderwysers ................. 130
4.5.2 Opleiding en aanstellingsvereistes van personeel verbonde aan die Opvoedkundige Hulpdiens .................. 131
4.5.2.1 Kinderleidingklinieke ..................... 131
4.5.2.2 Onderwyshulpsentra ...................... 132
4.5.3 Werkterrein van die departementshoof: Opvoedkundige leiding .......... 133
4.5.4 Werkterreine van die kinderleidingkliniekpersoneel ..................... 134
4.5.4.1 Opvoedkundige sielkundiges ................ 135
4.5.4.2 Arbeidsterapeute .......................... 137
4.5.4.3 Spraakterapeute ........................... 139
4.5.5 Die werkterrein van die personeel van die onderwyshulpsentrum .............. 140
4.5.5.1 Algemene pligte van die onderwysadviseur ................................ 140
4.5.5.2 Spesifieke pligte van die onderwysadviseur ................................ 141
(1) Die onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede (AO : LA) ......... 142
(2) Die onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede (OA : OA) .......... 146
(3) Die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede (OA : OPA) ........ 150

(4) Die onderwysadviseur: Voorligting (OA : V) ..................... 154
(5) Die onderwysadviseur: Spraak-, Stem-, Taal- en Gehooraangeleenthede (OA : ST) ..................... 159

4.6 SINTESE ........................... 162

HOOFSTUK 5
SAMEVATTING, EVALUERING EN AANBEVELINGS .... 164

5.1 INLEIDING ........................... 164

5.2 DOELSTELLINGS EN BELEID ............... 165
5.2.1 Samevatting ........................... 165
5.2.2 Gevolgtrekking ........................... 165

5.3 AARD EN OMVANG VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS ........................... 166
5.3.1 Samevatting ........................... 166
5.3.2 Gevolgtrekking ........................... 168

5.4 ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN DIE DIENS ........................... 171
5.4.1 Inleiding ........................... 171
5.4.2 Die organisasie van skoolvoorligting aan skole ........................... 172
5.4.2.1 Samevatting ........................... 172
5.4.2.2 Gevolgtrekking ........................... 173
5.4.3 Die organisasie van die Opvoedkundige

| | | |
|---|---|---|
| | Hulpdiens | 174 |
| 5.4.3.1 | Samevatting | 174 |
| 5.4.3.2 | Gevolgtrekking | 175 |
| 5.4.4 | Die opleiding- en aanstellingsvereistes van voorligteronderwysers | 176 |
| 5.4.4.1 | Samevatting | 176 |
| 5.4.4.2 | Gevolgtrekking | 177 |
| 5.4.5 | Die opleiding- en aanstellingsvereistes van personeel verbonde aan die Opvoedkundige Hulpdiens | 178 |
| 5.4.5.1 | Samevatting | 178 |
| 5.4.5.2 | Gevolgtrekking | 179 |
| 5.4.6 | Beheer en kontrole | 182 |
| 5.4.6.1 | Samevatting | 182 |
| 5.4.6.2 | Gevolgtrekking | 183 |
| 5.5 | AANBEVELINGS | 184 |
| 5.5.1 | Doelstellings en beleid | 184 |
| 5.5.2 | Aard en omvang | 184 |
| 5.5.3 | Organisasie en administrasie van die diens | 186 |
| 5.6 | SINTESE | 187 |
| SUMMARY | | 189 |
| BRONNELYS | | 191 |

# HOOFSTUK EEN

# PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING

Die huidige stelsel van gedifferensieerde onderwys in Suid-Afrika maak voorsiening vir verskillende skooltipes, studierigtings, vakkeuses wat met laasgenoemde verband hou, asook vlakke waarop die vakke geneem kan word. Binne hierdie stelsel word skoolvoorligting as 'n hulpdiens aan leerlinge en ouers aangebied met die doel om jeugdiges te oriënteer om in ooreenstemming met hul vermoëns, aanlegte en belangstelling, 'n onderwys- en beroepskeuse uit te oefen om sodoende hul potensiaal te verwesenlik en tot volle selfaktualisering te kom. Hierdie hulpdiens word by skole deur voorligteronderwysers en by kinderleidingklinieke deur gespesialiseerde professionele persone behartig, en die noodsaaklikheid daarvan binne die formele onderwysstelsel kan nie negeer word nie.

Die De Lange-verslag (RGN, 1981a:45-49) het bevind dat daar ernstige leemtes in die operasionalisering van

skoolvoorligting bestaan. Ten spyte van die aanbevelings van dié verslag (RGN, 1981a:155-163; 169-170), asook die advies van die Tussentydse Onderwystaakgroep (1983a:31) wat woordeliks ooreenstem met die aanbevelings van die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (1983b:42), is daar tans 'n skynbare tendens van stagnasie wat skoolvoorligting betref. Dié onbevredigende toestand word vererger deur veranderde tendense in die samelewing, bv. toenemende werkloosheid, die verswakkende en neerdrukkende ekonomiese omstandighede, meganisasie en tegnologiese ontwikkeling, en die al groter-wordende behoefte aan mannekrag op bestuursvlak. Verder hou so 'n toenemend gekompliseerde samelewing verreikende implikasies in vir jeugdiges wat gekonfronteer word met snelle sosiale veranderinge en ontwikkelende onderwys- en beroepsgeleenthede, en bring dit noodwendig mee dat nuwe eise aan die skoolvoorligtingsdiens gestel word.

In die lig hiervan is besluit op 'n evaluerende studie van die skoolvoorligtingstelsel van die TOD met die oog op bepaling van positiewe aspekte asook moontlike leemtes.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Volgens die Werkkomitee: Voorligting (RGN, 1981b:2) word die doeltreffendheid van skoolvoorligting deur die volgende faktore bepaal:

(1) die wyse waarop leerlinge voorgelig word om 'n onderwys- en beroepskeuse uit te oefen wat hulle in staat stel om hul potensiaal te verwesenlik;

(2) die kwalifikasies, opleiding en beskikbaarheid van personeel wat vir voorligting verantwoordelik is;

(3) die inhoud van die skoolvoorligtingsprogram of -kurrikulum;

(4) die beskikbaarheid van fasiliteite;

(5) doeltreffende beheer en organisasie van voorligting.

Die probleem wat in hierdie studie in oënskou geneem word, kan aan die hand van bogenoemde soos volg uiteengesit word:

(1) Wat was die doelstellings, metodes en organisasiestruktuur van die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD soos dit histories ontplooi het?

(2) Dui die vereistes wat deur die TOD gestel word t.o.v. kwalifikasies, opleiding en beskikbaarheid van personeel vir skoolvoorligting daarop dat die voorligtingsprogram met sukses uitgevoer kan word?

(3) Is die inhoud van die skoolvoorligtingsprogram van die TOD in lyn met die eise wat volgens die literatuur aan so 'n program se inhoud gestel word?

(4) Is die beheer- en organisasiestruktuur van die voorligtingsprogram van die TOD kongruent aan wat in die literatuur daaroor gesê word?

'n Evaluering van die TOD se Opvoedkundige Hulpdiens mag moontlike antwoorde verskaf op sommige van die vrae wat hierbo geformuleer is.

## 1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die studie is om prinsipieël uit die literatuur en deur kritiese evaluering van die huidige situasie te besin oor die Transvaalse Opvoedkundige Hulpdiens om te bepaal of dit in die Suid-Afrikaanse opset doelmatig is.

Na aanleiding van die probleemstelling hierbo, kan die doel van die studie soos volg geformuleer word.

(1) Om aan te toon hoe die doelstellings, metodes en organisasiestruktuur van die TOD se Opvoedkundige Hulpdiens histories ontplooi het.

(2) Om evaluerend te bepaal in welke mate die vereistes wat deur die TOD gestel word t.o.v. kwalifikasies, opleiding en beskikbaarheid van personeel vir skoolvoorligting bydra tot die sukses al dan nie van die voorligtingsprogram.

(3) Om vas te stel of die inhoud van die skoolvoorligtingsprogram van die TOD in lyn is met die eise wat volgens die literatuur aan so 'n program se inhoud gestel word.

(4) Om te bepaal of die beheer- en organisasiestruktuur van die voorligtingsprogram van die TOD kongruent is met wat in die literatuur daaroor gesê word.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Skoolvoorligting word deurgaans deur al die verskeie onderwysdepartemente in die RSA aangebied, maar die partikuliere inhoudgewing, omvang en begronding van skoolvoorligting asook die organisasie en administrasie verskil. Dit geld uiteraard ook wat betref die onderskeie

Opvoedkundige Hulpdienste (Nieuwenhuis **et al.**, 1984:2). Vir die doel van hierdie studie sal slegs die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD vanaf sy ontstaan in 1936 tot op hede onder die loep geneem word.

Aanvanklik sal 'n literatuurstudie van die doel en funksionering van Opvoedkundige Hulpdienste in die algemeen gedoen word. Hoewel daar nie 'n konkrete vergelykingsbasis bestaan tussen die plaaslike en internasionale toneel nie, sal veral die situasie in die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland in oënskou geneem word. Verder sal 'n literatuurstudie van die betrokke amptelike stukke van die TOD vanaf die ontstaan van skoolvoorligting tot op hede onderneem word. Sodoende sal gepoog word om kriteria daar te stel waarvolgens die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD evalueer kan word.

## 1.5 BEGRIPSBEPALING

Tans is min van die terminologie wat algemeen in skoolvoorligting gebruik word eenvormig, en word dit deur navorsers en onderskeie instansies verskillend geïnterpreteer en gebruik. Vervolgens word enkele van die begrippe met die oog op helderheid gedefinieer binne die konteks waarin dit in die studie gebruik word.

### 1.5.1 Skoolvoorligting

Sonder om 'n volledige uiteensetting van die verskillende beklemtonings of 'n opvoedkundig-filosofiese fundering van skoolvoorligting te gee, is dit nodig om die begrip ten aanvang te definieer. Vir 'n meer volledige uiteensetting van die doel, wese en aard van skoolvoorligting, kan paragraaf 2.2 en 2.3 bestudeer word.

In die Engelse literatuur word onderskei tussen "guidance", waarmee voorligting met al sy verskillende fasette bedoel word (Nordberg, 1970:4, 15-17; Ohlsen, 1974:1), en "counseling", wat die gedagte van opvoedkundige gesprek, oorlegpleging, of beraadslaging na vore bring. Hoewel die twee terme met mekaar verband hou en dikwels oorvleuel, moet die konsepte nie as sinoniem gesien word nie. Volgens Stead (1987:14) is "guidance" meer gestruktureerd, organisatories, administratief en minder persoonlik van aard as "counseling". Die verskil tussen "guidance" en "counseling" kan moontlik toegelig word met Lytton en Craft (1974:13) se komponente van voorligting, nl.: "opvoedkundige voorligting", wat raad en advies aan leerlinge, ouers en onderwysers rakende o.a. die keuse van kursusse, toetsresultate, toetsing en evaluering deur onderwysers, klasdeelname, emosionele aanpassing, gemotiveerdheid, ens. behels; "beroepsvoorligting", wat gerig is op die toekomstige loopbane van leerlinge, en selfkennis, onderwyskennis en beroepskennis insluit, en

"persoonlikheidsvoorligting", wat verwant is aan die ander twee komponente, maar veral gerig is op emosionele versteurings en gedragsprobleme, en die voorligter in aanraking bring met spesialiste in kinderleiding, -welsyn, ens. Volgens laasgenoemde skrywers se definisie lê opvoedkundige- en beroepsvoorligting dus meer op die terrein van "guidance", terwyl persoonlikheidsvoorligting direk met "counseling" verband hou.

Volgens Nel & du Preez (1979:420) het daar die afgelope 50 jaar 'n groot fundamentele klemverskuiwing t.o.v. die begrip skoolvoorligting plaasgevind. Aanvanklik het dit hoofsaaklik gegaan om die verstrekking van inligting. Die leerling was 'n passiewe ontvanger van advies. Hierdie benadering het met verloop van tyd in onguns verval, en 'n probleemgeoriënteerde benadering is gevolg waar die klem hoofsaaklik op die regstelling van 'n spesifieke probleem geval het. Hierdie benadering het weer op sy beurt plek gemaak vir 'n meer ontwikkelingsgeoriënteerde benadering, waar dit gaan om die persoon van die leerling, hoewel die probleem steeds in die oog gehou word. Die RGN (1981b:4) definieer skoolvoorligting dan ook as "'n hulpdiens wat gerig is op leerlinge met probleme, en/of beroepsvoorligting en voorligting ten aansien van etiese, morele en ekonomiese aspekte".

Skoolvoorligting word dus binne die nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys gesien as 'n georganiseerde deel van die opvoedkundige program en opvoedingsproses wat

persoonlike geleenthede en gespesialiseerde personeeldienste voorsien, waardeur die kind in individuele of groepsverband gehelp word om sy eie vermoëns te ontdek en te ontwikkel, om so as gebalanseerde en gedissiplineerde volwassene sy roeping in die samelewing te kan vervul, tot die eer van God. (Kruger, 1974a:2).

### 1.5.2 Voorligteronderwyser

Die term voorligteronderwyser word in die studie gebruik om die persoon aan te dui wat skoolvoorligting aan skole behartig. Aangesien die verskillende onderwysdepartemente in die RSA verskillende terme gebruik om dié persoon aan te dui, het die RGN (1981b:5) voorgestel dat met die oog op uniformiteit slegs die een term deurgaans gebruik word.

### 1.5.3 Opvoedkundige sielkundige

Die term skoolsielkundige dui normaalweg 'n persoon aan wat aan 'n skoolkliniek verbonde is. In die geval van die TOD dui die benaming opvoedkundige sielkundige tans op 'n persoon met 'n toepaslike meestersgraad in die sielkunde of opvoedkundige sielkunde, en wat as sodanig by die

Beroepsraad vir Sielkunde asook by die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad geregistreer is.

### 1.5.4 Opvoedkundige Hulpdiens

Die Opvoedkundige Hulpdiens is 'n onderwyshulpdiens wat daar gestel is om op 'n gedifferensieerde en gekoördineerde grondslag gespesialiseerde hulp te verleen aan leerlinge wat 'n behoefte daaraan het, asook om in dié verband voorligting te verskaf aan ouers, skoolpersoneel en ander betrokke persone en instansies. Die hulpdiens is 'n geïntegreerde deel van die onderwysstelsel (Nieuwenhuis et al., 1984:93; Van Z. Spies, 1970:38).

## 1.6 PROGRAM VAN ONDERSOEK

In hoofstuk 2 word die doel en funksionering van Opvoedkundige Hulpdienste bespreek. Hier sal onder andere gekyk word na die aard, omvang, organisasie, beheer en kontrole van voorligtingsdienste, asook na die inhoud van skoolvoorligtingsprogramme. Hoewel die literatuurstudie 'n wye front dek, sal spesifiek verwys word na die situasie in die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland, om sodoende kriteria

daar te stel waarteen die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD gemeet kan word.

In Hoofstuk 3 word die ontstaan en ontwikkeling van die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD kortliks bespreek, en in hoofstuk 4 sal gepoog word om 'n volledige beeld te verskaf van hoe die diens in 1990 daar uitsien. Hier sal o.a. gekyk word na die doelstellings en beleid van die diens, die aard, omvang en administrasie daarvan, asook verskillende personeeldienste.

In hoofstuk 5 sal gepoog word om die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD te evalueer teen die agtergrond van die literatuurstudie in hoofstuk 2, met die oog op die bepaling van positiewe aspekte asook moontlike leemtes. Na hierdie evaluering sal uiteindelik gepoog word om gevolgtrekkings en moontlike aanbevelings te maak.

# HOOFSTUK TWEE

# DIE DOEL EN FUNKSIONERING VAN OPVOEDKUNDIGE HULPDIENSTE

## 2.1 INLEIDING

Die uiteindelike doel met hierdie studie is om die bestaande skoolvoorligtingspraktyk in Transvaal te evalueer. Om hierin te slaag, is besluit op 'n literatuurstudie om te bepaal of die kriteria wat normaalweg gestel word t.o.v. opleiding en kwalifikasies van voorligtingpersoneel, die inhoud van skoolvoorligtingsprogramme, asook die beheer en organisasie van skoolvoorligting, kongruent is met die vereistes wat deur die TOD gestel word t.o.v. genoemde en aanverwante aspekte. Die doel van hierdie hoofstuk is dan ook om kriteria daar te stel waarteen die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD evalueer kan word.

Eerstens sal die aard en wese van die Opvoedkundige Hulpdiens bespreek word deur te let op verskillende beklemtonings van skoolvoorligting. Daarna word die beginsels van Opvoedkundige Hulpdienste bespreek, asook gepoog om vas te stel wat die inhoud van

skoolvoorligtingsprogramme behels. Laastens word gekyk na die organisasie en administrasie van Opvoedkundige Hulpdienste binne en buite skoolverband, asook na die opleiding en kwalifikasies van personeel vir voorligting en beheer en kontrole oor hierdie dienste.

## 2.2 DIE AARD EN WESE VAN OPVOEDKUNDIGE HULPDIENSTE

### 2.2.1 Voorligting: verskillende beklemtonings

Die begrip "Voorligting" het verskillende konnotasies. Eerstens het dit die betekenisinhoud van sowel die Engelse begrippe "guidance" as "counseling". Tweedens moet 'n onderskeid gemaak word tussen die verskillende tipes voorligting, volgens die aard daarvan. Skoolvoorligting kan dus onderskei word van bv. psigologiese- of pastorale voorligting, t.o.v. die toepassingsterreine en beginsels daarvan (Kruger, 1974a:2).

Wat die betekenisinhoud van die term voorligting betref, is dit duidelik uit die literatuur wat bestudeer is dat elke skrywer se persoonlike opinie en voorkeure die definiëring daarvan beïnvloed. Alhoewel slegs die term voorligting in

hierdie studie gebruik word, is dit tog nodig om die verskil tussen die begrippe "guidance" en "counseling" uit te wys. Dié twee begrippe word gereeld, en verkeerdelik, as sinonieme gebruik maar dek elk 'n veld van sy eie (Rodgers, 1981:8; Aubrey, 1982;198). Semanties beskou slaan voorligting net op "guidance", en kan "counseling" beter weergegee word as "berading" (Kruger, 1974a:2). "Counseling" is inderwaarheid een van die gespesialiseerde tegnieke van "guidance" (Nordberg, 1970:61). Die verskil in terminologie word die beste uiteengesit deur Makinde (1983:50):

- "Voorligting" is die raamwerk van psigoterapie, "berading" is die hart daarvan.

- "Voorligting" is gebaseer op kennis en werk met feite, beginsels, metodes en die kognitiewe. "Berading" is affektief en waarde-georiënteerd, en werk met persepsies, motivering, behoeftes en gevoelens.

- "Voorligting" is gewoonlik meer gestruktureerd en minder persoonlik en intiem van aard as "berading", wat gerig is op die interpersoonlike en konfidensiële.

- "Voorligting" is informatief en didakties van aard teenoor "berading", wat grootliks deur die emosionele beïnvloed word, meer aanpasbaar en minder didakties is.

- "Voorligting" word gewoonlik geïnisieer deur die voorligter, en "berading" deur die kliënt.

Die voorligtingfilosofie in enige land is nou verwant aan daardie land se onderwysstelsel, wat beïnvloed word deur die heersende sosiale-, ekonomiese- en politieke omstandighede. Volgens Super (1983:511) plaas lande wat relatiewe voorspoed en welvaart geniet, en nie aan buitelandse druk onderworpe is nie, in voorligting 'n hoë premie op die ontwikkeling en aktualisering van individuele vermoëns, belangstellings en persoonlike waardes. Die teenoorgestelde is waar van lande wat ernstige ekonomiese probleme ondervind en aan buitelandse druk en dreigemente blootgestel word. Voorligting word in laasgenoemde geval gesien as 'n middel om jeugdiges te kanaliseer in beroepe en studievelde wat belangrik is vir nasionale ontwikkeling en oorlewing. So byvoorbeeld het grootskaalse uitbreiding van voorligting in die VSA as antwoord op die vraag na beter onderwys gevolg op die Russe se lansering van Sputnik I. Voorligtingsdienste was 'n handige middel tot 'n doel, en is in gees, deur wetgewing en finansieel gesteun deur o.a. die "National Defence Education Act" van 1958. Craft (in Lytton & Craft, 1974:22-34) wys op die interaksie tussen politieke ideologie, die ekonomie en die onderwys, en suggereer dat voorligting ("guidance" en "counseling") in Engeland sy ontstaan aan politieke ideologie en die nasionale ekonomie te danke het. Die stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting in die RSA is konseptueel verbind aan die idee van gelykwaardigheid van leerlinge, die erkenning van

onderlinge verskille tussen leerlinge en die inherente reg van elke leerling tot selfbeskikking en keuses. Tog het Dovey (1983:459-461) hom teen die moralistiese en didaktiese aard van die voorligtingsdiens uitgespreek. Volgens laasgenoemde skrywer het politieke en ekonomiese dryfvere 'n groter invloed as die Sielkunde op die Opvoedkundige Hulpdienste van die RSA (vgl. ook Dovey, 1980a:1-10).

### 2.2.2 Die doel en taak van voorligting

Lindhard (1981:40) stel die volgende vereistes aan 'n effektiewe voorligtingsprogram:

(1) Voorligting moet relevant, betekenisvol en prakties wees om aan die behoeftes van die jong mens van die tagtigerjare te voldoen.

(2) Voorligting moet die leerling help om sy huidige leer- en ontwikkelingsprobleme suksesvol te kan hanteer.

(3) Voorligting moet sosiale-, leer-, kommunikasie- en beroepsvaardighede, asook die vermoë om besluite te neem, ontwikkel.

(4) Voorligting moet die leerling help in sy ontwikkeling tot 'n volwasse, gebalanseerde en waardige lid van

die samelewing, met norme en lewensideale wat hy vrylik kan kies.

(5) Voorligting moet die leerling help op die pad na volwassenheid met genoegsame kennis rakende geslagtelikheid, die huwelik en verantwoordelikheid teenoor 'n gesin.

(6) Voorligting moet die leerling lei om homself beter te ken en sy vermoëns optimaal te ontgin.

(7) Voorligting behoort self-insig en -beheer by die leerlinge teweeg te bring om sodoende te kan aanpas in 'n snel veranderende samelewing.

(8) Voorligting moet die leerling bekend stel aan onderwys- en beroepsgeleenthede en hom behulpsaam wees in die korrekte keuse-uitoefening in ooreenstemming met sy behoeftes. Selfs indien die moontlikhede beperk is, moet voorligting die leerling voorberei om werk te soek en dit te behou, en indien daar geen werk beskikbaar is nie, om daarsonder te oorleef.

(9) Laastens moet voorligting die leerlinge voorberei om oorgangstydperke vanaf bv. die skool na 'n werksituasie of hoër onderwys suksesvol te hanteer.

Of bogenoemde vereistes van Lindhard almal in die praktyk haalbaar is, is 'n ope vraag (vgl. byvoorbeeld no.8). Dit vat egter die doelwitte met voorligting deur skrywers soos Haasbroek (1978:11), Humphreys (1967:11), Ohlsen (1974:1) en Rousseau (1981:5) goed saam. Verder is dit by nadere ondersoek duidelik dat die taak van voorligting nou met die doelwitte daarvan verweef is, en saamgevat kan word as hulpverskaffing aan die kind.

Volgens Van Niekerk (1967:44) vertoon die doelstellings van skoolvoorligting 'n tweeledigheid. Eerstens gaan dit om die oordra en bybring van kennis: kennis van skool, studiemetodes, vakke en vakkeuses, asook kennis van die eie moontlikhede, beperkings en tekortkominge. Tweedens gaan dit om die opvoeding van die leerling. Daar word gepoog om die regte arbeidsgesindheid en leerintensie by hom op te wek, om hom te lei tot beroepsvolwassenheid, en ook om sy totale persoonsontwikkeling te steun tot volle psigiese en geestelike volwassenheid.

Soos in paragraaf 1.4 genoem is, is die voorligtingstelsels van die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland bestudeer in 'n poging om 'n vergelykingsbasis daar te stel waarteen die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD geëvalueer kan word. In die VSA en Brittanje word voorligting binne en buite skoolverband verskaf en is daar noue samewerking wat betref die uitvoering van die voorligtingstaak. In Wes-Duitsland word skoolvoorligting hoofsaaklik deur die Bundesanstalt für Arbeit verskaf (Martin & De Volder: 1983:483). Tog is daar

in al drie gevalle 'n gesamentlike doel met voorligting te bespeur, nl. om die ouers, onderwysers en leerlinge in die voorligtingsgebeure te betrek sodat die leerling tot 'n onderwys- en beroepskeuse gelei kan word wat sy vermoëns ten volle sal laat ontplooi (vgl. ook paragraaf 2.2.2.1 2.2.2.3 in dié verband).

Verskillende skrywers en instansies is dit eens dat voorligting drie hoofkomponente het, naamlik persoonlikheidsvoorligting, opvoedkundige voorligting en beroepsvoorligting. Dié komponente kan nie fragmentaries in drie waterdigte kompartemente geskei word nie, omdat dit altyd in 'n minder of meerdere mate oorvleuel.

Hoewel Carstens (1976:68) beweer dat daar in die VSA sterk erkenning aan al drie laasgenoemde komponente verleen word, behalwe in die primêre skool, waar beroepsvoorligting minder sterk figureer, toon Lytton & Craft (1974:105) aan dat die onderskeid meer in teorie as praktyk bestaan, aangesien voorligters te intens betrokke is by opvoedkundige voorligting, waar leerlinge gehelp word om die regte kombinasie van kursusse by die skool en die regte universiteite te kies, en die ander twee komponente verwaarloos word.

In Brittanje is beroepsvoorligting tot redelik onlangs verskraal tot beroepsplasing, en is 'n skeiding tussen beroeps- en persoonlikheidsvoorligting as aparte terreine gemaak (Vaughan, 1975:21, 39). Verder is daar 'n

oorbeklemtoning van persoonlike voorligting bo die ander twee komponente (Hughes, 1985:20), wat verstaanbaar is as die tradisie van "pastoral care" in gedagte gehou word.

Hoewel nóg die konsep nóg die term persoonlikheidsvoorligting aan die begin van die sestigerjare in Wes-Duitsland bestaan het (Super, 1983:513), het die onderwyshervormings van 1972 'n groot omwenteling in die vraag na voorligting teweeg gebring, en het daar 'n behoefte aan oriëntering, opvoedkundige- en beroepsvoorligting ontstaan (Martin & De Volder, 1983:483).

Vervolgens word die doel en taak van elk van die drie komponente van voorligting as opvoedingshandeling kortliks bespreek.

#### 2.2.2.1 Die doel met persoonlikheidsvoorligting

Die doel met persoonlikheidsvoorligting kan gesien word as die hulp en bystand wat die leerling ontvang om persoonlikheidsprobleme waarmee hy in een of ander stadium van sy ontwikkeling te kampe het, op 'n geestesgesonde grondslag te benader en uit die weg te ruim (Van der Walt, 1979:20).

Die handhawing en bevordering van die geestesgesondheid as doel van persoonlikheidsvoorligting word beklemtoon deur Kruger (1978:5): "Die kind moet gehelp word om op so 'n wyse te ontwikkel dat sy positiewe eienskappe en vermoëns uitgebou word en negatiewe faktore sovêr moontlik geneutraliseer word. Hy moet gelei word om homself beter te verstaan, om persoonlike besluite met verantwoordelikheid te neem, keuses te maak en oplossings te vind in konfliksituasies". Verskeie skrywers (w.o. Hannaford, 1987:4 en Sprinthall, 1980:488) lê dan ook klem op die voorkomingsaspek van persoonlikheidsvoorligting.

Persoonlikheidsvoorligting staan nie los van die ander twee komponente van voorligting nie, omdat emosionele versteurings in swak skoolprestasie en gebrekkige integrasie van selfkennis en beroepskennis manifesteer (Steyn, 1978:733; Hannaford, 1987:7). Verder kan persoonlikheidsvoorligting nie van die proses van psigoterapie geskei word nie (Belkin, 1975:20). Volgens Lytton & Craft (1974:38) is daar groot ooreenkomste, maar ook verskille, tussen persoonlikheidsvoorligting en psigoterapie. Beide is bv. kliënt-gesentreerd, beklemtoon die belangrikheid van gedrag, en werk met groepe. Voorligting sluit egter 'n breër terrein in omdat dit ook 'n opvoedkundige- en beroepsaspek het. Twee verdere verskille is die opleiding van die terapeut en die voorligter en die tipe kliënt wat deur elk behandel word.

#### 2.2.2.2 Die doel met opvoedkundige voorligting

Opvoedkundige voorligting word toegespits op die kind se skolastiese vorming en vordering. Dit omvat inligting in verband met studiemetodes, leerprobleme, keuse van studierigtings en skooltipes, vakkeuse en keuse van die vlak waarop sekere vakke geneem word, die moontlikhede van verdere studie en naskoolse studierigtings (Kruger, 1978:7; Hannaford, 1987:7). Van der Walt (1979:22) het die volgende doelstellings vir opvoedkundige voorligting uitgesonder: die verskaffing van inligting, die begeleiding van die leerling om maksimum voordeel uit die skoolsituasie te verkry, en die voorkoming en remediëring van ongesonde skool- en lewenspraktyke.

Opvoedkundige voorligting hang ten nouste saam met persoonlikheids- en beroepsvoorligting. Dobie (1983:148) wys daarop dat hoewel die RGN (1981b:16-17) 'n skeiding maak tussen opvoedkundige- en beroepsvoorligting as selfstandige dienste wat elk sy eiesoortige opleiding vereis, beide met persoonlikheidsvoorligting verband hou en interafhanklik is.

#### 2.2.2.3 Die doel met beroepsvoorligting

Die RGN (1981b:18) definieer beroepsvoorligting as "'n omvattende en sistematiese beroeps- en onderwysprogram wat leerlinge sal help om 'n beroep te kies wat hulle in staat sal stel om die vaardighede, gesindhede en kennis te bekom wat nuttig is vir oorlewing en vordering in hul eerste beroep en latere loopbaan".

Beroepsvoorligting berus op twee komponente, naamlik selfkennis en beroepskennis (Steyn, 1978:737). Daarom sal die uiteindelike doel van die skoolvoorligter wees om die jeugdige, onmondige leerling te begelei om in staat te wees om self op 'n wetenskaplik-gefundeerde wyse 'n realistiese beroepskeuse uit te oefen, en om die beroepslewe gemotiveerd, positief, verantwoordelik en selfstandig te betree (Van der Walt, 1979:24). Dit spreek dus vanself dat die voorligter 'n vakkundig-gespesialiseerde professionele persoon moet wees.

Hoewel intensiewe beroepsvoorligting eers in die sekondêre skool plaasvind, moet die leerling reeds in die primêre skool bewus gemaak word dat 'n suksesvolle beroepstoekoms vooraf gegaan word deur volle aktualisering van vermoëns en ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid. Op hierdie wyse ontwikkel die leerling 'n realistiese arbeidsgesindheid, leermotivering en toekomsvisie (Steyn, 1978:736; Jacobs, 1988:6).

Beroepsvoorligting gaan hand aan hand met persoonlikheids- en opvoedkundige voorligting, omdat die hele persoonlikheid van die kind daarby betrokke is, en omdat die kind binne 'n onderwysopset beroepsleiding ontvang (Kruger, 1978:8; Hannaford, 1987:7).

Volgens Carstens (1976:17) is die doel met beroepsvoorligting in die VSA om:

(1) leerlinge leiding te gee in die keuse van die tipe beroep wat hulle wil volg en waarvoor hulle opgelei moet word en om inligting te verskaf oor werkgeleenthede in die verskillende beroepsvelde;

(2) leerlinge in samewerking met hul ouers en onderwysers te help om opleiding tot die hoogs moontlike vlak te ontvang in ooreenstemming met hul aanleg, potensiaal, belangstellings en geleenthede;

(3) behulpsaam te wees met die keuse van die juiste beroep na voltooiing van hul opleiding; en

(4) deur individuele en groepsvoorligting leerlinge en hul ouers te oriënteer met betrekking tot loopbaangeleenthede en -vereistes.

Avent (in Lytton & Craft, 1974:136) wys daarop dat beroepsvoorligting in die VSA 'n ondergeskikte rol speel teenoor opvoedkundige- en persoonlike voorligting, aangesien

leerlinge voltydse onderwys tot op agtienjarige ouderdom ontvang, en baie daarna na "liberal arts colleges" gaan vir verdere onderwys wat nie met 'n spesifieke professie te make het nie. Leerlinge in die VSA hoef dus nie so vroeg as hul eweknieë in Brittanje 'n beroepskeuse uit te oefen nie.

Alle sekondêre skole in Brittanje het een of meer beroepsvoorligters ("careers teachers") wat verantwoordelik is vir 'n beroepsvoorligtingsprogram gedurende die laaste 3 jaar van verpligte skoolbesoek (ouderdom 14-16 jaar). Hierdie program is daarop ingestel om leerlinge te begelei in selfverkenning, besluitneming, die verwerwing van onderwys- en beroepkennis, en die aanleer van vaardighede wat nodig is tydens die oorskakeling van skool na verdere opleiding of van skool na werk (Avent et al, 1983:476).

Wat Wes-Duitsland betref, val beroepsvoorligting nie binne die terrein van skoolvoorligting nie. Daar word slegs beroepskeusevoorligting op 'n baie elementêre vlak verskaf. 'n Afdeling van die federale wet stipuleer dat beroepsvoorligting en -plasing slegs deur die Departement van Arbeid hanteer mag word (Martin & De Volder, 1983:483). Die verantwoordelikhede van die beroepsvoorligtingsdiens van dié departement sluit in: individuele voorligting, hulp in die verkryging van werk, beroepsinligting aan ouers, studente en belanghebbendes, en die aanbieding van beroepsoriënteringsprogramme in skole (Schulz, 1982:272). Die doel met laasgenoemde programme is om die leerlinge te voorsien van inligting rakende beroepe

en naskoolse opleidingsgeleenthede; persoonlike behoeftes en die faktore wat die keuse van 'n beroep beïnvloed te bespreek en om 'n oorsig te verskaf van die dienste en inligting wat by elk van die werkverskaffingskantore verkrygbaar is (Schulz, 1982:273). By sommige sekondêre skole, veral Hauptschulen, word 'n vak bekend as "Arbeitslehre" van die sewende klas af vir 2 periodes per week aangebied. Benewens uitstappies, loopbaanstudies en individuele gesprekke, kry leerlinge hier die geleentheid om die posisie op die arbeidsmark deeglik te analiseer ten einde daaruit 'n oorsig oor die totale beroepsbestel in Wes-Duitsland te verkry. Andersins word leerplanne vir sekondêre skole so saamgestel dat sekere ekonomiese- en beroepsaspekte daardeur aangesny word wat uiteindelik as basis moet dien vir verdere reflekteerbare arbeidsverhoudinge (Beukes, 1976:76).

## 2.3 DIE BEGINSELS VAN 'N OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS

Die beginsels wat vervolgens uiteengesit word, geld vir al drie die komponente van skoolvoorligting. Die uiteensetting is geensins volledig nie, maar alleen 'n beklemtoning van die belangrikste basiese beginsels of uitgangspunte, soos waargeneem uit die literatuur wat bestudeer is.

### 2.3.1 Individualiteitsbeginsel

Elke mens is uniek en verskil van ander mense. Nordberg (1970:44) beskou die individualisering van die kind as die oorkoepelende en samevattende taak van die onderwys, en Steyn (1978:724) meen dat individuele verskille so vroeg as moontlik in 'n leerling se skoolloopbaan geïdentifiseer en opvoedkundige voorsiening daarvoor gemaak moet word. Die belangrikheid van dié beginsel vir voorligting word onderstreep deur Rousseau (1981:5): "Guidance is the service through which the depersonalization of the individual can be counteracted".

Vanweë die gedifferensieerdheid van persoonlike eienskappe en talente, moet die voorligtingsdiens voorsiening maak vir individuele behoeftes. Die doelwitte en implementering van enige voorligtingsprogram moet volgens Collison (1982:115) gebaseer wees op die evaluering van die behoeftes van die leerlinge waarvoor die program opgestel is. 'n Voorligtingsprogram moet daarom ook buigsaam en aanpasbaar wees, omdat behoeftes verskil en ook met verloop van tyd verander (Humphreys **et al**, 1967:16; Miles, 1986:100).

### 2.3.2 Totaliteitsbeginsel

Waar skoolvoorligting met elke leerling te doen het, het dit ook met elke leerling in sy totaliteit, dit wil sê met die hele mens te doen. Die eenheid van die persoon is van besondere belang, omdat die kind nie fragmentaries of kompartementeel benader kan word nie (Kruger, 1980:8; Humphreys **et al**, 1967:18). 'n Volledige persoonsbeeld van die kind is nodig tydens hulpverlening. Alle aspekte van sy menswees staan in noue verband met mekaar en beïnvloed mekaar onderling. So bestaan daar 'n wisselwerking tussen die algemene houding van die kind, sy gedrag en die keuses wat hy moet maak. Die intellektuele ontwikkeling van die kind kan byvoorbeeld benadeel word deur sy emosionele of liggaamlike ontwikkeling wat weer op sy beurt die kind se gedrag, skoolwerk en beroepskeuse beïnvloed.

### 2.3.3 Voorligting is 'n kontinue proses

Voorligting is 'n deurlopende, gestruktureerde, voorkomende proses wat dwarsdeur die leerling se skoolloopbaan moet strek (Van der Walt, 1979:16). Doeltreffende en effektiewe skoolvoorligtingsoptredes neem dus reeds in die primêre skool 'n aanvang, omdat die vestiging van 'n gesonde werksmotivering en korrekte studiemetodes hier die grondslag

lê vir elke leerling se vermoëns in sy hele skoolloopbaan en 'n gelukkige beroepslewe daarna (Avent et al, 1983:477; Miles, 1986:100). Omdat die kind ontwikkel, opgroei en volwasse word, moet hy deurentyd bygestaan word met raad en advies. Dit impliseer dat voorligting nie sporadies of slegs gedurende sekere ontwikkelingstadiums vir die kind beskikbaar moet wees nie, en dat voorligting tydens elke skoolstanderd en -fase aansluiting moet vind by die totale skoolvoorligtingsprogram. Wood et al, (1985:344) verklaar dan ook tereg: "A unified effort and single theme should run through the entire school structure from elementary school to high school with teachers and administrators as well as guidance personnel involved".

### 2.3.4 Voorligting word op twee vlakke hanteer

Hoewel skoolvoorligting nie slegs tot die terrein van 'n groepie spesialiste beperk word nie, is dit tog, sover dit deskundige hulp betref, 'n gespesialiseerde diens. Daar is dan ook in die praktyk twee vlakke van voorligting: die vlak van professioneel-deskundige, gespesialiseerde voorligting en dié van basiese voorligting, wat die taak van die onderwyser as opvoeder insluit. Die ideaal bly steeds dat die voorligteronderwyser wetenskaplik opgelei en professioneel toegerus sal wees, asook oor die regte persoonlikheid sal beskik, om sy taak met deskundigheid te

kan verrig. 'n Belangrike ooreenkoms tussen die twee vlakke van voorligting is dat daar by beide 'n egte belangstelling in en begrip vir die kind in sy besondere omstandighede sal bestaan (Kruger, 1980:10).

### 2.3.5 Voorligting is bedoel vir alle leerlinge

Die voorkomingsfunksie van voorligting impliseer dat dit die prerogatief van alle leerlinge is, en nie slegs vir probleemgevalle gereserveer is nie. Alleen wanneer die skoolvoorligtingsprogram op 'n aktiewe, betrokke wyse vanuit hierdie vertrekpunt aangebied word, kan elke leerling gehelp word om homself te ken en te aanvaar, 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel, persoonlike en emosionele probleme doeltreffend te hanteer en om toenemende verantwoordelikheid vir sy lewensloopbaan te aanvaar (Van der Walt, 1979:15; Nel & du Preez, 1981:421).

### 2.3.6 Voorligting moet op 'n formele en georganiseerde wyse verskaf word

Voorligting kan nooit tot sy volle reg kom as dit net deur die voorligteronderwyser behartig word nie. Die

verantwoordelikheid vir die voorligtingsprogram moet deur almal wat aan die skool verbonde is, gedra word, en die hulp en bystand van die ander personeellede moet altyd aanvullend en onderskragend wees (Van der Walt, 1979:19).

Suksesvolle voorligting vereis egter behoorlike beplanning en organisasie. Volgens Kruger (1974a:14) is geen voorligting verkieslik bo voorligting wat op ongeorganiseerde, losse, lukraak wyse aangebied word. Daarom moet voorsiening op die skoolrooster gemaak word vir alle aspekte van die program vir persoonlikheids-, opvoedkundige- en beroepsvoorligting. Dit sluit voldoende tyd vir groepwerk en individuele onderhoude in. Die daarstelling van geskikte hulpmiddels en voldoende fasiliteite, 'n behoorlik toegeruste lokaal vir groepwerk asook een wat spesiaal ingeruim is vir persoonlike onderhoude (vgl. Miles, 1986:101), is 'n noodsaaklikheid. Verder moet daar 'n behoorlike rekordstelsel vir elke leerling bestaan, sodat volledige gegewens beskikbaar is wanneer leerlinge vir gespesialiseerde hulp verwys word.

### 2.3.7 Voorligting moet in die stroom van opvoedkundige aktiwiteite bly

Die beginsels wat vir onderrig en opvoeding geld, geld ook in 'n groot mate vir die praktyk van skoolvoorligting.

Voorligtingsdienste maak 'n inherente en geïntegreerde deel van die opvoedkundige program van enige skool uit, en kan nie ten volle funksioneer as dit gesien word as 'n aanhangsel van die aktiwiteite by 'n skool nie (Humphreys et al, 1967:22). As sodanig dra skoolvoorligting direk by tot die verwesenliking van die skool se opvoedingsdoelstellings. Omdat voorligting egte opvoedingswerk is, is dit volgens Kruger (1980:11) duidelik dat dit nooit in systrome van nie-opvoedkundige aard mag beland nie.

### 2.3.8 Voorligting moet die kind met waardigheid bejeën

Voorligting is gebaseer op die erkenning van die waardigheid van die individu as mens in eie reg, asook die reg van laasgenoemde om vrylik keuses uit te oefen (Wood et al, 1985:344). Die kind as onvolwassene moet egter nog gelei word tot verantwoordelike en verantwoordbare keuses. Die mate waarin die kind vryheid van keuse verkry, sal grootliks afhang van sy ontwikkelingsvlak en volwassenheid. Lindhard (1981:41) wys daarop dat daar al kritiek teen voorligting uitgespreek is omdat dit soms gebruik word om individue te vorm volgens 'n bepaalde ideologie of waardesisteem, of om 'n leerling te lei in 'n bepaalde beroepskeuse waar hy/sy nie self die keuse kon uitoefen nie. Dit druis totaal in teen die basis van enige voorligting. Hays (1987:41) maak

bogenoemde beginsel 'n uitgangspunt vir alle voorligtingswerk:

"Guidance programs must help students make considered choices about their educational and/or career futures. The counselor must help the student analyse the possibilities and consequences of what may happen should one decide among many courses of action. This means that counselors should think holistically. They must be open-minded and free of any personal bias that may influence the advice they provide the student".

## 2.4 SKOOLVOORLIGTINGSPROGRAMME

### 2.4.1 Inleiding

Lindhard (1981:42) stel drie vereistes aan 'n effektiewe voorligtingsprogram: dit moet reeds in die primêre skool begin, in die sekondêre skool moet dit verband hou met die ontwikkelingsfases van die leerlinge, en die sillabus vir voorligting moet aanpasbaar wees. Hays (1987:41) merk in dié verband op:"An excellent guidance program should provide students with as much information about as many educational and/or career alternatives as possible".

In paragraaf 2.2.2 is aangetoon dat voorligting uit drie komponente bestaan, naamlik persoonlikheids-, opvoedkundige- en beroepsvoorligting. Dit is duidelik uit die literatuur wat bestudeer is dat die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland nie op presies dieselfde manier voorsiening maak vir die aanbieding van hierdie komponente nie. Hoewel die bestek van hierdie studie 'n beskrywing van die werk wat in die praktyk gedoen word onmoontlik maak, word die aard en inhoud van die voorligtingsprogramme van die drie lande kortliks beskryf. Al verskil die lande wat voorligtingskurrikula betref, word in al die gevalle vir groep- en individuele voorligting voorsiening gemaak. Daarom sal daar in paragraaf 2.4.3. en 2.4.4 verder op dié twee aspekte ingegaan word. Laastens word die evaluering van voorligtingsprogramme bespreek.

### 2.4.2 Die aard en inhoud van skoolvoorligtingsprogramme

#### 2.4.2.1 Skoolvoorligting in die VSA

Volgens Lytton & Craft (1974:161) het daar 'n behoefte aan voorligting in die VSA ontstaan deels as gevolg van die kompleksiteit van die skoolsisteem, wat spesialisasie meegebring het. Voorligting is dan enersyds 'n metode om

die talente van kinders te ontdek, te ontwikkel en langs die regte kanale te lei en so die ekonomiese doelwitte van die land te verwesenlik. Andersyds is voorligting 'n vorm van persoonlike diens aan die "psychologically lame" en die minderbevoorregte, en as sodanig vorm dit deel van die verskeie spesiale projekte om gelyke geleenthede vir almal te verseker as deel van die "War on poverty".

Die aard en inhoud van skoolvoorligtingsprogramme word hoofsaaklik bepaal deur individuele skooldistrikte en in 'n groot mate deur die skole self, en word beïnvloed deur die aantal professionele personeel wat beskikbaar is (die skoolraad besluit watter gedeelte van die begroting aan voorligting gewy moet word). Verder speel die skoolhoof 'n sentrale rol in die tipe program wat aangebied word. Indien skoolvoorligters 'n verantwoordbare en aanvaarbare konsepplan aan 'n hoof kan voorlê, word hulle dikwels kans gegun om so 'n stelsel te implementeer (Carstens, 1976:71; Gorton, 1976:301).

Gedurende die laaste helfte van die sestigerjare het voorligting in die primêre skool 'n bloeitydperk belewe, veral na die aanname van die "National Defence Education Act" van 1965 (Gumaer & Hoffman 1980:300). Klem val gedurende hierdie skoolfase op persoonlike en interpersoonlike probleme, veral dié wat aanleiding gee tot leerprobleme en afwykende gedrag in die klaskamer. Dit word hoofsaaklik by wyse van groepvoorligting gedoen, wat gerig is op die sedelike

selfstandigwording van die laerskoolkind (Carstens, 1976:41, 71).

Daar bestaan ook buite die skool gespesialiseerde dienste waarheen leerlinge verwys kan word, soos die "Psychiatric Services", en die "School Attendance Service" (RGN, 1972:37).

Voorligting by junior hoërskole (die eerste 3 jaar wat volg op 'n 6 jaar laerskoolopleiding) is oor die algemeen van 'n hoë standaard. Voorligters spandeer baie tyd in groepvoorligting aan temas soos selfkennis. Aangesien vakkeuses en beroepsvoorligting minder aandag verg as by senior hoërskole ('n voortsetting van die junior hoërskool, wat die laaste 3 jaar in 'n onderwysstelsel volgens die 6-3-3-plan behels), word die voorligter se tyd hier in beslag geneem deur onderpresteerders, oriëntering van leerlinge uit die primêre skool en individuele onderhoude. Teen die einde van die junior hoërskoolfase is die voorligteronderwyser die leerlinge behulpsaam met vakkeuses vir die senior hoërskool (Carstens, 1976:41, 71-72).

Die vrye-keusestelsel aan komprehensiewe hoërskole maak vak- en vlakkeuse 'n gekompliseerde aangeleentheid. Veral aan die senior hoërskole is dit 'n gespesialiseerde en veeleisende taak. Voorligting aan leerlinge in verband met kollege- en universiteitstoelating is in baie hoërskole die hooftaak van die voorligter. Persoonlikheidsvoorligting word ten koste van laasgenoemde afgeskeep. Volgens Cartens

(1976:72) is daar ook weinig sprake van beroepskeusevoorligting, omdat voorligters in die meeste gevalle oor onvoldoende inligting beskik. Skoolsielkundiges wat diagnostiese en terapeutiese werk doen, is aan sommige van die skole verbonde, maar leerlinge word ook na voorligtingsdienste buite die skool verwys (vgl. paragraaf 2.5.4.1).

Uit die beskikbare literatuur kan geen bevestiging verkry word dat daar op die skoolrooster voorsiening gemaak word vir 'n voorligtingsperiode vir elke klas of groep nie. Dit blyk dat groepbesprekings hoofsaaklik na skool geskied en individuele onderhoude meestal gedurende skoolure plaasvind.

Samevattend kan gesê word dat die doelstellings met skoolvoorligting, soos algemeen onderskryf in die VSA, nie ten volle in die praktyk realiseer nie. In 'n onlangse studie (Hargens, 1987:11) is bevind dat voorligters aan senior hoërskole minder as 10 persent van hul tyd aan persoonlikheidsvoorligting afstaan en 'n derde van hul tyd besig is met inligting-verskaffing en administratiewe pligte. Die studie het verder getoon dat voorligters aan junior hoërskole 44 persent van hul tyd aan aktiwiteite spandeer wat niks met voorligting te make het nie, terwyl 50 persent van hul tyd in beslag geneem word deur inligting-verskaffing en administratiewe en ondersteunende take.

### 2.4.2.2 Skoolvoorligting in Brittanje

Die skoolstruktuur in Brittanje verskil aansienlik van dié in die VSA. Tog toon Stewart (1983:507) aan dat, wat voorligting betref, sterk op die teorie en praktyk van die Amerikaners geleun word.

Voorligting as spesialis-vakgebied het gedurende die laat sestigerjare in Brittanje ontstaan. Die fokus was oorspronklik op omgewingsfaktore wat 'n beperkende invloed op leerlinge se intellektuele-, liggaamlike, sosiale- en emosionele ontwikkeling het, asook gesonde kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis (Arent **et al**, 1983:477). Mettertyd het verwysing na ander instansies buite die skool en interprofessionele skakeling eie geword aan die skoolvoorligtingstelsel.

Die voorligter in die primêre skool word gesien as 'n konsultant en skakelpersoon vir kollegas wat probleme ondervind met die diagnosering van leer- of gedragsprobleme. Die fokus val gedurende hierdie skoolfase op die voorkomende aspek van voorligting en die skep van geleenthede vir groei en ontwikkeling (Avent **et** al, 1983:476).

Die hoeveelheid tyd wat aan voorligting gedurende die sekondêre skoolfase bestee word, wissel van skool tot skool. Al drie komponente van voorligting word gedek. Die klem

in opvoedkundige- en beroepsvoorligting val op die gee van raad en advies, en die benadering in al drie komponente is nie-direktief. Voorligting is gedurende hierdie skoolfase hoofsaaklik gerig op die voorkoming van gedrags- of persoonlike probleme, en die antisipering van opvoedkundige- en beroepskeuses (Lytton & Craft, 1974:14).

'n Interessante verskynsel in die Britse voorligtingstelsel is die sterk pastorale tradisie. "Pastoral Care" word deur "school social workers" behartig, waarskynlik omdat skoolvoorligters onvoldoende opgelei is vir dié taak (Stewart, 1983:508), en is gerig op leerlinge met emosionele-, sosiale en aanpassingsprobleme (Lytton & Craft, 1974:162). Volgens Hughes (1985:15) is daar ten spyte van vele teenstrydighede rondom die ontwikkeling van die "pastoral care"-stelsel, onweerlegbare bewyse dat dié stelsel, en nie voorligting ("counseling") nie, die amptelike kurrikulum is waarlangs die bevordering van leerlinge se sosiale en persoonlike ontwikkeling geskied.

In 'n poging om beroepsvoorligting tot sy reg te laat kom, is die "Careers Service" tot stand gebring. Hierdie diens dien as skakel tussen die skool en die beroepswêreld, en word gerugsteun deur die Departement van Arbeid. Voorligteronderwysers word voorsien van inligting rakende beroepsmoontlikhede, publikasies en films, en ontvang hulp met die voorbereiding en soms ook aanbieding van lesse in beroepsvoorligting. Verder word sprekers vanuit die handel en nywerheid asook besoeke vir voorligteronderwysers na

verskeie instansies gereël. Die loopbaanbeamptes van die diens werk nou saam met die leerlinge: onderhoude word gevoer, psigometriese toetse afgeneem en belangstellingsvraelyste voltooi. Ook die ouers word in groepe of individueel betrek. Verder besoek die loopbaanbeamptes ook werkgewers en tree sodoende as skakelpersone op tussen die skoolvoorligtingpersoneel en die beroepswêreld. Laastens werk hulle ook nou saam met die "Manpower Services Commission", wat o.a. werklose jong mense behulpsaam is met opleiding in beroepsrigtings waar daar vakante betrekkings is (Beck, 1979:78; Avent et al, 1983:478).

Buiten bogenoemde loopbaandiens, is daar ook nog die kinderleidingkliniek en die skoolsielkundige diens waarna leerlinge vir gespesialiseerde hulp verwys kan word. Sover vasgestel kon word, word daar vir kinders met spesifieke leergestremdhede voorsiening gemaak, hoewel daar geen remediërende sentra bestaan nie. Verder word daar vir hulpverlening aan die gedragsgestremde kind by kliniekskole en vir verstandelik-gestremde leerlinge deur middel van gedifferensieerde leergange en metodes, of in ernstige gevalle, by spesiale skole, voorsiening gemaak (vgl. Joubert, 1975:64-89).

#### 2.4.2.3 Voorligting in Wes-Duitsland

Die pluralistiese, demokratiese samelewing wat na die Tweede Wêreldoorlog in Wes-Duitsland tot stand gekom het, het voorligting en alle aspekte wat daarmee verband hou, grootliks beïnvloed (Martin & De Volder, 1983:482). Hoewel 'n hoogs geïndustrialiseerde land, is die onderwysstelsel gebruik om die totale politieke, ekonomiese en sosiale bestel te herstruktureer, asook om aan die landsburgers 'n nuwe nasionale identiteit te verskaf (Herr & Denga, 1981:326).

Die skoolvoorligtingsprogramme in Wes-Duitsland is so saamgestel dat daar vir skoolloopbaanvoorligting (opvoedkundige voorligting), individueel-psigologiese voorligting (persoonlikheidsvoorligting) en in 'n mindere mate vir beroepsvoorligting voorsiening gemaak word.

Skoolloopbaanvoorligting maak voorsiening vir voorligting aan sekere leerlinge en hul ouers ten aansien van onderwys- of skoolloopbaanmoontlikhede. Die inhoud van hierdie programme bestaan uit inligting betreffende skooltipes, skoolkursusse, vakke en vakkombinasies, beroeps- en finansiële implikasies, en toelatingsvereistes tot studierigtings (Beukes, 1976:80).

Persoonlikheidsvoorligting word hoofsaaklik deur die skoolpsigoloog behartig. Verskeie psigologiese toetse, waaronder intelligensie-, persoonlikheids- en

vaardigheidstoetse, belangstellingsvraelyste, grafiese ekspressiemedia en projeksietegnieke word individueel en in groepverband afgelê. Hierdie media word grootliks ingeskakel tydens skoolgereedheidsondersoeke, bekwaamheidsondersoeke met die oog op plasing in hulpklasse of in bepaalde onderwysrigtings en wanneer leer- of ander skolastiese probleme ondervind word (Beukes, 1976:80). Daar is nie werklik sprake van skoolklinieke nie en pedagogiese terapie word nie as die taak van die psigoloog beskou nie. Leerlinge word in geval waar laasgenoemde benodig word, na buite-instansies verwys (Joubert, 1975:63-92).

Wat beroepsvoorligting betref, is die werk van die voorligtingburo's volledig in paragraaf 2.2.2.3 beskryf, en dit word dus nie hier herhaal nie. Dit word slegs weereens beklemtoon dat hierdie aspek van voorligting grotendeels buite skoolverband behartig word.

### 2.4.3 Individuele voorligting

Elke situasie waar die kind in individuele verband doelbewus deur die voorligteronderwyser of 'n ander lid van die personeel hulp en bystand in verband met opvoedkundige-, persoonlike- of beroepsaangeleenthede ontvang, kan as 'n vorm van individuele voorligting beskou word. In die

skoolsituasie bestaan individuele of persoonlike voorligting grootliks uit 'n onderhoud of reeks onderhoude wat die voorligteronderwyser met 'n leerling voer om laasgenoemde in een of ander probleemsituasie by te staan (Van der Walt, 1979:41).

Die doel van die individuele voorligtingsdiens is uit die aard van die saak dieselfde as dié van skoolvoorligting in die algemeen. Die prosedure is egter meer intiem en individueel van aard (Rodgers, 1981:8). In die drie lande wat bestudeer is, word individuele voorligting as 'n diens aan leerlinge binne en buite skoolverband aangebied. Dit is hoofsaaklik diagnosties en terapeuties van aard, maar kan ook inligtend van aard wees.

In paragraaf 2.2.1 is aangedui dat die Engelse begrip "counselling" beter weergegee kan word as "berading". Kruger (1978:3) beskou berading as die hart van individuele voorligting, omdat daar 'n egte, ope ontmoeting tussen opvoeder en leerling plaasvind. Hierdie besondere individuele gespreksituasie tussen voorligter en leerling is egter volgens laasgenoemde skrywer nie nog 'n gewone geselsie, of selfs 'n meer formele onderhoud tussen onderwyser en leerling nie, maar 'n ontmoeting wat al die elemente van beraadslaging, gefundeer op vakkundige grondslae en kennis, insluit.

Individuele voorligting moet gesien word as professionele hulp in die skoolsituasie waar 'n gekwalifiseerde, opgeleide

spesialis die leerling tot 'n realistiese insig en begrip betreffende sy eie probleme, onduidelikhede en keuse-uitoefening lei, maar hom terselfdertyd bewus maak van sy potensiaal en tekortkominge. In hierdie proses word gebruik gemaak van aanvaarbare psigologiese en opvoedkundige beginsels, tegnieke en metodes, o.a. wetenskaplike meting en evaluering, persoonlike onderhoude, die skep van situasies waar leer en ontwikkeling kan plaasvind, ens. (Gibson & Mitchell, 1981:260; Van der Walt, 1979:41).

### 2.4.4 Groepvoorligting

Voorligting as opvoedingshandeling kan gerig wees op die individuele leerling, maar is ook 'n groepsaktiwiteit. Met groepvoorligting word gewoonlik gepoog om doelstellinge te verwesenlik wat nie deur individuele voorligting bereik kan word nie. Dit moet egter nie as 'n plaasvervanger vir individuele werk gesien word nie, maar eerder as 'n noodsaaklike aanvulling, en selfs verlengstuk, daarvan.

Groepvoorligting is nie individuele voorligting wat op groepe toegepas word nie. Dit is 'n metode wat gebruik word om individuele lede van 'n groep met hul eie probleme te help. Van der Walt (1979:25) stel dit soos volg: "Dit is 'n deeglik beplande proses wat onder andere ook identifisering met,

analise deur en ondersteuning van die groep insluit en vind in 'n formele, georganiseerde en beskermende groep plaas". Groepvoorligting sluit daardie aktiwiteite binne die organisasie van 'n voorligtingsprogram in waar verskeie leerlinge vergader, op mekaar 'n invloed uitoefen, inligting oor gemeenskaplike sake verkry, idees wissel en uitruil, vir hul toekoms beplan en sekere beslissings maak. Volgens Ohlsen (1974:143) vind adolessente dit makliker om hul probleme in groepverband te bespreek as tydens individuele voorligting. Die inligtende en voorkomende aspek van voorligting tree sterk na vore tydens groepwerk, en as gevolg hiervan kan leerlinge tot nuwe en veranderde insigte kom, mekaar van hulp wees en stimuleer, sosiale vaardighede ontwikkel, en hul prestasies verhoog. Laastens kom jeugdiges deur groepbesprekings tot selforiëntering, veral wat beroepskeuse-aanvaarding betref (Le Roux, 1982:83).

Die situasie in groepwerk toon groot ooreenkoms met gewone vakonderwys omdat hier ook sprake is van 'n omgangsverhouding, te wete dié tussen die voorligteronderwyser wat as leier optree, en die opvoedelinge. Net soos in die gewone onderwyssituasie word die omgangsituasie soms verander in 'n ontmoetingsituasie waar opvoeding plaasvind, en daarna tree die ontmoetingsituasie weer terug tot 'n omgangsituasie (Van Niekerk, 1967:45).

Daar bestaan egter ook wesenlike verskille by die groep wat vir skoolvoorligting saamgestel is en groepe by gewone

vakonderrig. Die verskille sentreer hoofsaaklik om die uitgangspunt dat die voorligteronderwyser of spesialis oor 'n groot mate van vryheid beskik sover dit die keuse van leerstof en die metode van aanbieding betref, aangesien die leerlinge nie aan 'n eksamen onderworpe is nie. Dit beteken nie dat daar minder gedoen word nie, maar eerder dat klem gelê word op die behoeftes van die leerling (Van der Walt, 1979:25; Van Niekerk, 1967:45).

Gibson & Mitchell (1981:297) onderskei tussen 3 vlakke van groepvoorligting. Eerstens is daar die vlak van inligtingverskaffing, wat hoofsaaklik toegespits is op die voorkoming van probleme en bevordering van besluitnemingsprosesse. Tweedens is daar die vlak van berading, wat roetine aanpassings- en ontwikkelingsprobleme en behoeftes van individue (leerlinge) as fokuspunt het, en laastens die vlak van terapie, wat konsentreer op ernstige probleme in laasgenoemde verband.

Hoewel daar nog vele positiewe gedagtes oor die gebruikswaarde van groepvoorligting uitgespreek kan word, dui die praktyk aan dat die resultate wat met behulp van groepaktiwiteite verkry is, veral in die skoolsituasie, relatief klein en oor die algemeen onbevredigend is (vgl. studies deur Hood et al, 1981:265). Verskeie redes word hiervoor aangevoer, onder andere die oorbeklemtoning van individuele voorligting en teensinnigheid om met groepe te werk (Carroll, 1985:2-3), onvoldoende opleiding aan persone wat groepvoorligting moet behartig (Monson & Brown, 1985:33),

en 'n wanbegrip omtrent die inhoud en metode van groepvoorligting (Van der Walt, 1979:29).

### 2.4.5 Die evaluering van skoolvoorligtingsprogramme

Die behoefte aan evaluering in voorligting word algemeen deur skrywers en navorsers erken en aanvaar. Sonder om die metodes van of modelle vir evaluering volledig te bespreek, is dit nodig om op hierdie stadium van die studie te wys op die belangrikheid van evaluering.

Verskeie skrywers (waaronder Humphreys **et al**, 1967:243; Robie **et al**, 1979:147; Gibson & Mitchell, 1981:38 en Carroll, 1985:4) toon aan dat daar 'n gebrek aan evaluering op gekoördineerde grondslag bestaan. Waar evaluering wel gedoen word, is voorligters in baie gevalle geneig om te fokus op die aantal ontmoetings tussen die voorligter en leerling, die tipe probleme wat hanteer is, of die hoeveelheid veranderings in vakke of kursusse wat teweeggebring is, in stede daarvan om die effek wat die diens of program op die leerling het, te evalueer (Mitchell, 1985:24).

Die primêre doel met evaluering is om die kwaliteit en effektiwiteit van 'n spesifieke program te ondersoek en die program aan te pas of te verbeter (Humphreys **et al**, 1967:237; Downing, 1968:360-361). Volgens Ohlsen

(1974:430) moet voorligters hul dienste voortdurend evalueer, om hulself te kan verantwoord met betrekking tot fondse, personeel, toerusting en fasiliteite wat benodig word. Gibson & Mitchell (1981:380) sê in dié verband: "Evaluation... is first and foremost a process for professional improvement, a process in which one gathers objective, performance-orientated data on a systemic and nonbiased basis. These data one then utilizes as information that leads to constantly improving, upgrading and updating one's professional performance".

Die mees algemene probleme wat evaluering kortwiek, is beskikbare tyd, kwalifikasies van personeel wat vir evaluering verantwoordelik is, toepaslike kriteria waarteen geëvalueer kan word, en die moontlike negatiewe invloed van evaluering op die onderwys (Bardo **et al**, 1978:204; Robie **et al**, 1979:147; Lewis, 1983:111). Nie een van bogenoemde probleme is egter onoorbrugbaar nie. Die probleem rondom toepaslike kriteria vir evaluering kan as illustrasie dien. Die eerste stap om hierdie probleem te bowe te kom, is om die voorligtingsprogram te definieer, aangesien evaluering 'n natuurlike uitvloeisel van so 'n program is (Hargens, 1987:13). Die doelstellings moet omskryf word in terme van meetbare gedragsveranderinge by leerlinge, soos bv. akademiese prestasie, verhoudinge met die portuurgroep, aanpassing, houdings, selfkonsep, studiegewoontes ens. (Lewis, 1983:112-113). Hierdie omskrywing van die voorligtingsprogram moet geskied binne die raamwerk van die jaar- of langtermyn program, en indien laasgenoemde

programme nie bestaan nie, kan die doelstellings met die verskillende komponente van voorligting as basis dien (Mitchell, 1985:25). Dat die behoeftes van die leerlinge tydens hierdie omskrywing bepaal en in ag geneem moet word, word onderstreep deur onder andere Carroll (1985:4) en Mason **et al.** (1984:274).

Die sleutel tot 'n volledige en suksesvolle voorligtingsprogram is 'n verantwoordbare sisteem van evaluering. In so 'n sisteem is die klem op die sukses en resultate van die program en nie op die voorligter self nie; die benadering is ontwikkelingsgeoriënteerd en nie probleemgesentreerd nie, en die hele personeel word by risiko-gevalle betrek (Mitchell, 1985:26).

## 2.5 DIE ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN OPVOEDKUNDIGE HULPDIENSTE

### 2.5.1 Inleiding

In die drie lande wat bestudeer is, kan voorligting as 'n hulpdiens binne of buite die skool aangebied word. In die VSA byvoorbeeld, waar voorligtingsdienste op enkele uitsonderings na die werk van nie-onderwysinstansies is, is

daar twee uiteenlopende standpunte oor die verskaffing van die dienste, naamlik enersyds diegene wat van mening is dat die voorligter verantwoording moet doen aan die hoof van die voorligtingsdiens en nie aan die hoof van die betrokke skool nie. Ander weer, is van mening dat die skoolhoof die persoon moet wees aan wie verantwoording gedoen behoort te word (vgl. Goldman et al, 1978:319-322).

Vervolgens word die beheer en kontrole van Opvoedkundige Hulpdienste, asook die organisasie van voorligting binne en buite skoolverband in die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland kortliks bespreek. Laastens word ook aandag geskenk aan die opleiding en kwalifikasies van personeel wat vir voorligting verantwoordelik is.

### 2.5.2 Die beheer en kontrole van Opvoedkundige Hulpdienste

#### 2.5.2.1 Verenigde State van Amerika

In die VSA val die skoolvoorligtingsdiens as 'n afdeling van die onderwysstelsel binne die raamwerk van die onderwysstruktuur. Elke staat hanteer sy eie onderwyssake en lê sy eie wetgewing neer ten opsigte van onderwys. Die staat beklee weer die skooldistrikte met magte vir die

daarstelling van 'n onderwysstelsel. Binne hierdie onderwysstelsel van die distrik moet die verkose skoolraad onder andere sorg vir 'n skoolvoorligtingstelsel en die nodige personeel (Carstens, 1976:68).

In groter en welvarender distrikte word soms 'n assistent-skoolsuperintendent aangestel wat beheer uitoefen oor die hulpdienste aan skole. Hy staan slegs in 'n adviserende hoedanigheid teenoor die skoolhoofde. Laasgenoemde het in die meeste gevalle die grootste invloed op die praktyk van voorligting by 'n skool. Onder die skoolhulpdienste ressorteer skoolsielkundiges, maatskaplike werkers, skoolverpleegsters, voorligters en soms ook psigiaters (Carstens, 1976:68-69; Gibson & Mitchell, 1981:72-77).

**2.5.2.2 Brittanje**

Die Direkteur van Onderwys van elke plaaslike onderwysowerheid, oftewel die "Local Education Authority", is verantwoordelik vir die beleid van die skoolhulpdienste in sy gebied. Hierin word hy bygestaan deur die onderskeie hoofde van die skoolhulpdienste, naamlik die psigiater (Child Guidance Service), die "area educational psychologist" (School psychological service) en die hoof van die Loopbaandiens (Careers Service).

Die beleid wat deur die verskillende plaaslike owerhede gevolg word, is gegrond op wetgewing deur die Britse parlement. Sodanige wetgewing plaas die verantwoordelikheid op die "Local Education Authority" om die nodige dienste te verskaf, maar laat terselfdertyd ruimte wat die implementering van wetgewing betref. Daar bestaan dus in breë verband gelykvormige dienste vir elke gebied, hoewel die implementering daarvan van gebied tot gebied verskil (Joubert, 1975:57-58).

### 2.5.2.3 Wes-Duitsland

Elk van die elf Länder (provinsies) van Wes-Duitsland aanvaar volle verantwoordelikheid vir sy eie onderwys en voorligting. Die Standige Konference der Kultusminister der Länder wat in 1948 in die lewe geroep is, handhaaf egter die mandaat oor die onderwys en voorligting in Wes-Duitsland (Beukes, 1976:76). In hierdie liggaam is die hoofamptenaar van elke provinsie belas met kulturele aangeleenthede, verteenwoordig. Die skoolraad van elke provinsie ressorteer onder die minister van onderwys en wetenskap van die betrokke provinsie en hou toesig oor die skole in die gebied. Die skoolvoorligtingsdiens beklee egter 'n outonome posisie binne die totale onderwysadministrasie vanweë die besondere personeel-samestelling, status en funksie-verdeling daarvan.

Die skoolhulpdiens van elke provinsie staan onder die beheer van 'n Direkteur wat op sy beurt weer regstreeks verantwoording verskuldig is aan die Kultuurminister van die provinsie. Alhoewel die Direkteur 'n belangrike rol in die bepaling van beleid speel, word die beleid ook beïnvloed deur die Onderwysraad asook deur die betrokke Landsraad (Joubert, 1975:60).

Aan die hoof van die voorligtingsdiens staan die minister en die skoolraad as administratiewe en toesighoudende instansies en direk daaronder 'n hoofkantoor met administratiewe en uitvoerende gesag. Verder word dit verdeel in streeks- en plaaslike kantore, elk met slegs uitvoerende gesag (Beukes, 1976:77).

### 2.5.3 Die organisasie van voorligting binne die skool

#### 2.5.3.1 Verenigde State van Amerika

Ofskoon skoolvoorligting in die VSA hoofsaaklik die werkterrein van nie-onderwysinstansies is, maak dit deel uit van die amptelike onderwysprogram en vorm dit 'n eenheid met die amptelike skoolorganisasie en beheer. Die skoolvoorligters in die VSA is dus geïntegreer by en 'n deel

van die skoolpersoneel. Voorligting word hanteer deur onderwysers en skoolhoofde, voorligters wat ook op 'n deeltydse basis onderwys gee, en voltydse voorligters wat aan groepe leerlinge toegewys word.

Die skoolhoof is verantwoordelik vir die administrasie van voorligting op skoolvlak. Sy leierskapsfunksie ten opsigte van voorligting behels onder andere hulp aan voorligters om die voorligtingsprogram so effektief moontlik te laat verloop; om voorligters attent te maak op die behoeftes van leerlinge, onderwysers en ouers; om 'n duidelike begrip by leerlinge, onderwysers en ouers vir die voorligtingsprogram en rol van die voorligter aan te kweek en hulp met evaluering van die voorligter en die voorligtingsprogram (Gorton, 1976:301). Die meeste skole beskik oor 'n "guidance director", wat òf die hoof-voorligter òf die enigste voorligter kan wees, en wie se take primêr administratief van aard is (Downing, 1968:259). Die rol en funksie van die voorligter, asook die verskillende fasette en omvang van sy pligte, is reeds in 1967 duidelik uiteengesit in 'n dokument van die "American Personnel and Guidance Association" (Ohlsen, 1974:26). Ook het die "American School Counselor Association" in 1984 twee dokumente die lig laat sien wat die verantwoordelikhede van die voorligter ten opsigte van die implementering van 'n beroepsvoorligtingsprogram duidelik omskryf (Minkoff, 1987:53). Dit word verder ook van elke vakonderwyser verwag om goed ingelig te wees omtrent die voorligtingsprogram en 'n aktiewe rol in die aktiwiteite daarvan te speel (Downing, 1968:36; Gibson & Mitchell,

1981:69-72). 'n Komprehensiewe voorligtingsprogram sluit ook die dienste van 'n skoolsielkundige, maatskaplike werker en skoolverpleegster in (vgl. paragraaf 2.5.4.1).

Verskeie instansies, waaronder die ministerie van onderwys, publiseer gereeld riglyne ten opsigte van fasiliteite vir voorligting (Nordberg, 1970:132). Wat die tydsduur vir skoolvoorligting op die skoolrooster betref, blyk dit dat die situasie in die algemeen onbevredigend is, en skoolvoorligters dikwels van tye buite normale klastye gebruik moet maak vir individuele werk (Aubrey, 1982:202).

Voorligters in die VSA maak ook toenemend gebruik van rekenaars in hul onderrig en om hul administratiewe las te verlig. Verskeie voorstanders van die rekenaar wys daarop dat dié hulpmiddel voorligters in staat stel om hul tyd meer effektief te benut, en om akkurate en resente inligting vinnig te bekom (vgl. Terril, 1987:20). Teen 1983 was daar reeds 25 rekenaar-gesteunde voorligtingstelsels in die VSA beskikbaar (Sampson & Pyle, 1983:284) en teen 1985 meer as 1 miljoen mikro-rekenaars in skole in gebruik (Campbell & Dobson, 1987:149).

Dit blyk uit die beskikbare literatuur asof daar deeglik rekening gehou word met al drie komponente van skoolvoorligting. Tog word die meeste van die voorligtingspersoneel se tyd in beslag geneem deur administratiewe pligte en onderwysvoorligting waarby voorligting oor kolleges en universiteite ingesluit word

(Hargens, 1987:11; Hannaford, 1987:3). Persoonlikheidsvoorligting word in 'n groot mate behartig deur skoolsielkundiges aan die skool of deur besoekende beamptes van die distrik se sentrale dienste. Beroepsvoorligting en beroepskeusevoorligting bly die taak van die skoolvoorligter self (Carstens, 1976:69).

### 2.5.3.2 Brittanje

Die huidige situasie in Brittanje is taamlik verwarrend, en enige poging om dit te beskryf, moet met versigtigheid benader word want daar is te min konkrete feite om 'n geheelbeeld te verskaf. Die voorligtingsprogram binne die skool sien kortliks soos volg daar uit: die skoolhoof en sy hele personeel is vir onderwysvoorligting verantwoordelik, terwyl beroepsvoorligting die taak van die "careers teacher" is (Haasbroek, 1970:5).

Hoewel die plaaslike owerheid riglyne vir die praktyk neerlê bepaal die skoolhoof vanuit die aard van sy posisie die rigting en omvang van voorligting binne die skool. 'n Klein persentasie van alle skole in Engeland en Wallis, ongeveer 10%, het 'n voorligter op die personeel, wat verantwoordelik is vir hantering van persoonlike en akademiese probleme van leerlinge (Avent **et al**, 1983:476-477; Hughes, 1985:17). Die voorligter moet egter ook gewone vakonderwys gee, wat

inbreuk maak op sy voorligtingswerk (O'Leary & Adams, 1986:28). Verder het nuut-aangestelde voorligters te staan gekom teen 'n reeds sterk gevestigde pastorale tradisie in die skole en professionele persone soos die "careers teacher" en careers officer", wat 'n rolverwarring meegebring en die voorligters baie ongewild gemaak het (Stewart, 1983:508). Daar kan dus afgelei word dat die skoolvoorligter in Brittanje homself in 'n baie onbenydenswaardige posisie bevind. Laastens is daar in die meeste sekondêre skole in Brittanje 'n deeltydse "careers teacher", en in enkele gevalle een op 'n voltydse grondslag. Hy is saam met die personeellede wat in die loopbaanprogram betrek is, verantwoordelik vir die uitvoering daarvan (Joubert, 1975:72; Avent et al, 1983:476).

Sedert die begin van die tagtigerjare was daar duidelike pogings om die opvoedkundige-, beroeps- en persoonlikheidsaspekte van die skool se funksie op 'n gesonde grondslag te plaas, en het leerlingvoogde, standerdvoogde, "house heads", "careers teachers" en voorligters toenemend as 'n span begin saamwerk. Daar is tans groter erkenning vir die bydrae wat voorligting as 'n ondersteunende diens kan maak asook die beroepsimplikasies van onderwyskeuses, in so 'n mate dat loopbaanbeamptes uitgenooi word na vakkeuse-vergaderings by skole (Hughes, 1985:18). Die rekenaar word ook toenemend ingespan as hulpmiddel in voorligting, en verskeie programme (vgl. Sugarman, 1986:4-8) het die afgelope paar jaar die lig gesien.

#### 2.5.3.3 Wes-Duitsland

Volgens Chamberlain (1979:40) het die onderwysstelsel in Wes-Duitsland tot die middel-sestigerjare min ruimte gelaat vir voorligting, vanweë die besondere struktuur en aard daarvan, en was daar slegs sprake van beroepsvoorligting en -plasing op beperkte skaal deur die Departement van Arbeid. Die Onderwysraad wat na die hervormingsplan van 1970 in die lewe geroep is, het egter verklaar dat voorligting ontwikkel moet word tot 'n onontbeerlike element in die onderwyssisteem. Die onderwyshervormings van 1972 het onder andere teweeggebring dat 'n wye verskeidenheid vakke en studierigtings in die sekondêre fase by alle Gimnasiums aangebied word, en hierdie verandering in skoolorganisasie en -kurrikula het 'n groot behoefte aan voorligteronderwysers wat verantwoordelik kon wees vir oriëntering en opvoedkundige- en beroepsvoorligting laat ontstaan (Martin & De Volder, 1983:483). In 1973 het 'n Gesamentlike Kommissie van die federale regering en die elf provinsies 'n raamwerk saamgestel vir die ontwikkeling van voorligting. Daar is toe as doel gestel dat die leerling-sielkundige verhouding teen 1985 5000-1 moet wees en dié van leerling-voorligteronderwys 500-1 (Chamberlain, 1979:41). Of hierdie doel al bereik is, kon nie uit die beskikbare literatuur vasgestel word nie.

Onderwys- en persoonlikheidsvoorligting word deur voorligteronderwysers behartig, terwyl beroepsvoorligting

die taak van die plaaslike Arbeidsburo's van die Departement van Arbeid is (Beukes, 1976:77). Die voorligteronderwyser of "Beratungslehrer" is 'n gewone klasonderwyser wat ongeveer vyf uur per week tot sy beskikking het vir begeleidingswerk. Sy taak is om in samewerking met die psigoloog leerlinge by te staan in vak- en kursuskeuses. Verder moet hy ook beamptes van die Federale Arbeidsraad bystaan wanneer leerlinge 'n finale beroeps- of kursuskeuse vir tersiêre opleiding moet uitoefen (Joubert, 1975:61, 74).

### 2.5.4 Die organisasie van voorligting buite skoolverband

#### 2.5.4.1 Verenigde State van Amerika

Onder skoolhulpdienste ressorteer skoolsielkundiges, maatskaplike werkers, die "school attendance workers", skoolverpleegsters, en soms ook psigiaters. By sommige groot skole werk hierdie persone voltyds by slegs een skool, onder die dak van die sogenaamde "pupil personnel services", maar in die meeste gevalle werk hulle vanuit 'n sentrale kantoor, of in die geval van 'n groot stad, vanuit die hoofkantoor van 'n skooldistrik. In laasgenoemde geval word hierdie spesialiste toegewys aan sekere skole op 'n gereelde geskeduleerde basis, of is hulle beskikbaar in noodgevalle

of wanneer leerlinge verwys word (Humphreys **et al**, 1967:38). Dit is moeilik om 'n presiese omskrywing van elke pos te verskaf, aangesien dit grootliks afhang van die organisasie van die spesifieke diens en of dit 'n private of publieke skool bedien. Daarom sal daar slegs kortliks na elke dissipline gekyk word.

Die meeste skooldistrikte beskik oor die diens van 'n skoolsielkundige, wat gewoonlik vanuit 'n sentrale kantoor verskeie skole bedien (Nordberg, 1970:28). Sy program verskil van week tot week, afhangende van die behoeftes van die skool waar hy werk. Die skoolsielkundige dien in adviserende hoedanigheid op die personeel en sy funksies behels onder andere die afneem en interpretering van verskeie psigologiese toetse; die identifisering van buitengewone leerlinge en plasing van sodanige leerlinge; hulp in die beplanning van toepaslike opvoedkundige en sosiale programme; hulp met leer- en aanpassingsprobleme van leerlinge; die inisiëring en aanmoediging van navorsing, diagnostiese aangeleenthede en die beplanning van remediëringsprogramme (Gorton, 1976:307, Humphreys **et al**, 1967:33).

Die rol en funksie van die maatskaplike werker toon groot ooreenkoms met dié van die skoolsielkundige. Die maatskaplike werker bedien vanuit 'n sentrale distrikskantoor verskeie skole. Sy werksprogram verskil ook van week tot week. Die maatskaplike werker word gesien as die primêre skakel tussen die skool en die ouerhuis. Hy verwys leerlinge

met emosionele en sosiale probleme wat hul leer en aanpassing in die skoolomgewing negatief beïnvloed. Die maatskaplike werker is gewoonlik lid van die skoolhulpdiens en skakel ten nouste met instansies en persone buite die skool soos medici, predikante en regsgeleerdes (Gorton, 1976:308; Gibson & Mitchell, 1981:75-76).

Alhoewel die omvang en kwaliteit van gesondheidsdienste in die verskillende skole in die VSA baie varieer, en veralgemening bemoeilik, bestaan die diens in die meeste gevalle uit slegs 'n deeltydse skoolverpleegster wat verskeie skole bedien, en in uiterste gevalle een en 'n halwe dag per week by elk deurbring. Die primêre funksie van die skoolgesondheidsdiens is 'n deeglike gesondheidsprogram by alle skole. Die personeel van die diens is veronderstel om 'n verpleegster, medikus, tandheelkundige, psigiater en 'n spraak- en gehoorspesialis in te sluit. Sommige groot skooldistrikte beskik oor die dienste van 'n koördineerder van gesondheidsdienste. Of hierdie personeel op deeltydse of voltydse basis in 'n skooldistrik werksaam is, hang af van die grootte van die skool of -distrik, die beskikbaarheid van personeel, en die houding van die opvoedkundiges van die skooldistrik met betrekking tot die rol van die spesialiste (Gorton, 1971:30; Gibson & Mitchell, 1981:76; Humphreys et al, 1967:35).

Laastens beskik die skoolhulpdiens ook oor die dienste van 'n skoolbesoekbeampte ("school attendance officer"). Sy primêre verantwoordelikhede sluit in die ondersoek van

gevalle waar leerlinge nie skool bywoon nie; die verwysing van sodanige leerlinge na spesialiste by die hulpdiens; skakeling met skoolpersoneel en die identifisering van leerlinge wat hulp benodig. Hy is verteenwoordiger van die skool by die ouerhuis en ander instansies in die samelewing, neem deel aan indiensopleidingsprogramme vir onderwysers; verleen hulp met verwysing van leerlinge na geregshowe, woon die verhore by en onderneem ondersoeke rakende plasing in koshuise en voogskap (Humphreys et al, 1967:38).

## 2.5.4.2 Brittanje

In Brittanje kan onderskei word tussen die kinderleidingkliniek ("child guidance service"), die skoolsielkundige diens ("school psychological service") en die loopbaandiens ("career service").

Die kinderleidingkliniek werk met leerlinge van alle ouderdomme. In elke kliniek is daar 'n deeltydse of voltydse psigiater wat aan die hoof daarvan staan en as voorsitter optree tydens kliniekbesprekings. Daarbenewens is daar ook 'n deeltydse of voltydse psigoterapeut, 'n psigiatriese maatskaplike werker en administratiewe personeel. Die groter klinieke het meer van hierdie spesialiste op die personeel. Die werk van die kliniekpersoneel is nie afgebaken nie, en oorvleuel inderdaad met die werk van die skoolsielkundige

diens. Aan die hoof van die skoolsielkundige diens staan 'n "Area Psychologist", wat bygestaan word deur een of meer opvoedkundige sielkundiges en ortodidaktici. Kliniekakkommodasie word gewoonlik gedeel met die kinderleidingsdiens, asook die spraakterapeute en maatskaplike werkers. Hoewel laasgenoemde persone nie aan die Onderwysdepartement verbonde is nie, word hulle as deel van die kliniekpersoneel beskou. Aan die hoof van die loopbaandiens staan die "principal careers officer". Dié diens bestaan verder uit 'n aantal loopbaanbeamptes ("careers officers") op hoofkantoor wat saam met die voorligteronderwysers wat aan skole verbonde is, verantwoordelik is om die nodige loobaandienste te verskaf (Avent **et al**, 1983:478; Joubert, 1975:64; Lytton & Craft, 1974:59-61, 64-65).

Die "Youth Employment Officer" se taak is enersyds om jeugdiges te help om werk te bekom en andersyds om werkgewers te help met geskikte werknemers. Tweedens moet hy inligting aan jeugdiges, ouers en onderwysers in verband met beroepsgeleenthede verskaf. Laastens is hy verantwoordelik vir opvolgwerk met betrekking tot jeugdiges in 'n werksituasie, asook verdere hulp en voorligting aan laasgenoemde persone, wanneer nodig (Lytton & Craft, 1974:60).

Alhoewel 'n duidelike skeiding bestaan tussen die kinderleidingkliniek met die psigiater en psigoterapeut en die skoolsielkundige diens met die opvoedkundige sielkundiges,

bestaan daar nie 'n definitiewe afbakening van elkeen se werkterrein nie. Die psigiater met sy mediese en sielkundige opleiding, en die psigoterapeut met sy sielkundige opleiding het uiteraard 'n suiwer mediese en psigologiese benadering tot hul werk. Volgens Joubert (1975:67) werk beide hoofsaaklik by die kliniek, hoewel die psigiater ook kliniekskole besoek. Beide is ook uitsluitlik gemoeid met leerlinge se gedrags- of emosionele probleme en verbandhoudende terapie.

Die hooftaak van die opvoedkundige sielkundige is om op die personeel van die "Chief Education Officer" as hoofadviseur in verband met alle psigologiese probleme van jeugdiges te dien (Haasbroek, 1970:6). Van nader beskou, omvat die opvoedkundige sielkundige se taak die toetsing van leerlinge met leer-, sosiale- en emosionele probleme en die daaropvolgende terapeutiese behandeling of plasing van leerlinge in bepaalde klasse of skole (spesiale of remediërende onderwys). Verder is hy verantwoordelik vir skakeling tussen ouers en onderwysers, tussen klinieke en skole, tussen die plaaslike onderwysowerheid en skole, tussen ouers en ander instansies soos medici en sosiale werkers. Dan is hy ook verantwoordelik vir advies aan ouers en onderwysers en vir navorsing, die reël van indiensopleidingskursusse asook die opstel van verslae aan die plaaslike onderwysowerheid. Laastens word hy op 'n uitgebreide skaal betrek by toetsing van pre-primêre kinders met die oog op vroeë identifisering van spesifieke leerprobleme of verstandelike gestremdheid (Joubert, 1975:68).

Daar is nie 'n algemeen-aanvaarbare definisie wat die verskeidenheid take van die maatskaplike werker omvat nie. Die omgewing waarin maatskaplike werkers hul bevind, wissel van 'n verskeidenheid samelewingsinstansies waar hulle op vrywillige basis hul dienste aanbied, tot departemente van die plaaslike owerhede (Lytton & Craft, 1974:61). Saam met die psigiater, psigoterapeut, remediërende onderwyser en spraakterapeut vorm die maatskaplike werker 'n span by die kinderleidingkliniek.

### 2.5.4.3 Wes-Duitsland

Hier is daar sprake van "amptelike" en "nie-amptelike" skooldienste. Die amptelike dienste word voorsien deur die Kultusministeriums van die verskillende provinsies, terwyl die "nie-amptelike" dienste, wat nie aan die onderwysdepartement verbonde is nie, voorsien word deur die Bundesministerium für Bildung und Kultus, verskillende van die groot stede en deur partikuliere instansies. Die amptelike dienste beskik slegs oor die dienste van 'n psigoloog, en verskil van provinsie tot provinsie. Die nie-amptelike dienste vertoon 'n meer heterogene beeld. Die personeel by hierdie instansies kan uit een of meer of uit 'n kombinasie van die volgende bestaan: psigoloog, psigiater, sosiale werker, geneesheer, heilpedagoog, psigagoog, psigoterapeut, ensovoorts. Gemiddeld is daar slegs twee

terapeute by elke instelling. Die personeel van hierdie instellings besoek nie die skole nie, terwyl die instellings ook nie kan kwalifiseer as skoolhulpdienste nie. Hulle dien egter as 'n aanvulling tot die amptelike diens en dit staan ouers en leerlinge vry om van die diens gebruik te maak (Joubert, 1975:60-62; Martin & De Volder, 1983:484).

Onderwysvoorligting word deur voorligteronderwysers behartig en deur skoolpsigoloë aangevul. Aangesien voorligteronderwysers op sowel hoofkantoor as streeks- en plaaslike kantore aangetref word, word onderwysvoorligting op alle vlakke aangebied. Hoofkantore is egter hoofsaaklik gemoeid met die opstel en verspreiding van inligtingstukke sodat streeks- en plaaslike buro's hul programme daarmee kan uitbrei. Persoonlikheidsvoorligting word basies op dieselfde wyse as onderwysvoorligting geadministeer behalwe dat die werk primêr deur 'n skoolpsigoloog en sekondêr deur 'n voorligteronderwyser gedoen word (Beukes, 1976:77). Soos reeds genoem (vgl. paragraaf 2.2.2.3) word beroepsvoorligting behartig deur die plaaslike Arbeidsburo's van die Departement van Arbeid. Die arbeidsburo's word in groepe, elkeen met 'n gemeenskaplike sentrum, georganiseer. Elke provinsiale buro het 'n senior beampte(s) wat vir beroepsvoorligting verantwoordelik is. In die kleiner distrikte is daar minstens een manlike en een vroulike voorligter, terwyl daar meer personeel in die munisipale gebiede is. Daar is ook mediese beamptes tot beskikking van die buro's. Verder bestaan daar 'n aanlegtoetsdiens wat op

'n groepbasis georganiseer word, en wat van die dienste van industriële sielkundiges gebruik maak (Haasbroek, 1970:55).

Die psigoloog in Wes-Duitsland se taak is hoofsaaklik die van psigometrikus, diagnostikus en adviseur. Hy vertolk en evalueer gestandaardiseerde en informele toetse. Die skole is verantwoordelik vir die implementering van sy advies. Die skoolhoof, maar veral die "Beratungslehrer" is dus vennote van die psigoloog. Die voorsiening van pedagogiese terapie word nie as die taak van die psigoloog beskou nie (Joubert, 1975:69). Daar is geen ortodidaktikus, arbeidsterapeut, of spraakterapeut aan die skoolhulpdiens verbonde nie en slegs in 'n paar gevalle, 'n maatskaplike werker. Laasgenoemde se taak behels, benewens gesinsbegeleiding, ook skakeling tussen die huis, skool en skoolhulpdiens (Joubert, 1975:77, 80-82).

### 2.5.5 Die opleiding en kwalifikasies van voorligtingpersoneel

#### 2.5.5.1 Verenigde State van Amerika

Reeds met die keuring van voornemende skoolvoorligters word streng kriteria toegepas. In hoofsaak gaan dit by hierdie keuring om die intellektuele vermoëns en persoonlikheid van

studente (Haasbroek, 1970:39-41). Onderwysers wat as voorligters opgelei wil word, moet oor 'n Baccalaureusgraad van 'n geakkrediteerde universiteit, 'n onderwyssertifikaat, ervaring in voorligting, onderwyservaring (wat wissel tussen twee tot vyf jaar) en ervaring buite die onderwys (een jaar) beskik. Laasgenoemde vereiste word gestel om te verseker dat skoolvoorligters ook in 'n mate georiënteer is in die beroepswerklikheid buite die onderwys. Onderwyservaring word vereis sodat voorligters op hoogte kan wees van leerlingprobleme wanneer hulle leerlinge behulpsaam moet wees met die verskeie aspekte van onderwysvoorligting (Carstens, 1976:70).

'n Eenjarige meestersgraadkursus in Voorligting is die standaard akademiese kwalifikasie wat vereis word vir aanstelling as voorligter, hoewel sommige state meer vereis (Lytton & Craft, 1974:42). 'n Wye verskeidenheid van vakke word aangebied. Die meeste kolleges vereis ook gekontroleerde praktiese werk van studente. Die hoeveelheid praktiese werk wat in die meeste gevalle vereis word, is egter gering en die kontrole daaroor van so 'n aard dat die professionele personeel aan die opleidingsinrigtings oor die algemeen nie veel waarde daaraan heg nie. Voortgesette professionele indiensopleiding van skoolvoorligters word hoog aangeslaan, en die praktyk toon dat daar 'n groot behoefte hieraan is (vgl. Goldman **et** al, 1978:323-325). Volgens Avis (1982:83) is die terreine waar skoolvoorligters die grootste behoefte het aan verdere opleiding dié van multi-kulturele voorligting, konsultasie met volwassenes, groepvoorligting

en voorligting aan groepe met spesiale probleme soos alkohol- en dwelmmiddelmisbruik, ongewensde swangerskappe, en krisis en stres hantering. Op staats-, distriks- en skoolvlak word opknappingskursusse en konferensies gereël om skoolvoorligters op hoogte te hou van nuwe metodes, tegnieke en insigte op hul terrein. Nie-onderwysinstansies lewer 'n groot bydrae tot die indiensopleiding van skoolvoorligters. So byvoorbeeld het die "American Personnel and Guidance Association" in die sewentigerjare 'n tweejarige nagraadse opleiding vir skoolvoorligters geïnisieer wat deur verskeie inrigtings aangebied word (Carstens, 1976:70).

Oor die opleidingsvereistes en kwalifikasies van die spesialiste in skoolvoorligting word relatief min in die literatuur gesê. Humphreys et al, (1967:34) is van mening dat die voorgraadse studie van die skoolsielkundige 'n breë veld moet insluit, en moet lei tot 'n doktorale studie, waarby ten minste een jaar internskap ingesluit is. Die studie moet volgens laasgenoemde skrywer opleiding in kinderontwikkeling, kliniese sielkunde, psigologiese meting, groep- en individuele toetsing, remediëring en navorsingsmetodes insluit. Volgens Nordberg (1970:28-30) beskik 'n skoolsielkundige egter normaalweg slegs oor 'n meestersgraad in opvoedkundige sielkunde met spesialisering in toetsing, waar 'n kliniese- en voorligtingsielkundige gewoonlik oor 'n Ph.D. beskik. Die maatskaplike werker moet oor 'n meestersgraad in maatskaplike werk beskik met 'n internskap binne 'n onderwysopset (Humphreys et al, 1967:35).

### 2.5.5.2 Brittanje

Weereens moet onderskei word tussen dié personeel wat vir die skoolvoorligtingsprogram binne die skool verantwoordelik is, en dié in die diens daarbuite. Soos in paragraaf 2.5.3.2 gestel, is die skoolhoof en sy personeel vir onderwysvoorligting en die "careers teacher" vir beroepsvoorligting binne die skool verantwoordelik. Hierdie personeel het voorheen geen spesiale opleiding in skoolvoorligting gehad nie, en oor slegs die kwalifikasies wat vir aanstelling as onderwyser vereis word, beskik (vgl. RGN, 1972:47). Sake het egter ondertussen verander: sommige "careers teachers" het begin om hul kwalifikasies te verbeter deur middel van voltydse of deeltydse studies aan universiteite of kolleges, of deur middel van kort kursusse in voorligting (Avent et al, 1983:476; Super, 1983:513). Indiensopleidingskursusse vir onderwysers in die algemeen het ook uitgebrei (Hughes, 1985:14).

Die laaste persoon wat vir skoolvoorligting binne die skool verantwoordelik is, is die "school counsellor". Dié persoon moet 'n gekwalifiseerde onderwyser wees en oor ten minste vyf jaar onderwyservaring beskik. Die kursus wat deur skoolvoorligters gevolg word, is 'n voltydse akademiese diplomakursus van een jaar (Stewart, 1983:508) wat die volgende onderwerpe insluit:

(1) Psigologiese media (toetse) en die toepassing daarvan;

(2) kinderontwikkeling en -gesondheid;

(3) werksaamhede van die "Youth Employment Service";

(4) werksaamhede van ander maatskaplike dienste binne die skool; en

(5) beginsels van voorligting en raadgewing (RGN, 1972:47).

Om as "Youth Employment Officer" opgelei te word, moet 'n persoon oor die "General Certificate of Education A Level" en òf professionele òf akademiese òf tegniese opleiding beskik. 'n Persoon met 'n "General Certificate of Education O Level" kan ook opgelei word mits hy oor vyf jaar ervaring in òf die Departement van Arbeid òf die onderwys òf maatskaplike werk beskik. Die kursus duur een voltydse akademiese jaar, maar as 'n persoon oor 'n universiteitsgraad met Sielkunde of Sosiologie as hoofvakke beskik, duur die kursus slegs ses maande en sluit dit twee derdes van die teoretiese werk en al die praktiese werk van die normale kursus in. Beamptes verbonde aan die "Youth Employment Service" en wat in diens van die Departement van Arbeid is, volg 'n voltydse kursus van vier weke (Haasbroek, 1970:8-9). In die beskikbare literatuur is egter nêrens sprake van die minimum kwalifikasies waaroor 'n persoon moet beskik om as "Youth Employment Officer" aangestel te word nie.

Van die opvoedkundige sielkundige word vereis dat hy oor 'n onderwyskwalifikasie sal beskik met minstens drie jaar onderwyservaring. Daarbenewens moet hy nagraadse opleiding in die sielkunde hê (honneursvlak) asook 'n nagraadse diploma of 'n meestersgraad in Opvoedkundige sielkunde (Coetzee, 1983:1; Joubert, 1975:67).

Alleenlik geregistreerde mediese praktisyns kan as psigiaters opgelei word. Die "Diploma in Psychological Medicine" word deur die "Royal College of Physicians and Surgeons" en ses Britse universiteite uitgereik. Die kursus is voltyds, duur drie jaar en sluit teoretiese en praktiese opleiding in. Die diploma word eers uitgereik nadat drie jaar kliniese onderrig in 'n goedgekeurde psigiatriese hospitaal ontvang en drie jaar ondervinding opgedoen is (Haasbroek, 1970:10; RGN, 1972:47). 'n Psigoterapeut moet oor 'n graad in Sielkunde of Sosiologie beskik, met spesiale opleiding in psigoterapie (Lytton & Craft, 1974:64).

Die maatskaplike werker, wat in diens van die "Social Welfare Department" staan, is deel van die kliniekpersoneel en beskik oor 'n diploma in maatskaplike werk of 'n graad in sodanige wetensgebied. Daarbenewens kan hy ook oor 'n diploma in psigiatrie beskik (wat 'n jaar se gespesialiseerde opleiding aan 'n universiteit behels), en staan dan bekend as 'n psigiatriese maatskaplike werker. Onderwysopleiding of -ervaring word nie vereis nie (Joubert, 1975:78; Lytton & Craft, 1974:61-64).

Die spraakterapeut, wat verbonde is aan die Departement van Gesondheid maar ook deel is van die kliniekpersoneel, beskik oor 'n vierjarige gespesialiseerde opleiding waarvoor die graad B.Ed (Logopedika) toegeken word. Onderwyservaring of -kwalifikasies word nie as vereiste gestel nie (Joubert, 1975:81).

### 2.5.5.3 Wes-Duitsland

Uit die beskikbare literatuur kon nie absolute duidelikheid verkry word oor wat die opleiding van voorligtingpersoneel behels nie, aangesien dié saak tans redelik problematies is. Enkele vereistes wat wel ten opsigte van die voorligteronderwyser, skoolpsigoloog en beroepsvoorligter genoem is, word ter wille van volledigheid uiteengesit.

Teen 1983 was daar nog geen universiteit wat 'n graad in voorligting aangebied het nie (Martin & De Volder, 1983, 485). Voorligteronderwysers moet dus na ander uitweë soek wat hul opleiding betref. Aangesien voorligteronderwysers aan plaaslike en in 'n mindere mate ook aan streeks- en hoofkantore onderrigverpligtinge het, moet hulle ten minste 'n basiese onderwysersopleiding aan 'n universiteit of Hochschule ondergaan. Dit word van die voorligteronderwyser verwag om, anders as vir gewone vakonderwysers, net in een skoolvak te spesialiseer, en in

plaas van 'n tweede skoolvak, 'n deeglike studie te maak van die "Pedagogiese psigologie". Verder is dit belangrik dat hy gevorderde kursusse in die ander opvoedingswetenskappe sal voltooi, veral in die didaktiek. Voorligters by kinderleidingsentra beskik gewoonlik oor 'n diploma in sielkunde, asook addisionele opleiding in terapie. Volgens Chamberlain (1979:41) word ook besondere waarde geheg aan indiensopleiding en deeltydse studie, wat deur institute vir verdere opleiding verskaf word. Laastens kan gemeld word dat 'n voorligteronderwyser wat vir 'n pos op hoofkantoor wil kwalifiseer, bewys moet lewer van 'n jaar beroepservaring (Beukes, 1976:78).

Daar word slegs in uitsonderlike gevalle van skoolpsigoloë verwag om vakonderrig te gee. In gevalle waar dit wel gebeur, word van hom verwag om tydens sy basiese onderwysopleiding te spesialiseer in een skoolvak. Waar laasgenoemde vereiste nie geld nie word van hom verwag om in plek van die skoolvak 'n studie van die psigologie en "pedagogiese psigologie" op ten minste diplomavlak maak. Sy opleiding moet deur die praktyk aangevul word (Beukes, 1976:79). Wat die praktiese opleiding behels, kon nie vasgestel word nie.

Dit blyk uit die bestudeerde literatuur dat persone wat kennis en ervaring van beroepsvoorligting het, 'n beroep vir 5 jaar beoefen het en nie jonger as 28 jaar is nie, as 'n beroepsvoorligter aangestel kan word. Na aanstelling word die beroepsvoorligter in die Federale Instituut as 'n

proefbeampte opgelei in die werksaamhede van die Instituut wat werkplasing, arbeidsversekering en administrasie insluit (Haasbroek, 1970:57; RGN, 1972:50). In die studie van Schulz (1982:272-276) het die beroepsvoorligters by die arbeidsburo's almal opleiding in 'n spesifieke beroep of ambag gehad, 'n minimum van 2 jaar werkservaring, en 'n 3 jaar opleidingsprogram in voorligting by 'n spesiale kollege in Mannheim deurloop.

## 2.6 SINTESE

In hierdie hoofstuk is die aard, wese en beginsels van Opvoedkundige Hulpdienste in die algemeen, bespreek. Wat skoolvoorligtingsprogramme asook die organisasie en administrasie van voorligting betref, is aangedui in welke mate die bestaande dienste in die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland voorsiening maak vir onderwys-, persoonlikheids- en beroepsvoorligting. In sommige gevalle het die beskikbare literatuur en ander inligtingsbronne nie genoeg inligting bevat om 'n volledige beeld te kon gee nie, of kon resente bronne oor tersaaklike inligting nie opgespoor word nie. In die lig hiervan sou dit nie geregverdig kon word om die verskillende stelsels na hul verantwoordbaarheid en doeltreffendheid te beoordeel nie. Die beeld wat wel uit die beskikbare literatuur gevorm is, kan egter dien as riglyn

vir die evaluering van die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD in hoofstuk 5.

In die volgende hoofstuk word die ontstaan en ontwikkeling van die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD oorsigtelik bespreek.

# HOOFSTUK DRIE

# DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS VAN DIE TOD

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n kort historiese oorsig verskaf van die totstandkoming en ontwikkeling van die Opvoedkundige Hulpdiens en die huidige stelsel van skoolvoorligting. Aangesien die sielkundige en die voorligtingsdiens (dit is die huidige Opvoedkundige Hulpdiens soos dit vroeër daar uitgesien het) aanvanklik onafhanklik van mekaar gefunksioneer het, word die ontwikkeling van die diens in vier fases geskets, naamlik:

- die ontstaan en ontwikkeling van die Sielkundige Diens;
- ontwikkeling van die Beroepsvoorligtingsdiens;
- die Sielkundige- en Voorligtingsdiens: 1955-1983; en
- die totstandkoming van die Opvoedkundige Hulpdiens: 1983.

## 3.2 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN VOORLIGTING BUITE DIE SKOOL

### 3.2.1 Die ontstaan en ontwikkeling van die Sielkundige Diens

Dr. C.L. Leipoldt, wat met reg as die vader van die Opvoedkundige Hulpdiens beskou kan word, is in 1914 as die eerste mediese inspekteur aangestel (Olivier, 1981:1). Die mediese diens se hooftaak was vanselfsprekend die gesondheidsaspek van leerlinge. Volgens Joubert (1975:30) is die diens egter vanuit die staanspoor bykomende verpligtinge opgelê wat nie met die mediese aspek verband gehou het nie. So byvoorbeeld is die identifisering van verstandsgeremde leerlinge ook aan dr. Leipoldt opgedra. Sedert 1915 is Leipoldt in dié verband deur dr. Moll, 'n psigiater, bygestaan. Hierdie beskeie begin kan dan ook as die eerste treë op die weg van gedifferensieerde onderwys en die ontstaan van die Opvoedkundige Hulpdiens gesien word (Olivier, 1981:1).

In 1916 bepleit Leipoldt die begin van 'n instelling wat vandag as kinderleidingklinieke bekend staan om leerlinge met probleme van hulp te wees. Dié idee van Leipoldt is egter nie verder uitgebou nie en die stigting van klinieke is vir die eerste keer weer in 1942 bepleit (Joubert, 1975:43). In 1916 is ook vir die eerste keer melding gemaak van

spraakgebreke by leerlinge. In 1933 word ondersoek na gehoorprobleme ingestel en in 1936 kom die eerste departementeel-gesubsidieerde spraakkliniek tot stand. In 1941 word die eerste spraakterapeut aangestel (Olivier, 1981:2-3).

Reeds in 1922 identifiseer Leipoldt gedrags- en ontwikkelingsprobleme by leerlinge. Met die hulp van dr. Moll word daar aandag gegee aan dié leerlinge maar dit was eers in 1937, met die aanstelling van dr. Valk as eerste inspekteursielkundige onder die hoof-mediese inspekteur (Kruger, 1975b:1), dat die probleem op 'n georganiseerde grondslag aandag verkry het (vgl. ook Visser, 1970:59).

Die pos van dr. Valk is in 1941 opgevolg met die aanstelling van twee addisionele sielkundiges en in 1948 met die toevoeging van 'n vierde sielkundige. Die personeel van die Sielkundige Diens het dus in 1952, toe die Loopspruitskool begin is, uit vier lede bestaan (TOD, 1962a:1).

Die stigting van aanpassingsklasse is in 1940 amptelik goedgekeur met TOD omsendbrief 28 van 1940. In 1949 is aanpassingsklasse opnuut bepleit, maar eers in 1951, met die inwerkingstelling van die Departement se nuwe beleid om 13-jarige leerlinge na sekondêre skole oor te plaas, en die gevolglike inrigting van aanpassingsklasse, is uiteindelik in hierdie behoefte voorsien (Joubert, 1975:39; Olivier, 1981:2).

Transvaal se eerste spesiale skool was die Daspoort spesiale skool wat in 1946 geopen is (Joubert, 1975:32). 'n Interdepartementele kommissie oor verstandelike afwykings het reeds in 1929 met uitgebreide ondersoeke in dié verband begin. Die bevindinge het daartoe bygedra om die belangrikheid van spesiale onderwys onder die aandag van die onderwysowerhede te bring. Die depressie kort hierna het egter geesdrif vir die saak gedemp en die uitbreiding daarvan tydelik belemmer (Joubert, 1975:32). Die Wet op Spesiale Onderwys (1948) het die ontwikkeling van Sielkundige Dienste versnel (Kluyts, 1975:1). In laasgenoemde wet is vir die oprigting van spesiale skole, die stigting van kinderleidingklinieke en die versorging van gedragsafwykendes deur die provinsies, voorsiening gemaak. Volgens Kluyts (1975:1) is daar ook hierna meer daadwerklike pogings aangewend om leerlinge met emosionele versteurings pedoterapeuties te behandel.

Teen 1953 het die kliniese werk by kinderleidingklinieke reeds baie aandag geniet. Volgens Joubert (1975:35) is leerlinge vir 'n verskeidenheid van versteurings na hierdie klinieke verwys en het behandeling bestaan uit 'n diagnose, gewoonlik deur projeksietoetse en daaropvolgende psigoterapeutiese sessies. Die funksionering van klinieke was egter vir 'n geruime tyd nie na wense nie, tot met 1954, toe Transvaal in ses wyke verdeel is, elk met sy eie kinderleidingkliniek (Joubert, 1975:44). Toetsing en sertifisering van leerlinge met verstandelike afwykings asook die inspeksie van spesiale klasse en skole was aanvanklik die

taak van die geneeskundige inspekteur, daarna dié van die psigiater en uiteindelik dié van die inspekteursielkundige, sielkundige of psigometris (Joubert, 1975:32).

Hoewel Leipoldt reeds in 1922 beklemtoon het dat swak huislike omstandighede die rede vir verskeie probleme by kinders kan wees, het hierdie saak eers in 1952, met die aanstelling van die eerste besoekende onderwyser vir Loopspruitskool, daadwerklike aandag gekry. In 1945 word 'n residensiële skool vir gedragsgeremde leerlinge bepleit, in 1950 word 'n opname van sodanige leerlinge gemaak en in 1952 open die eerste kliniekskool vir gedragsgeremde leerlinge op Loopspruit, naby Potchefstroom (Olivier,1981:2).

In 1953 is nog drie sielkundiges aangestel en bestaan die Sielkundige Diens uit 'n inspekteursielkundige, sewe sielkundiges en een besoekende onderwyser. In 1954 volg 'n verdere personeeluitbreiding met die aanstelling van twaalf spraakterapeute en 'n hoofspraakterapeut (Visser, 1970:59; Kruger, 1975:1-2). In 1955 het die sielkundige-, beroepsvoorligtings- en spraakterapeutiese diens saamgesmelt om 'n selfstandige diens, onafhanklik van die Geneeskundige Diens, te vorm (vgl. paragraaf 3.2.3).

### 3.2.2 Die ontstaan en ontwikkeling van die Beroepsvoorligtingsdiens

Georganiseerde beroepsvoorligting in Transvaal het 'n aanvang geneem met die aanstelling van dr. M.J. Prinsloo in 1936 as lektor in beroepsvoorligting (De Villiers-verslag, 1948:216). Hy was onder andere gemoeid met die opleiding van en raadgewing aan voorligteronderwysers, asook die toetsing en verwysing van leerlinge, na òf die hoërskool, òf die junior hoërskool òf die ambagskool (Steyn, 1975:2; Van Niekerk, 1967:6). Die noodsaaklikheid van die diens is weldra besef. Soos die toestande destyds was, kon die beroepsvoorligter uiters elke drie jaar 'n skool besoek, terwyl kontak met die arbeidswêreld buite die kwessie was (Reyneke, 1955:34). In 1941 is 'n tweede beroepsvoorligter aangestel. In 1943 was daar reeds drie en in 1948 was daar vyf (Visser, 1970:59). Administratiewe personeel is ook by die beroepsvoorligters gevoeg en so het die Beroepsvoorligtingsburo van die Transvaalse Onderwysdepartement ontstaan met sy setel in Johannesburg, waar die publiek, maar veral ook onderwysers, ouers en leerlinge die geleentheid gehad het om beroepsvoorligters te raadpleeg in verband met sake van opvoedkundige, psigologiese, ekonomiese en sosiale aard ten opsigte van beroepe en beroepskeuse (Reyneke, 1955:35; De Villiers-verslag, 1948:216-217).

In 1948 is die individuele leerlingverslagkaart vervang deur die Ed. Lab. 1-kaart wat, met wysigings, deur die hele land ingevoer is (Van Niekerk, 1967:6). In dieselfde jaar is 'n leerplan vir beroepsvoorligting vir alle leerlinge van standerd 6 tot 9 gepubliseer (Gerber, 1981:98). Skoolhoofde moes op hul roosters vir beroepsvoorligting en besoeke na byvoorbeeld nywerheidswerke voorsiening maak (De Villiers-verslag, 1948:217). Verder moes onderhoude met individuele leerlinge en hul ouers gevoer word (Reyneke, 1955:74). Dit het die behoefte aan opleiding in skoolvoorligting geweldig laat toeneem en gelei tot die eerste kursus in voorligting in Maart dieselfde jaar in Johannesburg (Visser, 1970:60). Die doel van hierdie kursus was om aan onderwysers 'n algemene vlugtige oorsig te gee van die vernaamste aspekte van beroepsvoorligting (Steyn, 1975:2). Die beroepsvoorligters van die diens het ook reeds in die jare voor 1948 begin met die opstel van beroepsinligtingspamflette wat dwarsdeur die Unie gebruik is en in 1948 met die vervaardiging van beroepsinligtingsfilms in samewerking met die Nasionale Filmburo (De Villiers-verslag, 1948:216).

Met die aftrede van dr. Prinsloo in 1951, het die werk van die beroepsvoorligtingsburo al 'n wye veld gedek. Gedurende hierdie jaar is die tweede kursus in voorligting aangebied met die doel om die aandag toe te spits op sekere probleme soos deur die onderwyser self ondervind met betrekking tot beroepsvoorligting (Steyn, 1975:2).

In 1955 het die Beroepsvoorligtingsdiens met die Sielkundige Diens saamgesmelt. Die gesamentlike diens het sy hoofkantoor in Pretoria gehad met die inspekteursielkundige as hoof (TOD, 1962a:2).

### 3.2.3 Die Sielkundige- en Voorligtingsdiens: 1955-1983

In 1955 het die diens bestaan uit die inspekteursielkundige, sewe ander sielkundiges, vyf beroepsvoorligters, tien spraakterapeute (die pos van die hoofspraakterapeut en twee ander poste was vakant) en twee besoekende onderwysers (Visser, 1970:59).

In 1956 is die pos van inspekteursielkundige met dié van hoof: Sielkundige- en Voorligtingsdiens vervang, met mnr. L.C. Bekker as die nuwe hoof in die plek van dr. A.J. Groenewald. Die spraakterapeute is onder die beheer van die verskillende kringinspekteurs geplaas. Verder is Transvaal ook in ses werkkringe, elk met 'n sielkundige, ingedeel (Bezuidenhout, 1980:100-101). Daarbenewens het vyf adviseurs vir voorligting as veldamptenare die verskillende streke bedien (TOD, 1964:249).

In 1957 is die aantal besoekende onderwysers vermeerder tot vyf (Kruger, 1975b:2). In die daaropvolgende jaar is 'n derde kursus in voorligting aangebied en het 'n omvattende

voorligtingsleergang verskyn met komponente vir opvoedkundige-, persoonlikheids-, gesins-, ontspannings- en beroepsvoorligting (Steyn, 1975:3). Hierdie leergang is tot in die vroeë sewentigerjare gebruik en vervang met die Voorgestelde Handleiding vir Beroepsleiding in die sekondêre skool (TOD, 1974a:1-11). 'n Verdere personeeluitbreiding het in 1959 gevolg toe die getal sielkundiges, met die oog op terapeutiese werk, tot elf vermeerder is (TOD, 1962a:3).

In 1960 is op Loopspruit, bykomend tot die diensstaat, 'n pos vir 'n sielkundige ingestel. Gesamentlik met die vermeerdering van sielkundiges is die getal besoekende onderwysers tot sewe vermeerder en is een voorligtingspos vervang met assistent-hoof: Sielkundige- en Voorligtingsdiens (Visser, 1970:60; Kruger, 1975b:2).

Afgesien van die bestaan van aanpassingsklasse sedert 1951, het werklike remediërende onderwys volgens Olivier (1981:2) eers sedert 1963 die nodige aandag gekry met die aanstelling van die eerste twee remediërende onderwyseresse.

In 1966 is noemenswaardige veranderings in die posbenamings van die diens aangebring, naamlik:

- die benaming besoekende onderwyser verander na assistent-skoolsielkundige (besoekend);
- die sielkundige word skoolsielkundige (klinies); en
- die adviseur vir voorligting word skoolsielkundige (voorligting).

Terselfdertyd het die TOD met die instelling van volwaardige kinderleidingklinieke in tien sentra gepoog om sy sielkundige en opvoedkundige dienste uit te brei, maar ook te konsolideer tot 'n doeltreffender dienseenheid en om onnodige oorvleueling en duplisering van werk uit te skakel (TOD, 1968:23). Volgens Kluyts (1975:1) is die leerling op die platteland deur hierdie mylpaal in die ontwikkeling van die diens bevoordeel deurdat die kliniek makliker bereikbaar was. Tesame met laasgenoemde uitbreiding is die spraakterapeute weer by die diens ingeskakel as deel van die kliniekpersoneel (Joubert, 1975:42). Laastens is daar ook remediërende onderwysers(esse) by die klinieke aangestel (Kruger, 1975b:2).

Teen 1970 het die personeel van die diens bestaan uit:

- 'n hoof van die diens;
- 'n assistent-hoof;
- vyf skoolsielkundiges (voorligting);
- agt assistent-skoolsielkundiges (besoekend);
- dertien skoolsielkundiges (klinies); (Visser, 1970:64) en
- remediërende onderwyseresse (Kruger, 1975b:2).

Op hierdie stadium het die personeelverspreiding soos volg daar uitgesien: in Pretoria, waar die hoof en assistent-hoof van die diens gestasioneer was, was ook twee skoolsielkundiges (klinies), twee assistent-skoolsielkundiges (besoekend) en twee skoolsielkundiges (voorligting) verbonde. Aan die klinieke van Johannesburg, Boksburg

en Krugersdorp was ook elk 'n assistent-skoolsielkundige (besoekend), skoolsielkundige (klinies) en skoolsielkundige (voorligting) verbonde. Die res van die klinieke was op Pietersburg, Springs, Potchefstroom en Vereeniging. Hierdie kantore of klinieke was egter nie so volledig soos eersgenoemdes nie. Aan Loopspruitskool was daar ook nog twee skoolsielkundiges (klinies) verbonde (Visser, 1970:69).

Volgens Olivier (1981:2) het leerlinge met spesifieke leergeremdhede die eerste keer in Januarie 1970 met die stigting van 'n hulpklas by Sandown Primary aandag gekry. In Julie 1970 is 'n tweede hulpklas by Laerskool Eendracht begin, en aan die einde van 1973 het die getal hulpklasse tot vier gestyg. Met die aanstelling van die eerste ortodidaktici in 1973 (wat die remediërende onderwysers aan die klinieke vervang het) en ter uitvoering van die Murrayverslag (1969) is daar sedert 1974 op 'n sinvolle wyse aandag aan leerlinge met spesifieke leergeremdhede gegee (Olivier, 1981:2).

Met die implementering van gedifferensieerde onderwys in 1972 is nuwe eise aan die diens gestel. Om aan hierdie behoeftes te voldoen, is die diens vanaf 1973 aansienlik uitgebrei. Die oorspronklike 10 kinderleidingklinieke wat in 1972 'n postetal van 85 gehad het, is uitgebrei tot 24 klinieke met 'n postetal van altesaam 161 om die 42 komprehensiewe eenhede in Transvaal te bedien (TOD, 1974b:2). Nuwe posbenamings is ook gedurende hierdie tyd aanvaar. Met die aanstelling van die eerste arbeidsterapeute in 1974 het die aantal dissiplines verbonde aan die kinderleidingklinieke

nou op ses te staan gekom, naamlik: ortopedagoë (wat aan leerlinge met leerprobleme hulp moes verleen), beroepsleiers, sosiopedagoë (wat die besoekende onderwysers vervang het), ortodidaktici (voorheen remediërende onderwysers), spraakterapeute (sedert 1941 aangestel) en arbeidsterapeute (Olivier, 1981:2). In 1975 is nog 6 klinieke daar gestel. Waar 'n inspeksiekring uit twee eenhede bestaan is sub-klinieke gestig om in 'n eenheid die mees doeltreffende diens te lewer (Kluyts, 1975:2). Op hierdie stadium was daar ook reeds 30 departementele beroepsleiers en vir die eerste keer is voorligting op 'n wetenskaplik-georganiseerde wyse aan standerd vyf en sewe leerlinge verskaf met betrekking tot skool- en vakkeuse (Steyn, 1975:6).

In 1979 was daar 42 departementele beroepsleiers en ten minste een voorligtingonderwyser vir elke sekondêre skool in Transvaal (Steyn, 1979:18). Die aantal klinieke is stelselmatig vermeerder sodat elk van die 42 komprehensiewe eenhede in 1981 oor 'n eie kliniek beskik (Nel, 1981:68) en die aantal professionele poste in die diens 279 beloop het (Olivier, 1981:2).

In 1982 is 'n nuwe struktuur vir die diens amptelik goedgekeur en aangekondig (TOD, 1983a:2).

### 3.2.4 Die totstandkoming van die Opvoedkundige Hulpdiens: 1983

Sedert 1983 staan die Sielkundige- en Voorligtingsdiens amptelik bekend as die Opvoedkundige Hulpdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement en staan al die bestaande klinieke as onderwyshulpsentrums bekend (TOD, 1983b:1). Vir ongeveer twaalf jaar (1972 tot 1983) het die diens gefunksioneer deur middel van 'n "kliniek" in elke komprehensiewe eenheid. Namate die verskillende dissiplines van die diens meer gespesialiseerd geword en 'n toenemende aanvraag na opvoedkundige hulpverlening ontstaan het, het verdere differensiasie en spesialisasie wenslik geblyk. Sedert 1983 word bestaande opvoedkundige personeelfunksies van die diens op streeksgrondslag sowel as op komprehensiewe eenheidsgrondslag verrig.

Dié nuwe bedeling het behels dat 'n kinderleidingkliniek vir elk van die bestaande agt streke en 'n onderwyshulpsentrum vir elke komprehensiewe eenheid goedgekeur is, met 'n duidelike afbakening van die personeelfunksies vir elk van laasgenoemde instansies (Van Graan & Jacobs, 1985:1). Die nuwe bedeling binne die diens het onder andere ook nuwe personeelfunksies en posbenamings meegebring (vgl. figuur 3.1). Die vyf assistent-hoofde van die diens was elk verantwoordelik vir een van die volgende dissiplines: loopbaanaangeleenthede (voorheen beroepsvoorligting), onderrigaangeleenthede (voorheen ortodidaktiek),


opvoedingsaangeleenthede (voorheen ortopedagogiek), voorligting (voorheen sosiopedagogiek) en spraakterapie (voorheen spraakheelkunde) (Moller, 1987:29). Aan elke onderwyssentrum was onderwysadviseurs vir elk van laasgenoemde dissiplines aangestel (vgl. figuur 3.1). Die aantal poste van die diens is van 279 na 333 uitgebrei (TOD, 1984a:1). Die agt streke waarin Transvaal verdeel is, is elk deur 'n adjunk-superintendent van onderwys: Kinderleiding beheer en hy was verantwoordelik vir die koördinering van die onderwyshulpsentra en die kinderleidingklinieke van die betrokke streek (Buitengewone offisiële koerant, 1984b:15).

In 1987 is die hoofkantoor van die Opvoedkundige Hulpdiens in Pretoria gesluit en die diens val sedertdien onder die beheer van die hoof-superintendent van onderwys: Akademies, wat ook professionele besoek by al die vertakkings van die diens aflê. Die kinderleidingklinieke wat reeds in 1982 amptelik goedgekeur is, het egter nog nie op hierdie stadium gerealiseer nie (TOD, 1987d:2), en die tendens by die personeel van die kinderleidingklinieke om terug te appliseer vir die poste van onderwysadviseurs (vgl. TOD, 1986c:3), het voortgeduur. Met die uitsondering van een, het ses van die sewe aangestelde hoofde ook as adjunk-superintendente van onderwys: Kinderleiding, waargeneem. Voorts het dié hoofde gepoog om elk binne sy bepaalde dissipline die klinieke deels te vestig of as onderwysadviseur elders aan 'n onderwyshulpsentrum diens te lewer. Die enkele aangestelde opvoedkundige sielkundiges

is ook as onderwysadviseurs by onderwyshulpsentrums aangewend (TOD, 1987d:2).

Die tydperk vanaf 1983 tot 1987 moet as 'n interimtydperk gesien word. Sedert die begin van 1988, na die aanvanklike rasionalisasie teen die einde van 1982, is verdere struktuurveranderinge in die diens aangebring, en is 'n duidelike skeiding waarneembaar tussen die kliniek en die onderwyshulpsentrum, hoewel laasgenoemde instellings onafskeidbaar aan mekaar verbonde is (vgl. figuur 4.4 en 4.5). Hierdie is die toestand soos op die huidige en dit word meer breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek. Daarom word slegs gemeld dat daar tans vyf klinieke in werking is, naamlik dié op Middelburg, Johannesburg, Pretoria, Pietersburg en Potchefstroom.[1] Elke komprehensiewe eenheid beskik ook oor 'n onderwyshulpsentrum.

FIGUUR 3.1: ORGANISASIE EN POSTESTRUKTUUR VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS VAN DIE TOD: 1983-1987 (Aangepas uit Nieuwenhuis et al, 1984:96)



## 3.3 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN VOORLIGTING BINNE DIE SKOOL

Sedert die aanstelling van die eerste departementele beroepsvoorligter in 1936 het die belangstelling in beroepsvoorligting in die skole toegeneem en is onderwysers gevra om binne die skool as beroepsvoorligters op te tree (Kruger, 1975b:3). Reyneke (1955:35) meld dat daar teen 1944 al vier-en-veertig onderwysers deur die beroepsvoorligters van die beroepsvoorligtingsburo opgelei was om die Suid-Afrikaanse Groepsverstandtoets af te neem. Die beroepsvoorligtingsdiens het ook in April 1948 'n vakansiekursus vir voorligteronderwysers georganiseer om in die vraag na opgeleide voorligteronderwysers te voorsien (De Villiers-verslag, 1948:217).

In 1948 is 'n "Leerplan vir Beroepsvoorligting" gepubliseer en is daar bepaal dat van standerd 6 tot 9 een periode per klas per week aan beroepsvoorligting afgestaan moet word (Gerber, 1981:98). In 1950 is die stelsel egter weer afgewater toe 'n kommissie wat die Onderwysdepartement, die skole en die beroepsvoorligters van die departementele buro verteenwoordig het, bepaal het dat in skole waar die meeste leerlinge tot standerd 10 aanbly, die hoof in oorleg met die inspekteur moes vasstel in watter mate beroepsvoorligting in die vorm van lesings nodig is. Dit het in sommige gevalle aanleiding gegee tot die verontagsaming

van die verpligting om skoolvoorligting aan alle standerds aan te bied (Reyneke, 1955:75).

In 1957 het 'n departementele komitee die kurrikulum omvattend uitgebrei na onderwys-, persoonlikheids-, gesins-, en beroepsvoorligting, asook voorligting oor ontspanning (Gerber, 1981:98). Verder het omsendbrief 59 van 1957 (TOD, 1957:2) voorligting as verpligte vak vir alle klasse van die middelbare skool ingestel. Die nuwe kurrikulum is in 1958 ingevoer en die voorligteronderwyser was nou ook verantwoordelik vir persoonlike onderhoude. By alle hoërskole met 505+ leerlinge is 'n addisionele pos vir voorligting ingestel (TOD, 1962a:2-3).

In 1962 is dit weer duidelik gestel dat elke klas, vanaf die aanpassingsklas tot en met standerd 10, een periode skoolvoorligting per week moes ontvang (TOD, 1962b:2). Hierbenewens moes daar voorsiening gemaak word vir periodes vir onderhoude wat nie minder as een kwart en nie meer as een derde van die totale getal klasperiodes per week in beslag sou neem nie. Om te voorsien in die personeelbehoeftes om hierdie verpligtings na te kom, is een addisionele pos buite die raamwerk van die personeelvoorsieningskaal aan elke sekondêre en Klas II-skole toegeken. Die voogstelsel is in 1963 amptelik aangekondig (TOD, 1963:2-4).

Volgens Omsendbrief 1 van 1972 (TOD, 1972:1-6) word voorligting by die nuwe Jeugweerbaarheidsprogram, wat

daardie jaar ingevoer is, geïntegreer. Voorligting is hiervolgens in drie komponente verdeel, naamlik leiding ten opsigte van vak- en kursuskeuse, beroepsleiding en geestesweerbaarheid. Oënskynlik het laasgenoemde instelling van die Jeugweerbaarheidsprogram die voorligtingsposisie aan sekondêre skole gekortwiek, aangesien in die praktyk die aanbieding al dan nie van voorligting in die skole die keuse van die skoolhoof geword het en voorligting in baie skole heeltemal verdwyn het. Van departementsweë is ook nie meer van die program as voorligting gepraat nie, maar as jeug-(geestes)weerbaarheid (Kruger, 1975b:4; 1972:23). Die implementering van gedifferensieerde onderwys sedert 1973 het egter 'n kentering in die ongunstige situasie waarin voorligting was, meegebring. Die Voorgestelde Leergang vir Voorligting in die sekondêre skool wat in 1957 aan skole uitgereik is, was onder die nuwe omstandighede nie meer bruikbaar nie en is vervang met die Voorgestelde Handleiding vir Beroepsvoorligting in die sekondêre skool (TOD, 1974a:1-11). Maar belangriker nog, was die "herinstelling" van voorligting in die sekondêre skool met omsendminuut 210 van 1973. Hierdie omsendminuut het 'n nuwe voorligtingsprogram afgekondig wat afsonderlik van die Jeugweerbaarheidsprogram hanteer moes word en 'n voorligtings-, voog- en opvoedkundige program in koshuise ingesluit het (TOD, 1973:1-9). Aangesien die omsendbrief laat verskyn het, was dit volgens Steyn (1975:7) onmoontlik om dit gedurende 1974 te implementeer. Sedert 1975 is alles egter in die stryd gewerp vir die implementering daarvan.

Ten einde groter doeltreffendheid by skole te bewerkstellig, maak die programme vir voogwerk, beroepsleiding en jeugweerbaarheid sedert 1978 deel uit van die totale voorligtingprogram (TOD, 1977:1-20). Hierbenewens is die fisieke komponente van die Jeugweerbaarheidsprogram vir die seuns na die Kadetprogram, en vir die meisies na die fisieke aktiwiteite vir dogters verskuif, en die temas in die bestaande geestesweerbaarheidsprogram wat by beroepsleiding tuishoort, daarheen oorgeplaas. 'n Nuwe program vir beroepsleiding is in omsendminuut 20 van 1978 (TOD, 1978c:1-22) uiteengesit, en moes tesame met die voorligtingsprogram sedert die begin van 1978 geïmplementeer word.

'n Verdere mylpaal gedurende die sewentigerjare was die instelling van die pos van departementshoof: Opvoedkundige leiding vanaf 1 Januarie 1978 (TOD, 1978b:29). Laasgenoemde persoon moes sedertdien, onder leiding van die hoof, verantwoordelikheid vir Beroepsleiding aanvaar, asook die hele Voorligtingsprogram beplan en organiseer.

Bogenoemde kort historiese oorsig dui die toestand aan tot op die huidige. In hoofstuk 4 sal die Opvoedkundige Hulpdiens, soos wat dit in 1989 daar uitsien, meer volledig bespreek word.

**Aantekeninge**

1. Hierdie inligting is verkry uit gesprekke met amptenare van die diens.

# HOOFSTUK VIER

## DIE HUIDIGE STAND VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS VAN DIE TOD

### 4.1 INLEIDING

In hoofstuk drie is 'n kort historiese oorsig gegee van die ontwikkeling van die Opvoedkundige Hulpdiens sedert sy ontstaan tot op hede. Voordat daar oorgegaan kan word na 'n evaluering van die diens, is dit nodig om 'n duidelike beeld te gee rakende die struktuur daarvan en die verskillende dissiplines daaraan verbonde. In hierdie hoofstuk sal veral gelet word op die doelstellings en beleid, die aard en omvang, asook die administrasie, beheer en kontrole van die diens, soos dit tans daar uitsien. Laastens sal ook gekyk word na die opleiding, aanstellingsvereistes en werkterreine van die personeel verbonde aan die diens. Dit sal hoofsaaklik beskryf word aan die hand van die TOD se eie dokumente in dié verband.

## 4.2 DOELSTELLINGS EN BELEID

Een van die grondslae van die Nasionale Onderwysbeleid soos uiteengesit in Wet 39 van 1967 is dat onderwys verskaf moet word ooreenkomstig die vermoëns, aanleg en belangstellings van leerlinge en die behoefte van die land en dat, met inagneming hiervan, gepaste voorligting aan leerlinge gegee word. Voorligting behoort dus aan leerlinge verskaf te word ten opsigte van persoonlike aangeleenthede, opvoedkundige keuses en, met inagneming van die land se behoeftes, 'n beroepskeuse.

Die TOD se doel met voorligting is om 'n positiewe bydrae tot die opvoeding van die kind tot volwaardige, volwasse persoon te lewer en dit is onder andere nodig dat die leerling kennis dra van sy eie moontlikhede, tekortkominge en beperkings. Verder is dit nodig dat die skoolgaande kind kennis dra van al die geleenthede en keuses wat benut kan word, waaronder verskillende studierigtings, vakke, naskoolse opleidingsmoontlikhede en die beroepswêreld (TOD, 1986b:335).

Die spesifieke doelstellings wat met die voorligtingsprogram in die primêre skool beoog word, behels die volgende (TOD, 1973:2; 1987b:8-10):

- algemene steungewing, voorligting, leiding en voorlewing wat die taak is van almal wat in die skool en koshuis met die kind te doen het;
- uitkenning van besondere steunbehoewendes; en
- individuele steungewing en leiding aan leerlinge ten opsigte van persoonlike-, leer-, sielkundige- en opvoedkundige probleme.

Wat die sekondêre skool betref, het die voorligtingsprogram dieselfde as hierbo ten doel, asook steungewing en leiding op 'n groep- en individuele basis ten opsigte van die uitoefening van 'n beroepskeuse wat die volgende behels (TOD, 1973:2):

- die beginsels waarop beroepskeuse berus;
- selfevaluering;
- landsomstandighede as 'n faktor by beroepskeuse; en
- verwysing van individuele gevalle na die Opvoedkundige Hulpdiens.[1]

Die beleid vir skoolvoorligting is gebaseer op die Onderwyswet van 1967 (Wet no. 39 van 1967) waarin bepaal word op watter gronde voorligting gegee moet word. Riglyne vir die implementering van die skoolvoorligtingsbeleid word in verskeie omsendminute van die TOD uiteengesit, soos dit later in die hoofstuk bespreek sal word.

## 4.3 DIE AARD EN OMVANG VAN DIE DIENS

Breedweg gesproke maak die TOD voorsiening vir 'n algemene en gespesialiseerde voorligtingsdiens. Die algemene voorligtingsprogram bestaan uit verskillende komponente. In die primêre skool bestaan dit uit die voogprogram, die program vir opvoedkundige leiding en die noodplan. In die sekondêre skool bestaan dit uit die voogprogram, die beroepsvoorligtingsprogram, die noodplan, die geesteswerbaarheidsprogram, kadetopleiding en die program vir fisieke aktiwiteite vir dogters (TOD, 1987c:1; Steyn, 1984:3). Gespesialiseerde voorligting word verskaf deur die personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens, 'n opvoedingshulpdiens wat deur die TOD daar gestel is om aan alle leerlinge, en veral die wat in nood verkeer, hulp te verleen (Olivier, 1981:1; TOD, 1986b:348). Dit sluit gespesialiseerde opvoedkundige-, persoonlike- en beroepskundige hulp in. Hier moet veral leerlinge met leer-, verstands-, ontwikkelings-, sosiale-, keuse-, spraak- en taalgeremdhede in gedagte gehou word (vgl. Olivier, 1981:1).

Ten einde die stelsel van gedifferensieerde onderwys te laat slaag het die Opvoedkundige Hulpdiens 'n voorligtings- en begeleidingstaak ten opsigte van persoonlike bemoeienis met elke individuele leerling. Die hulpdiens vorm 'n geïntegreerde deel van die onderwysstelsel. Daarom funksioneer dit nie buite die skool om nie, maar juis vanuit die kind se besondere skool-, leer-, gesin- en

ontwikkelingsituasie. Wanneer hulpverlening op 'n gespesialiseerde vlak nodig is, tree die hulpdiens die skool tegemoet en voorsien die nodige deskundige bystand (Olivier, 1981:1).

Aanvanklik was daar 8 kinderleidingklinieke vir Transvaal goedgekeur (vgl. paragraaf 3.2.4). Tans is daar 5 in werking (TOD, 1988c:26), naamlik dié die Potchefstroom, Johannesburg, Pretoria, Middelburg en Pietersburg. Slegs die kliniek op Potchefstroom is volledig beman. Elke komprehensiewe eenheid beskik oor 'n onderwyshulpsentrum, hoewel slegs 25 hiervan permanent is (die ander 17 staan bekend as sogenaamde "subsentrums"). Die personeelvoorsiening van die onderwyshulpsentrums sluit onderwysadviseurs vir loopbaan-, opvoedings-, onderrig-, spraak-, stem-, taal en gehooraangeleenthede, asook vir voorligting in (Buitengewone offisiële koerant, 1989b:16), terwyl die kinderleidingklinieke uit opvoedkundige sielkundiges met spesialisasie in beroepsvoorligting, ortopedagogiek, ortodidaktiek en kompenserende opvoeding bestaan (Buitengewone offisiële koerant, 1986:20). Verder bestaan die personeel van die kinderleidingsklinieke ook uit arbeids- en spraakterapeute (Buitengewone offisiële koerant, 1984:18; Steyn, 1985:11), terwyl maatskaplike werkers, fisioterapeute op sessie-basis en mediese personeel op besoekende basis aan die klinieke vir die toekoms gevisualiseer word. Laastens beskik die hulpdiens ook oor die dienste van verpleegkundiges, wat in die diens van die departement van gesondheid is.

Tradisioneel was die Opvoedkundige Hulpdiens grootliks op simptoombehandeling, in plaas van voorkoming van probleme, ingestel. In die huidige bedeling is dit die primêre taak van die onderwyshulpsentrums om 'n bydrae te maak om probleme by leerlinge te voorkom, terwyl die kinderleidingklinieke meer ingestel is op die regstelling, steungewing en terapie aan leerlinge met probleme (vgl. Steyn, 1985:2). Anders gesien lê die verskil in die aantal gevalle wat hanteer word: die onderwyshulpsentrums bereik 'n groot aantal leerlinge in die skool (kwantitatief), terwyl slegs gevalle van hoë intrinsieke kompleksiteit (kwalitatief) deur die kinderleidingkliniek hanteer word.

Hoewel elkeen van die verskillende dissiplines 'n selfstandige terrein is met 'n eie taak en werkswyse, kan die werksterreine nie in waterdigte kompartemente van mekaar geskei word nie. Daar is in 'n groot mate oorvleueling en daar word op 'n gereelde basis op 'n interdissiplinêre en multiprofessionele wyse in belang van die kind met 'n probleem geskakel en saam gewerk (TOD, 1986b:348). Die personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens het toegang tot skole en is sodoende in staat om 'n volledige skool- en gesinshistorisiteitsbeeld van elke kind saam te stel. Die beeld word verder aangevul deur 'n intensiewe diagnoserings- en toetsprogram waar van toepassing (Gerber, 1981:175).

In 1980 is daar ongeveer 125 000 leerlinge deur die destydse Sielkundige- en Voorligtingsdiens hanteer, wat ongeveer 25%

van die Blanke skoolbevolking in Transvaal uitgemaak het (Nieuwenhuis et al, 1984:94). Teen 1986 het hierdie syfer gestyg tot 236 163, en in 1987 het 252 833 leerlinge onder die aandag van die personeel van die diens gekom (TOD, 1987d:5). Daar word gepoog om alle leerlinge binne die onderwysstelsel met emosionele-, leer-, gedrags- of beroepskeuseprobleme te identifiseer en aan diesulkes hulp te verleen. Die diens is egter nie slegs verskraal tot die kind in nood nie. Daar word juis gepoog om alle leerlinge te bereik en te help om hul volwassenheidswording so ongehinderd moontlik te laat verloop (Olivier, 1981:1).

Skoolvoorligting binne die onderwysstelsel maak voorsiening vir opvoedkundige voorligting (onderwyskeusevoorligting), beroepsvoorligting en persoonstruktuurvoorligting, hoewel daar nie duidelik tussen dié drie komponente onderskei word nie. Die jongste beroepsvoorligtingsprogram het in 1986 verskyn en die drie komponente is daarin geïntegreer. Die hele program het as einddoel om die leerling op te voed tot beroepsvolwassenheid sodat hy ten volle sal kan inskakel in die beroepslewe en sy beroep tot voordeel van homself, die gemeenskap en tot eer van sy Skepper sal beoefen (TOD, 1986a:1).

Volgens omsendminuut 98 van 1987 (TOD, 1987c:1) staan die verskillende komponente van Opvoedkundige leiding gesamentlik bekend as die Jeugweerbaarheidsprogram. Vyf verskillende komponente word onderskei, naamlik beroepsvoorligting, kadetopleiding, fisieke aktiwiteite vir

dogters, geestesweerbaarheid en gesinsvoorligting. Die organisasie en uitvoering hiervan word meer volledig in paragraaf 4.4.1.1 bespreek.

Die Opvoedkundige Hulpdiens poog om sovêr moontlik 'n leerling in sy tuisomgewing van pedoterapeutiese hulp te bedien. Tog is daar leerlinge wie se gedrag, inskakeling, asook omgewingsomstandighede veroorsaak dat hulle intensiewe pedoterapie en steungewing nodig het. Hierdie leerlinge word dan tydelik uit hul omgewings verwyder ten einde die nodige hulp in kliniekskole te ontvang (TOD, 1986b:349). Daar word afsonderlik voorsiening gemaak vir die volgende leerlinge:

- senior gedragsgeremdes (Waterberg kliniekskool op Potgietersrus);
- junior gedragsgeremdes (junior-primêr by Rand-en-Dal kliniekskool op Krugersdorp en senior-primêr by Leeurikskool op Leeudoringstad);
- junior gedragsgeremdes wat ook verstandsgestremd is (Randburg kliniekskool); en
- senior gedragsgeremdes wat ook verstandsgestremd is (Moedville kliniekskool op Rustenburg) (TOD, 1986b:349; 1989:134).

## 4.4 ADMINISTRASIE, BEHEER EN KONTROLE VAN DIE DIENS

In hierdie paragraaf word aandag gegee aan die organisasie van skoolvoorligting aan skole en by die Opvoedkundige Hulpdiens self. Laastens word gelet op die beheer en kontrole van die diens.

### 4.4.1 Die organisasie van skoolvoorligting aan skole


#### 4.4.1.1 Opvoedkundige leiding

In figuur 4.1 word die omvattende taak waarvoor die departementshoof: Opvoedkundige leiding verantwoordelikheid aanvaar, skematies voorgestel. Omdat die omvang van die Opvoedkundige leidingprogram so wyd is, sal daar vir die doel van hierdie studie slegs die belangrikste aspekte gedek word.

Volgens omsendminuut 98 van 1987 van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD, 1987c:1) staan die verskillende komponente van Opvoedkundige leiding gesamentlik bekend as die Jeugweerbaarheidsprogram. Vyf verskillende

komponente word onderskei, naamlik beroepsvoorligting, kadetopleiding, fisieke aktiwiteite vir dogters, geesteweerbaarheid en gesinsvoorligting. Hierby moet dan nog voogwerk gevoeg word. In dié omsendminuut vestig die departement die aandag op die belangrikheid van die Jeugweerbaarheidsprogram. Voorts word dit beklemtoon dat die inhoud van elke komponent 'n doelbewuste opvoedingshandeling inhou wat ten doel het om elke leerling nog beter vir 'n verantwoordelike lewenswyse en verhoogde lewenskwaliteit toe te rus (TOD, 1987c:1). Hoewel die Opvoedkundige leidingprogram in die primêre skole in Transvaal nie in besonderhede hier bespreek word nie, kan dit volledigheidshalwe slegs hier gemeld word dat die program die volgende komponente insluit: voorligting, die voogstelsel, buitelugopvoeding, gebeurlikheidsbeplanning, leierskapsontwikkeling, buitemuurse aktiwiteite en remediërende onderrig (TOD, 1987b:1).

FIGUUR 4.1: DIE OPVOEDKUNDIGE LEIDINGPROGRAM IN SEKONDêRE SKOLE (Aangepas uit De Lange, 1988b:1)




* DSO: DEPARTEMENTSHOOF: OPVOEDKUNDIGE LEIDING

Vervolgens word die 5 komponente van Jeugweerbaarheid in die sekondêre skool (TOD, 1987c:1), asook voogwerk, kortliks aan die hand van die betrokke amptelike stukke van die TOD bespreek:

1. **Beroepsvoorligting**

Elke leerling word op verskillende stadia van sy skoolloopbaan voor keuses gestel wat die welslae van sy totale lewensloop bepaal. Hierdie keuses hou onder andere onderwys-, studierigting-, vakkeuse en keuse in verband met 'n naskoolse opleiding in. Met die beroepsvoorligtingsprogram poog die TOD om elke leerling tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare onderwys- en beroepskeuse te begelei: "Die einddoel is om die kind tot beroepsvolwassenheid op te voed sodat hy ten volle sal kan inskakel in die beroepslewe en sy beroep tot voordeel van homself, die samelewing en tot eer van sy Skepper sal kan beoefen" (TOD, 1986a:1). 'n Doeltreffende beroepsvoorligtingsprogram kan nie los van die skool se opvoedkundige en onderwysaktiwiteite funksioneer nie en daarom is almal wat met die kind gemoeid is ook in 'n mindere mate by die program betrokke. Dit sluit die skoolhoof, die departementshoof: Opvoedkundige leiding, die voorligteronderwyser, die voogonderwyser en die vakonderwyser in (TOD, 1986a:2). Die tyd op die skoolprogram wat vir die beroepsvoorligtingprogram ingeruim behoort te word, sien soos volg daaruit (TOD, 1986a:2).

- Voorsiening moet gemaak word vir een halfuur-periode per klas per week vir groepvoorligting aan alle leerlinge van standerd 6 tot 10;

- Minstens een onderhoudperiode per week moet vir elke 100 leerlinge (of gedeelte daarvan) vir wie die voorligteronderwyser verantwoordelik is, aan hom/haar vir individuele hulp aan leerlinge en ouers toegeken word;

- Na skoolure is die voorligteronderwyser veronderstel om op gegewe tye vir individuele onderhoude met leerlinge, ouers, personeel, verteenwoordigers van werkgewende- en opleidingsinstansies en andere beskikbaar te wees.

## 2. Geestesweerbaarheid

Die nuwe Geestesweerbaarheidsprogram van die TOD is 'n verdere poging om 'n positiewe opvoedingsmilieu daar te stel waarin leerlinge in gesonde gesprekvoering met mekaar en met professionele, lewenservare opvoeders gehelp kan word om tot volwaardige volwassenheid te kom om sodoende die nodige geesteskrag te verwerf wat hulle in staat sal stel om hul roeping te kan vervul (TOD, 1987a:1). Geestesweerbaarheid sluit die komponente burgerskap, menseverhoudinge, lewenswaardes, verkeersveiligheid en sekerheidsbewustheid in (TOD,

1987a:2-5). In figuur 4.2 word die samevattende program vir Geestesweerbaarheid, asook die periode-indeling per standerd per jaar skematies voorgestel. Die personeel verantwoordelik vir die sinvolle implementering van die Geestesweerbaarheidsprogram is die departementshoof: Opvoedkundige leiding en 'n aantal geselekteerde personeellede (TOD, 1987b:7,9).

FIGUUR 4.2: GEESTESWEERBAARHEID: TEMAS EN PERIODE-INDELING (TOD, 1987a:4)

| | ST. 6 | ST. 7 | ST. 8 | ST. 9 | ST. 10 |
|---|---|---|---|---|---|
| Burgerskap | 4 | 7 | 4 | 6 | 8 |
| Menseverhoudings | 5 | 8 | 3 | 9 | 6 |
| Lewenswaardes | 5 | 7 | 3 | 7 | 8 |
| Verkeersveiligheid | 10 | 2 | 14 | 2 | 2 |
| Gebruiklikheidsbeplanning | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| Eie temas | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| TOTAAL | 30 | 30 | 30 | 30 | 30 |

## 3. Gesinsvoorligting

Die gesinsvoorligtingsprogram, wat 'n geïntegreerde deel van die nuwe Geestesweerbaarheidsprogram vorm (TOD, 1988b:1), het ten doel om 'n gelukkige, ewewigtige en gebalanseerde gesinslewe te bevorder. Die volgende doelstellings word met dié program nagestreef (TOD, 1988a:7):

- om die kind deur begeleiding in staat te stel om op verantwoordbare wyse stelling te kan inneem ten opsigte van sy persoonlike lewe om sodoende op sinvolle wyse en aan die hand van 'n Bybelse waardesisteem, in 'n dinamiese samelewing sy roeping te vervul;

- om ouers te ondersteun in die daarstelling van 'n gesonde opvoedingsverhouding met die kind, asook ten opsigte van die hantering van bepaalde vraagstukke wat ouers met die opvoeding van kinders belewe; en

- om dogters te adviseer tot verantwoordelike besluitneming indien 'n ongewensde swangerskap sou voorkom.

Geen spesifieke getal periodes word vir die gesinsvoorligtingsprogram afgesonder nie en hoofde kan periodes vir Geestesweerbaarheid na eie oordeel vir

hierdie doel aanwend (TOD, 1988a:11). Vanweë die sensitiewe aard van die Gesinsvoorligtingsprogram word geskikte onderwysers in samewerking met die superintendent van onderwys: Kring en die adjunk-superintendente van onderwys: Gesinsvoorligting deur die skoolhoof identifiseer wat vir die program, of dele daarvan, verantwoordelik is (TOD, 1988b:1). Hierdie onderwyser(s) hoef nie die departementshoof: Opvoedkundige leiding self te wees nie (TOD, 1988b:2). Personeellede wat aangewys is om gesinsvoorligting aan te bied, moet ook oriënteringskursusse bywoon (TOD, 1988b:1) alvorens hulle vir dié taak aangewend mag word.

4. **Kadetopleiding (Burgerskapopvoeding)**

Die TOD is tans besig met die infasering van 'n Burgerskapopvoedingsprogram wat die bestaande kadetprogram en fisieke - weerbaarheidsaktiwiteite vir dogters herkurrikuleer en saamvoeg met verantwoordelike burgerskap ten doel (vgl. DOK: 1989:1-37). Die kadetopleidingsprogram val onder die nuwe bedeling uiteen in 'n burgerskap- en kadetprogram wat geïntegreerd aangebied word. Die burgerskapprogram het spesifiek ten doel die begeleiding van die leerling tot sosiaal-maatskaplike verantwoordelikheid, staatkundige verantwoordelikheid en 'n verantwoordelikheid rakende landsveiligheid, terwyl die kadetprogram se primêre oogmerk steeds is om elke seun te motiveer, voor te berei

en te oriënteer met betrekking tot sy rol as burger van die land (DOK, 1989:4-5; TOD: 1974c:456).

Burgerskapopvoeding in al sy fasette word as volwaardige binne-kurrikulêre program aangebied. As sodanig word Kadette dus nou ook as 'n binne-kurrikulêre aktiwiteit aangebied, waar dit voorheen as 'n buite-kurrikulêre aktiwiteit, aaneenlopend met die skooldag, georganiseer en aangevul is (vgl. TOD, 1974c:457). Vir elke komponent van Burgerskapopvoeding word die onderwyser van 'n volledige programhandleiding en selfs lesmodelle voorsien, hoewel daar ook van gekwalifiseerde persone uit die gemeenskap gebruik gemaak mag word by die aanbieding van sommige komponente. Ten opsigte van die kadetprogram is die Departement van Onderwys en Kultuur oorhoofs verantwoordelik vir die kurrikulêre uitvoeringsfunksie terwyl die SAW as vennoot se verantwoordelikheid steeds ondersteunend van aard bly (DOK, 1989:5-6).

Die nuwe kadetprogram behels kortliks die volgende: vanaf standerd 6 tot 8 word sterk klem gelê op basiese inhoude, veral wat betref kadetopleiding. In standerd 9 tot 10 val die klem meer op kwalitatiewe burgerskap. Tesame met die teoretiese, word die program aangevul met paradewerk, bivakopleiding, kursusse vir gespesialiseerde opleiding (kadetorkeswerk, skietkuns, instrukteurs, prestige driloptrede) en buite-kurrikulêre kompetisie-optrede (DOK, 1989:7). Wat die tydsduur op

die skoolrooster betref, maak die periodetoekenning van twee 30 minute periodes per week per standerd (TOD, 1974c:457) voorsiening vir die burgerskapprogram.[4]

5. **Fisieke aktiwiteite vir dogters (Burgerskapopvoeding)**

Die fisieke aktiwiteite program poog om die dogters van 'n skool beter vir die daaglikse lewenswerklikhede voor te berei. Deur selftrots by die dogter te kweek, ook ten opsigte van haar gedrag en skooldrag, poog dié program om haar beter vir 'n verantwoordelike lewenswyse en verhoogde kwaliteit van lewe toe te rus (vgl. TOD, 1987e:1).

Onder die nuwe Burgerskapopvoedingsprogram (waarvan hierbo melding gemaak is) word die bestaande fisieke-weerbaarheidsaktiwiteite vir dogters herkurrikuleer in 'n nuwe program met verantwoordelike burgerskap ten doel. Die program bestaan uit 3 dele, naamlik:

- 'n Burgerskapprogram,
- 'n Kreatiwiteitsprogram, en
- Gebeurlikheidsbeplanning (DOK, 1989:3).

Die burgerskapprogram het dieselfde ten doel as dié vir die seuns, naamlik begeleiding tot sosiaal-maatskaplike verantwoordelikheid, staatkundige verantwoordelikheid en 'n verantwoordelikheid rakende landsveiligheid.

(Seuns en dogters woon in die praktyk hierdie komponent gesamentlik by.) Met die program vir Gebeurlikheidsbeplanning, wat deel vorm van die kadetprogram, word 'n basiese paraatheid en lewensvaardigheid nagestreef spesifiek ten opsigte van sekerheidsbewustheid, persoonlike veiligheid en optrede tydens noodsituasies. Die doel met die kreatiwiteitsprogram is om die dogter geleentheid te gee om uit die aard van haar aanleg en belangstelling, deel te neem aan sekere kreatiwiteitsaktiwiteite en om aan die hand daarvan die dogter te begelei tot volle ontplooiing van haar persoonsmoontlikhede (DOK, 1989:3-4).

Vir elke komponent van Burgerskapopvoeding word 'n volledige programhandleiding aan die onderwyser voorsien. By die kreatiwiteitsprogram en gebeurlikheidsbeplanning word hoofsaaklik van kundige persone en buite-instansies gebruik gemaak (DOK, 1989:6). Die program word gedurende twee 30 minute periodes per standerd per week aangebied. Vir 'n volledige uiteensetting van die temas wat in elke komponent aandag geniet, kan die kernkurrikula vir Burgerskapopvoeding (DOK, 1989: Deel 2) bestudeer word.

## 6. Die Voogprogram

Volgens Omsendminuut 136 van 1977 is die doel met voogwerk algemene en voortgesette steungewing en leiding deur almal wat met die kind by die skool en in die koshuis te doen het, die tydige uitkenning van leerlinge wat hulp nodig het en hulpverlening aan individuele leerlinge met probleme (TOD, 1977:2; 1987b:13).

Elke onderwyser wat verantwoordelik is vir 'n klas, vak, span, groep ens. moet voortdurend let op die aard van die betrokkenheid van leerlinge wat aan hom/haar toegesê is. Besonderhede van elke leerling ten opsigte van gesondheid, karakter, aanleg, gewoontes, prestasie, vryetydsbesteding, gesindheid ens. moet sinvol aangeteken word (TOD, 1973:6; 1987b:13). Hiervolgens is voogwerk 'n kontinue proses wat deur elke onderwyser, in elke fase van die skoolprogram, gedurende die skooldag en na skool vervul word en dus nie aan 'n bepaalde periode gekoppel word nie. Alle probleme en prestasies moet eers deur die onderwyser wat betrokke is, hanteer word. Indien nodig, moet daar verder verwys word na die departementshoof: Opvoedkundige leiding, die skoolhoof of die betrokke hulpdienste (Van Niekerk, 1987:64).

#### 4.4.1.2 Psigometries-opvoedkundige aspekte

Die toepassing van alle gestandaardiseerde psigometriese toetse wat betrekking het op Voorligting is die uitsluitlike taak van die Opvoedkundige Hulpdiens, wat die psigometriese toetsresultate interpreteer en integreer met die skool se gegewens ten einde 'n persoonsbeeld van die leerling te verkry. Die samestelling van 'n persoonsbeeld is 'n voorvereiste vir hulpverlening en 'n belangrike aspek van die werkwyse van elke dissipline by die hulpdiens (Steyn, 1984:6).

#### 4.4.1.3 Voorligtingprosedure

Voorligting in die skool bestaan uit groep- en individuele voorligting. Al die komponente van die voorligtingsprogram leen hul tot groepwerk (vgl. paragraaf 4.4.1.1). Voortvloeiend uit en in samehang met groepvoorligting is individuele voorligting, waar met elke leerling afsonderlik en, waar nodig, ook met sy ouers geraadpleeg word. Individuele voorligting vorm inderdaad 'n belangrike faset van die voorligtingsprogram (vgl. TOD, 1986a:9-11). Dit is tydens hierdie individuele gesprekvoering dat die inligting wat oor die leerling ingesamel is vir hom geïnterpreteer word.

Leerlinge wat nie deur die voorligteronderwyser gehelp kan word nie, word dan na die Opvoedkundige Hulpdiens verwys.

#### 4.4.1.4 Identifisering, hulpverlening en verwysing van leerlinge

Leerlinge kan op enige stadium gedurende hul primêre en sekondêre skoolloopbaan van die dienste van die Opvoedkundige Hulpdiens gebruik maak. Hierdie diens is selfs beskikbaar vir die voorskoolse kind. Hierdie gespesialiseerde hulpverlening aan die kind is geheel en al gratis.

Dit is 'n aanvaarde feit dat alhoewel elke kind gelykwaardig aan alle kinders is, bly hy kwalitatief ongelyk aan alle ander kinders en gevolglik kan almal nie dieselfde onderwys ontvang nie. Leerlinge wat uitgeken of geïdentifiseer moet word, is hoofsaaklik dié wat op spesiale onderwys aangewese is, leerlinge vir hulp- en remediërende klasse, groep C-leerlinge vir die Departement van Nasionale Opvoeding, hoogbegaafde leerlinge en leerlinge wat spesifieke onderwyskeuses moet uitoefen (Steyn, 1984:1). Die voorlopige identifisering van leerlinge geskied grootliks deur die skool in samewerking met die ouers, en die finale identifisering van leerlinge word deur verskeie dissiplines van die Opvoedkundige Hulpdiens behartig.

Dit is die skoolhoof se verantwoordelikheid om toe te sien dat leerlinge wat ernstige leerprobleme ondervind so gou moontlik deur die klas-/vakonderwyser geïdentifiseer word en onder die aandag van die Opvoedkundige Hulpdiens gebring word (TOD, 1986b:350). Wanneer 'n leerling met 'n probleem onder die hoof se aandag gebring word, moet hy volledig ondersoek instel in oorlegpleging met alle betrokkenes, insluitende die ouers. In die geval waar 'n leerling na die Hulpdiens verwys word, moet 'n aanmeldingsverslag (Vorm TOD 157) so volledig moontlik ingevul, en aan die betrokke onderwyshulpsentrum gestuur word. By die onderwyshulpsentrum word dan op 'n multidissiplinêre en multiprofessionele wyse hulp verleen (Gerber, 1981:181-182; TOD, 1986b:352).

Skoolhoofde verwys in die reël leerlinge met 'n verskeidenheid van probleme na onderwyshulpsentra. Dit sluit veral leerlinge in met 'opvoedkundige-, mediese-, gedrags-, spraak-, leer- en keuseprobleme.

#### 4.4.1.5 Tydstoewysing

Daar is reeds in paragraaf 4.4.1.1. breedvoerig na die tydstoewysing vir elke komponent van die Voorligtingsprogram verwys. Volledigheidshalwe word die situasie kortliks opgesom. In die primêre skool word een

halfuur per klas per week toegewys aan Opvoedkundige leiding. Wat onderhoudsvoering betref, word vir die departementshoof: Opvoedkundige leiding twee periodes per dag vir individuele onderhoude voorsiening gemaak (TOD, 1987b:21-22). In die sekondêre skool word een periode per klas per week vanaf standerd 6 tot 10 op die rooster afgesonder vir groepvoorligting (beroepsleiding). Ten minste tien periodes per week moet vir individuele voorligting op die rooster van die voorligteronderwyser toegeken word (TOD, 1973:8).

#### 4.4.1.6 Fasiliteite vir voorligting

Volgens beleid word in elke sekondêre skool 'n aldoellokaal as beroepsvoorligtingslokaal beskikbaar gestel. Hierdie lokaal mag, met die nakoming van die betrokke regulasies, verder omskep word om vir die besondere behoeftes van die vak voorsiening te maak (TOD, 1986a:4). Die sketsplan in Figuur 4.3 dui aan hoe 'n aldoellokaal as voorligtingsentrum ingerig moet word:


- die uitleg van die lokaal behoort voorsiening te maak vir 'n doelmatige biblioteek en die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels;

- die stoorkamer van die aldoellokaal kan, soos figuur 4.3 aandui, as onderhoudslokaal ingerig word;

- toesluit fasiliteite vir die berging van vertroulike besonderhede van leerlinge is 'n noodsaaklikheid.

Die toerusting en ameublement wat in die lokaal vir voorligting gebruik mag word, word in omsendminuut 39 van 1979 (TOD, 1979:1-2) uiteengesit.

FIGUUR 4.3: VOORLIGTINGSENTRUM (TOD, 1986a:4)




KODE

1. Skryfbord
2. Projeksieskerm
3. Kas met rakke
4. Tydskrifrakke
5. Boekrakke
6. Opwasbak
7. Aanspeldbord
8. Werksblaaie
9. Eenrigtingglas
10. Vloerstopkontak
11. Kennisgewingbord
12. Duiwehokrakkies

#### 4.4.1.7 Personeelvoorsiening

Skoolvoorligting aan sekondêre-, spesiale- en primêre skole ressorteer onder die departementshoof: Opvoedkundige leiding, wat verantwoordelik is vir die skoolvoorligtingsprogram asook die opvoedkundige welsyn van alle leerlinge (vgl. TOD, 1986a:10-11; De Lange, 1988b:1; Nieuwenhuis et al, 1984:97). Sommige groot skole beskik ook oor die dienste van twee departementshoofde vir Opvoedkundige leiding (De Lange, 1988a:2). Die personeel wat almal by die voorligtingsprogram betrek word, is volledig in paragraaf 4.4.1.1 bespreek. Dit kan slegs hier gemeld word dat hierdie personeellede gewone vakonderwysers is, en nie as voorligteronderwysers aangestel word nie.

### 4.4.2 Die organisasie van die Opvoedkundige Hulpdiens

#### 4.4.2.1 Kinderleidingklinieke

'n Kinderleidingkliniek is vir elk van die agt streke van Transvaal goedgekeur, maar almal funksioneer nog nie ten volle nie (vgl. paragraaf 4.3). Die personeel vir die klinieke sien soos volg daaruit:

**Permanente personeel**

- 'n Opvoedkundige sielkundige: beroepsvoorligting;
- 'n Opvoedkundige sielkundige: ortopedagogiek;
- 'n Opvoedkundige sielkundige: ortodidaktiek;
- 'n Opvoedkundige sielkundige: kompenserende opvoeding;
- 'n Spraakterapeut;
- 'n Arbeidsterapeut (TOD, 1986b:348).
- 'n Verpleegkundige[2], en
- 'n Maatskaplike werker (tans nog nie gerealiseer nie).

**Besoekende personeel**

Mediese personeel, byvoorbeeld algemene praktisyns, mediese spesialiste, psigiaters en fisioterapeute word vir die toekoms in die vooruitsig gestel. Hierdie spesialiste sal op 'n besoekende basis aan die klinieke verbonde wees en ook aan kliniekbesprekings deelneem.

Die organisasie en postestruktuur van die kinderleidingklinieke word in figuur 4.4. uiteengesit.[3]


#### 4.4.2.2 Onderwyshulpsentra

Onderwyshulpsentra word tans beman deur die volgende dissiplines:

- 'n Onderwysadviseur(s): Loopbaanaangeleenthede;
- 'n Onderwysadviseur(s): Onderrigaangeleenthede;
- 'n Onderwysadviseur(s): Voorligting;
- 'n Onderwysadviseur(s): Opvoedingsaangeleenthede; en
- 'n Onderwysadviseur(s): Spraak-, stem-, taal- en gehooraangeleenthede (Buitengewone offisiële koerant, 1989a:19).

Die organisasie en postestruktuur van die onderwyshulpsentra word uiteengesit in figuur 4.5.[3]

FIGUUR 4.4: ORGANISASIE EN POSTESTRUKTUUR VAN DIE KINDERLEIDINGKLINIEKE VAN DIE TOD: 1990[3]



#### 4.4.2.3 Kliniekskole


Onderwysadviseurs: Opvoedingsaangeleenthede is ook verbonde aan 'n aantal kliniekskole vir gedragsgeremde en verstandsgestremde leerlinge (vgl. figuur 4.5).

### 4.4.3 Beheer en kontrole van die diens

Die diens staan onder die beheer van die hoof-superintendent van onderwys verantwoordelik vir gespesialiseerde onderwys, en wat die oorkoepelende beleidmakende gesag verteenwoordig. Hierin word hy bygestaan deur die superintendent van onderwys: Gespesialiseerde onderwys, en vyf ander superintendente, elk verantwoordelik vir een van die volgende dissiplines en die integrering daarvan met skoolvoorligtingsprogramme:

- loopbaanaangeleenthede;
- opvoedingsaangeleenthede;
- onderrigaangeleenthede;
- voorligting; en
- spraak-, stem-, taal- en gehooraangeleenthede.

FIGUUR 4.5: ORGANISASIE EN POSTESTRUKTUUR VAN DIE ONDERWYSHULPSENTRA VAN DIE TOD: 1990[3]




*HSO: Hoof-superintendent van Onderwys
*SO: Superintendent van Onderwys
*OA: Onderwysadviseur
*DSO: Departementshoof: Opvoedkundige Leiding

Die hoof-superintendent van onderwys: Streek is verantwoordelik vir die administratiewe en organisatoriese aspekte in verband met die diens, en die hoof-superintendent: Akademies vir professionele- en vakkundige beheer.

In die skole self is die departementshoof: Opvoedkundige leiding in oorleg met die skoolhoof verantwoordelik vir die uitvoering van die skoolvoorligtingsprogram.

## 4.5 PERSONEELASPEKTE

### 4.5.1 Opleiding en aanstellingsvereistes van voorligter-onderwysers

Geen minimum kwalifikasies in voorligting word vereis vir aanstelling as voorligteronderwyser nie. 'n Onderwysdiploma dien as enigste vereiste. Daar kan egter aanvaar word dat voorkeur aan ervare onderwysers, veral diegene met kwalifikasies in voorligting, gegee word (vgl. Nieuwenhuis, et al, 1984:98; RGN, 1972:109).

Vir die pos van departementshoof: Opvoedkundige leiding word die volgende vereistes gestel: 'n kategorie D indeling

wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit, en die volgende aantal jare minimum onderwyservaring:

- kategorie D: vyf jaar
- kategorie E: vier jaar
- kategorie F: drie jaar
- Kategorie G: twee jaar (Buitengewone offisiële koerant, 1989b:6).

### 4.5.2 Opleiding en aanstellingsvereistes van personeel verbonde aan die Opvoedkundige Hulpdiens

#### 4.5.2.1 Kinderleidingklinieke

Die opvoedkundige sielkundiges, werksaam by kinderleidingklinieke, moet oor die volgende kwalifikasies beskik:

- 'n toepaslike meestersgraad in Sielkunde of Opvoedkundige Sielkunde;
- 'n erkende onderwyskwalifikasie;
- registrasie by die Beroepsraad vir Sielkunde en die Federale Onderwysersraad vir Blankes; en

- vyf jaar werklike onderwyservaring vir kategorie F en vier jaar werklike onderwyservaring vir kategorie G (Buitengewone offisiële koerant, 1989a:17).

Vir die pos van Spraakterapeut word die volgende minimum vereistes gestel:

- 'n erkende B. Log-graad in die spraakheelkunde en oudiologie; en
- registrasie by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as spraakterapeut (Buitengewone offisiële koerant, 1989a:18).

Die minimum vereistes wat vir die pos van Arbeidsterapeut gestel word, is die volgende:

- 'n erkende graad of diploma in arbeidsterapie; en
- registrasie by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as arbeidsterapeut (Buitengewone offisiële koerant, 1984b:18).

#### 4.5.2.2 Onderwyshulpsentra

Vir aanstelling as onderwysadviseur by 'n onderwyshulpsentra geld die volgende minimum vereistes:

- 'n toepaslike Meestersgraad in die Opvoedkunde of Opvoedkundige Sielkunde, Sielkunde of Spraakheelkunde/Oudiologie;
- 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- werklike onderwyservaring/ervaring as spraakterapeut:
  Kategorie F: 4 jaar
  Kategorie G: 3 jaar (Buitengewone offisiële koerant, 1989b:17).

**4.5.3 Werkterrein van die departementshoof: Opvoedkundige leiding**

Die bekleër van die pos departementshoof: Opvoedkundige leiding is onder leiding van die skoolhoof verantwoordelik vir:

- die algemene opvoedkundige welsyn van die leerlinge;
- die doeltreffende funksionering van die volgende opvoedkundige programme:

  (1) beroepsleiding (slegs sekondêre skole);
  (2) geesteswweerbaarheid;
  (3) voogwerk (skool en koshuis);
  (4) kadette (slegs sekondêre- en spesiale skole);
  (5) gebeurlikheidsbeplanning;
  (6) liggaamlike opvoeding;

(7) buitemuurse aktiwiteite;
(8) voorligting (slegs primêre skole).

- skakeling en opvolging ten opsigte van die besoeke aan veldskole;
- die daarstelling van 'n doeltreffende stelsel vir die uitkenning en hantering van leerlinge met probleme;
- die onderrig van 'n klas/vak/komponent van die programme in sy departement;
- onderhoudvoering;
- die identifisering en uitbouing van leierskap; en
- die doeltreffende aanwending van jeugleiers in die skool (Buitengewone offisiële koerant, 1989b:10-11; De Lange, 1988b:2).

### 4.5.4 Werkterrein van die kinderleidingkliniekpersoneel

Ter wille van die verkryging van 'n volledige beeld van die aard en omvang van die werk van elke dissipline word dit redelik volledig bespreek.

#### 4.5.4.1 Opvoedkundige sielkundiges

Soos reeds genoem, beman opvoedkundige sielkundiges die volgende dissiplines: beroepsvoorligting, ortodidaktiek, ortopedagogiek en kompenserende opvoeding. Tans is daar nie afsonderlike pligstate vir die genoemde dissiplines beskikbaar nie, waarskynlik omdat die instelling van die kinderleidingklinieke nog nie afgehandel is nie. Daar word dus volstaan met die samevattende pligte vir al vier dissiplines (Buitengewone offisiële koerant, 1989a:18):

- gespesialiseerde ondersoeke om die aard, omvang en moontlike oorsake van ernstige leer-, keuse- en opvoedingsprobleme by leerlinge te identifiseer;

- inskakeling, interpretering en kwalitatiewe evaluering van 'n verskeidenheid media om bogenoemde identifisering sinvol te laat verloop;

- die beplanning en aanbieding van sinvolle hulpverlening of terapie aan leerlinge met ernstige leer-, keuse- en opvoedingsprobleme;

- sinvolle voorligting aan ouers en onderwysers van leerlinge met genoemde probleme;

- navorsing op die terrein van identifisering van en hulpverlening aan leerlinge om voortdurend op die hoogte van sy vakgebied te bly;

- die op skrif stel van professionele verslae;

- leiding aan studente wat met internskapstudie besig is en wat moontlik na die kinderleidingkliniek gesekondeer is of aangestel mag word;

- sinvolle samewerking op interdissiplinêre en multiprofessionele vlak oor die identifisering van en hulpverlening aan leerlinge met ernstige leer-, keuse en opvoedingsprobleme;

- lidmaatskap van departementele vak- en navorsingskomitees wanneer in sodanige komitees aangestel;

- noue samewerking met die voorsitter van die kinderleidingkliniek en uitvoering van professionele opdragte wat ontvang mag word;

- daarstel van interpersoonlike verhoudings met die personeellede van die kinderleidingkliniek, leerlinge en ouers;

- versekering daarvan dat eie administratiewe organisasie te alle tye in orde is;

- uitvoering van departementele opdragte en beleid; en
- uitvoering van die etiese kode en beleid wat deur die onderskeie beroepsrade voorgeskryf word.

#### 4.5.4.2 Arbeidsterapeute

Die arbeidsterapeut bemoei hom/haar primêr met die kind met spesifieke leergeremdhede in soverre dit betrekking het op die visueel-perseptuele en koördinasie-uitvalle wat by hierdie leerlinge opgemerk word.

Die arbeidsterapeut se pligte behels die volgende (TOD, 1980:6):

- 'n volledige arbeidsterapeutiese ondersoek en die evaluering van die leerlinge se visueel-perseptuele en koördinasie moontlikhede;
- sinvolle hulpverlening aan daardie leerlinge waar daar bepaalde tekorte in die visueel-perseptuele moontlikheid opgemerk is;
- skakeling met die klasonderwyser of onderwyseres in die hulpklas en die nodige voorligting ten opsigte van die

onderwyseres se eie aandeel in die program vir hulpverlening;

- skakeling met die ouers in verband met hul aandeel in die program van hulpverlening;

- interdissiplinêre samewerking binne die kliniekverband, veral met die onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede;

- skakeling en goeie samewerking met medici;

- identifisering van en hulpverlening aan die kind met 'n spesifieke leergeremdheid en die hulpklasleerling;

- identifisering en hulpverlening gedurende skoolure by skole waar hulpklasse gestig is;

- behartig smiddae programme van identifisering en hulpverlening by die kinderleidingkliniek aan onder andere leerlinge wat nie tot hulpklasse toegelaat is nie;

- verantwoordelik vir alle apparaat, hulpmiddels en toetsmateriaal wat by ondersoeke gebruik word;

- waar moontlik word aandag aan voorskoolse kinders met moontlike visueel-perseptuele koördinasieprobleme gegee;

- administratiewe aangeleenthede;

- met behulp van voortgesette studie moet op hoogte gebly word van die jongste en beste metodes van evaluering en hulpverlening;

- dien op werkkomitees en is behulpsaam met die opstel van hulpprogramme en handleidings wat deur kollegas en skole gebruik kan word;

- lewer 'n positiewe bydrae ten aansien van simposia en ander byeenkomste; en

- gee uitvoering aan opdragte en beleid wat deur die Direkteur van Onderwys neergelê word.

#### 4.5.4.3 Spraakterapeute

Die meeste van die pligte van die spraakterapeut soos uiteengesit in die Handleiding vir werksbeplanning en pligstate (TOD, 1980:23-24) is oorgeneem deur die onderwysadviseur: Spraak-, stem-, taal- en gehooraangeleenthede. Die pligte van die spraakterapeut behels tans die volgende (Buitengewone offisiële koerant, 1989a:18):

- intensiewe diagnosering van leerlinge met spraak-, stem-, taal- en gehoorprobleme;

- intensiewe hulpverlening aan hierdie leerlinge;
- ouerbegeleiding in bogenoemde verband;
- die inskakeling van gesofistikeerde apparaat in bogenoemde verband;
- interdissiplinêre en multiprofessionele samewerking; en
- enige ander take soos deur die Direkteur van Onderwys opgedra.

### 4.5.5 Die werkterreine van die personeel van die onderwys-hulpsentrum

Die aard en omvang van die werk van elke dissipline word weereens ter wille van die verkryging van 'n volledige beeld redelik breedvoerig beskryf.

#### 4.5.5.1 Algemene pligte van die onderwysadviseur

Die algemene pligte van die onderwysadviseur kan soos volg saamgevat word (Buitengewone offisiële koerant, 1989b:17):

- voorligting aan onderwyspersoneel, ouers en leerlinge ten opsigte van leer-, keuse-, opvoedings-, spraak-, stem-, taal- of gehoorprobleme;

- identifisering van leerlinge met probleme soos hierbo genoem en die beplanning en uitvoering van terapeutiese en ander hulpprogramme;

- identifisering, plasing en groepering van leerlinge ten aansien van die tipe onderwys wat hulle behoort te ontvang;

- voorligting aan hoofde van skole en onderwyspersoneel ten aansien van die implementering van die algemene voorligtingsprogram;

- sinvolle skakeling op interdissiplinêre vlak met onderwyspersoneel en ander instansies;

- alle administratiewe sake rakende eie dissipline; en

- verantwoordelikheid vir enige verdere pligte en opdragte soos opgedra.

#### 4.5.5.2 Spesifieke pligte van onderwysadviseur

Die meer spesifieke pligte van die personeel verbonde aan die onderwyshulpsentrum word ten opsigte van elke besondere dissipline in die Handleiding vir werksbeplanning en pligstate (gewysig en verbeter: Junie 1980) uiteengesit.

Vervolgens word 'n uittreksel uit dié handleiding ten opsigte van elke dissipline se pligstaat voorgehou (TOD, 1980:5-26):

**(1) Die onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede (OA : LA)**

Die onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede verskaf hulp aan alle betrokkenes in die organisering en uitvoering van voorligtingsdienste in sy bepaalde komprehensiewe eenheid. Dit is 'n omvangryke taak en sluit onder andere voorligting aan leerlinge, ouers, onderwysers en skoolhoofde in. Opsommend kom die funksies van die OA : LA op die volgende neer (TOD, 1980:7-8).

(i) **Die primêre skool**

- staan die skool by in die organisering en implementering van die komponent opvoedkundige leiding van die voorligtingsprogram;
- reël periodieke saamtrekke en organiseer werkstudiegroepe vir departementshoofde: Opvoedkundige leiding met die oog op doeltreffende implementering van die Opvoedkundige leidingsprogram;
- pas 'n intensiewe diagnoseringsprogram toe op alle standerd vyf leerlinge met die oog op hulpverlening tot verantwoordbare vak-, kursus- en skoolkeuses;
- Verskaf groep- en individuele voorligting aan ouers van standerd vyf leerlinge met betrekking

tot gedifferensieerde onderwys in die sekondêre skool;

- Pas selektiewe IK-groeptoetsing vanaf standerd drie toe; en
- Identifiseer leerlinge met probleme vir interdissiplinêre hantering deur middel van groeptoetsing.

(ii) **Die sekondêre skool**

- Oriënteer hoofde van skole, departementshoofde: Opvoedkundige leiding en voorligtingsonderwysers met betrekking tot die implementering van die voorligtingsprogram;
- Lei voorligtingsonderwysers en departementshoofde: Opvoedkundige leiding op vir hulle taak in die implementering van die komponent Beroepsleiding;
- Loods 'n intensiewe opvolgprogram met alle standerd ses-leerlinge;
- Verskaf hulp aan individuele standerd sewe-leerlinge met betrekking tot finale studierigting-, vak- en vlak van vakkeuse;
- Verskaf beroeps- en naskoolse studieleiding aan individuele skoolverlaters wat deur die voorligteronderwysers na die onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede verwys word;
- Loods opvolgprogramme met standerd agt-leerlinge;

- Hanteer alle leerlinge wat verwys word met betrekking tot verandering van kursus-, vak- en studierigtingkeuses asook leerlinge met probleme met betrekking tot studiemetodes, ensovoorts;
- Pas alle psigometriese groeptoetse toe en interpreteer die resultate (dit sluit ook die toepassing van IK-toetse op 'n selektiewe basis in); en
- Verskaf groep- en individuele voorligting aan ouers van veral standerd sewe-leerlinge met die oog op gedifferensieerde onderwys in die sekondêre skool.

(iii) **Die spesiale skool**

- Staan die skool by met die organisering en implementering van veral die Beroepsleidingsprogram;
- Verskaf hulp aan individuele spesiale skoolleerlinge met betrekking tot spesifieke praktiese vakrigtings- en beroepskeuse; en
- Help met die indeling van homogene groepe waar van toepassing.

(iv) **Die beroepswêreld**

Die onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede dien as skakel tussen die skool en die beroepswêreld. In dié verband reël of onderneem hy van tyd tot tyd inligtingsbesoeke aan werkgewende- en opleidingsinstansies binne sy komprehensiewe eenheid;

woon alle inligtingsbesoeke wat deur die superintendent gereël word by; kanaliseer alle bekombare inligting aan die skole in sy betrokke eenheid en reël beroepsuitstallings in samewerking met sy kollegas op 'n streekbasis.

(v) **Voornemende onderwysstudente**

Lei die betrokke sekondêre skoolpersoneel op met betrekking tot die invul van vorms vir voornemende onderwysstudente, kontroleer die vorms en woon keuringsvergaderings op uitnodiging van die Superintendent van Onderwys by.

(vi) **Die Plaaslike Beplanningskomitee**

Dien ampshalwe op die Plaaslike Beplanningskomitee waar hy koördinerend funksioneer ten einde die beleid van gedifferensieerde onderwys te help implementeer.

(vii) **Algemeen**

- In opdrag van die Komitee van Onderwyshoofde verskaf die onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede hulp aan die RGN met betrekking tot die standaardisering van toetse;
- Woon periodiek alle simposia wat deur die TOD gereël word by;

- Spreek op versoek van hoofde van skole ouer- en personeelvergaderings toe oor onderwerpe rakende sy terrein;
- Handel alle administratiewe funksies nougeset af; en
- Hanteer alle verwysings van kliniekpersoneel met betrekking tot leerlinge met wie interdissiplinêre bemoeienis gemaak word.

**(2) Die onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede (OA : OA)**

Die onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede se primêre taak is bemoeienis met die kind met 'n leerprobleem en 'n spesifieke leergeremdheid, sy ouers en sy skoolsituasie. Die OA : OA bemoei hom dus met die kind wat nie leer soos wat hy behoort te leer nie en by wie daar 'n gaping is tussen leermoontlikheid en leerwerklikheid. Samevattend behels sy taak die volgende (TOD, 1980:11-12):

- In die eerste plek gaan dit om die identifisering van die kind met ernstige leerprobleme en spesifieke leergeremdhede. Dit gaan om die sinvolle inskakeling van die nodige media ten einde die aard, omvang en moontlike oorsake van die leerprobleem aan te dui;
- In die tweede plek gaan dit om sinvolle hulpverlening aan die kind in sy vasgelope leersituasie ten einde sy

leerprobleem te oorkom en weer te leer soos wat hy behoort te leer;

- Identifisering behels ook voortgesette studie ten einde op die hoogte te bly van die inskakeling en vertolking van toepaslike media;
- Hulpverlening behels ook voortgesette studie ten einde op die hoogte te bly van die jongste en beste metodes van onderrig, in besonder in soverre dit betrekking het op die kind met 'n leerprobleem en spesifieke leergeremdheid.

(i) Die skool

- Na afhandeling van 'n volledige ortodidaktiese ondersoek word 'n hulpprogram vir die betrokke leerling opgestel. Die onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede verseker dat die skool 'n afskrif van die hulpprogram ontvang en bespreek dit met die onderwyser wat vir hulpverlening verantwoordelik sal wees;
- Die onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede verseker dat die nodige voorligting aan skole, hoofde en onderwysers, gegee word vir soverre dit betrekking het op die identifisering van en hulpverlening aan die kind met 'n leerprobleem en spesifieke leergeremdheid;
- Gereelde opvolgbesoeke word gedoen ten aansien van alle leerlinge wat ondersoek is en vir wie hulpprogramme beplan is;

- Help met die opleiding van onderwysers in soverre dit betrekking het op die inskakeling van media vir die vroegtydige uitkenning van en hulpverlening aan die kind met 'n leerprobleem.

(ii) Die kind met 'n spesifieke leergeremdheid - hulpklasse

- Gee die nodige voorligting en hulp aan hoofde van skole met betrekking tot die stigting van hulpklasse. Aanvaar die verantwoordelikheid vir die identifisering van leerlinge vir toelating tot hulpklasse asook die samestelling van hulpprogramme vir sodanige leerlinge;
- Gereelde besoeke aan hulpklasse ten einde die moontlike uitplasing van leerlinge met die hoof van die skool en die onderwyser te bespreek en om die nodige opvolgondersoeke te doen;
- Gereelde opvolgbesoeke ten aansien van hulpklasleerlinge wat na die gewone klas teruggeplaas is. Gee die nodige voorligting aan die onderwyser;
- Werk ten nouste saam met die verantwoordelike superintendent (akademies).

(iii) Die onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede en sy kollegas binne sentrumverband

- Werk ten nouste saam met die sentrumhoof en ander dissiplines binne die sentrum. Lewer 'n

positiewe bydrae om die beginsel van interdissiplinêre samewerking te laat slaag;

- Verantwoordelik vir ortodidaktiese ondersoeke van leerlinge wat deur die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede vir spesiale onderwys oorweeg word en indien sodanige ondersoeke, na samespreking, nodig geag word;
- Verantwoordelik vir alle deklassifiseringsondersoeke van leerlinge in spesiale skole en -klasse wat vir deklassifisering oorweeg word;
- Volledige ortodidaktiese ondersoeke en hulpprogramme ten opsigte van leerlinge wat vir terapeutiese koshuisplasings oorweeg word;
- Interdissiplinêre samewerking ten opsigte van kinders met probleme;
- Aanvaar die verantwoordelikheid vir persoonlike hulpverlening aan leerlinge met ernstige leerprobleme vir 'n minimum van ses sessies per week in namiddae by die sentrum.

(iv) Die onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede en die leerlinge se ouers

- Verseker dat die nodige voorligting aan ouers van leerlinge met leerprobleme en spesifieke leergeremdhede gegee word;
- Aanvaar die verantwoordelikheid vir alle skoolgereedheidsondersoeke van nie-skoolpligtige

leerlinge wanneer sodanige versoeke van ouers ontvang word;

- Hanteer aansoeke om tydelike vrystelling van skoolbesoek wanneer sodanige versoeke via die skoolraad, ouers en kollegas ontvang word; en
- Spreek ouers toe tydens ouervergaderings nadat vooraf toestemming van die Superintendent van Onderwys ontvang is.

**(3) Die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede (OA : OPA)**

Die taak van die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede is wyd en uiteenlopend. Die kern van die OA : OPA se taak is 'n volledige verkenning en evaluering van die wordingsgeremde kind se beleweniswêreld teen die agtergrond van sy leefwêreld, die ontwerp en beplanning van 'n hulpverleningsprogram en pedoterapie (vgl. Olivier, 1981:4). Die Handleiding vir werkbeplanning (TOD, 1980:15-17) omskryf die OA : OPA se werksterrein as volg:

(i) Algemeen

- die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede se werk word gedoen vanuit pedagogiese perspektief en al sy handelinge moet derhalwe pedagogies verantwoordbaar wees;

- dit is sy taak om die gedragsgeremde leerling in samewerking met die ouers en skoolpersoneel te steun tot verwerking van sy probleme en tot verwerkliking van sy moontlikhede;
- die evaluering van die verstandsgestremde leerling en die aanbeveling vir die klassifisering van sodanige leerlinge wat daarvoor kwalifiseer in samewerking met die skool en die ouers;
- die verskaffing van toepaslike voorligting aan hoofde, onderwysers, ouers en leerlinge;
- hy besoek skole om die probleme van aangemelde leerlinge te ondersoek, te evalueer, aanbevelings te maak, voorligting te gee en hulp te verleen;
- hy is namiddae beskikbaar by die sentrum om pedoterapie te verleen, onderhoude te voer en voorligting te verskaf;
- hy voer sy pligte uit binne die raamwerk van interdissiplinêre samewerking wat op alle onderwyshulpsentra van toepassing is.

(ii) Gedragsgeremde leerlinge

- Die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede onderneem 'n volledige ortopedagogiese diagnoseringsondersoek wat onder andere insluit die inskakeling van toepaslike ortopedagogiese verkenningsmedia asook onderhoude met die ouers, klasonderwysers, en die departementshoof: Opvoedkundige leiding;

- Die opstel van 'n volledige ortopedagogiese diagnoseringsverslag met 'n gemotiveerde aanbeveling;
- Besluitneming oor verdere optrede en die beplanning van pedoterapie in samewerking met die onderwysadviseur: Voorligting, die leerlinge, die ouers, die skoolpersoneel en waar nodig die superintendent van onderwys. Pedoterapie by die plaaslike onderwyshulpsentrum geniet te alle tye voorkeur;
- Waar die terapeutiese plasing van 'n leerlinge in 'n koshuis of kliniekskool oorweeg word, is die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede verantwoordelik vir die samestelling en deurstuur van die klassifiseringstukke, nadat die verslae van die betrokkenes ontvang is;
- Die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede by die kliniekskool se hooftaak is pedoterapie met die leerlinge wat as gedragsgeremd geklassifiseer is. Daarbenewens steun hy en verskaf voorligting aan die skoolpersoneel met die implementering van die oorhoofse terapeutiese program;
- Die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede stel gereeld vorderingsverslae op ten opsigte van die leerlinge wat terapeuties of voorwaardelik in sy gebied geplaas is.

(iii) Die verstandsgestremde leerling

- In samewerking met die onderwysadviseur: Spraak-, stem-, taal- en gehooraangeleenthede word die skolastiese stand, taalverwerwing en intelligensiemoontlikhede van die leerlinge wat weens besondere swak skoolprestasie aangemeld word, geëvalueer, byvoorbeeld leerlinge wat reeds een keer gedruip het.
- Besluitneming en aanbeveling ten opsigte van klassifisering of permanente vrystelling van verstandsgestremde leerlinge, in samewerking met die skoolhoof, ander sentrumpersoneel en die superintendent van onderwys.
- Voorligting aan die skoolhoof en skoolpersoneel ten opsigte van die vroegtydige uitkenning van verstandsgestremde leerlinge.

(iv) Leerlinge met spesifieke leergeremdhede
Die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede onderneem IK- en ander toepaslike ondersoeke ten opsigte van die uitkenning van en hulpverlening aan hierdie leerlinge.

(v) Voorligting aan ouers, skoolpersoneel en leerlinge

- Die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede het 'n belangrike voorligtingstaak ten opsigte van die voorkoming en/of regstelling van problematiese opvoedingsaangeleenthede.

- Gespesialiseerde voorligting aan ouers ten opsigte van reeds aangemelde leerlinge word aan ouerpare voorsien, terwyl voorkomende voorligting aan individuele ouers of groepe ouers verskaf word.
- Die voorligting aan skoolhoofde en skoolpersoneel sal veral betrekking hê op daardie aspekte wat verband hou met problematiese of ontoereikende opvoeding tuis.
- Voorligting aan individuele of groepe leerlinge sal veral verband hou met die hantering van persoonlike probleme en verhoudingsprobleme.
- Voorligting op versoek van ander instansies soos gesinsorganisasies, kinderwelsynorganisasies, kerke, kinderleidinggroepe, ouer-onderwysers-verenigings, ensovoorts.

(vi) Interdissiplinêre samewerking

- Versoeke vir ortopedagogiese ondersoeke deur ander lede van die onderwyshulpsentrum geniet te alle tye hoë voorrang.
- Die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede woon die weeklikse sentrumvergadering by waar nuwe aanmeldings bespreek en toegewys word, asook terugrapportering oor afgehandelde ondersoek gedoen word.

(4) Die onderwysadviseur: Voorligting (OA : V)

Die primêre funksie van die onderwysadviseur: Voorligting is ouerbegeleiding. Die begeleiding vind oor die hele lewenspektrum plaas en is daarop gerig om die ouer by te staan in die opvoeding van die kind. Die pligte van die OA : V word omskryf in die Handleiding vir werksbeplanning en pligstate (TOD, 1980:18-21) en behels die volgende:

- **Sosiopedagogiese ondersoek** van die problematiese opvoedingsituasie wat 'n deeglike verkenning en evaluering van die gesin as opvoedingsituasie impliseer;

- **Ouerbegeleiding** is die kern van die taak van die onderwysadviseur: Voorligting en is gerig op die opheffing van die opvoedingsbelemmerende faktore wat ten grondslag lê van die disharmoniese opvoedingsdinamiek. Dit behels ook 'n evaluering van vordering met ouerbegeleiding aan die hand van pedagogiese kriteria;

- **Identifisering van wordingsgeremde leerlinge**: Aangesien dit van die grootste belang is dat wordingsgeremde leerlinge so vroeg moontlik geïdentifiseer word, het die onderwysadviseur: Voorligting die taak om skoolhoofde, onderwysers, en ook ouers by te staan en leiding te gee ten opsigte van die vroegtydige identifisering van sodanige leerlinge.

- **Leerlingbegeleiding**: Die onderwysadviseur: Voorligting moet aanvullend tot die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede se terapeutiese bemoeienis met 'n leerling reeds op die vroegste moontlike stadium 'n vertrouensverhouding met die gedragsgeremde leerling opbou. Die volgende begeleidingsmoontlikhede kan in dié verband benut word:

  - kennismaking met elke leerling wat as gedragsgeremd aangemeld word;

  - die terapeutiese verwydering wat 'n gulde geleentheid skep om begeleidend met die leerling om te gaan, sy nood te leer ken en sy vertroue te wen; en

  - gedurende besoeke aan die ouerhuis, koshuis of kliniekskool word telkens kontak met die leerling gemaak en word hy begeleidend gesteun.

- **Nasorg** ten aansien van gedeklassifiseerde leerlinge wat onder andere insluit: hulp met in-werk-plasing in samewerking met die onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede en die Departement van Mannekrag-benutting asook begeleiding vir 'n periode van drie jaar ten einde sodanige leerlinge se verdere vordering op die rehabilitasieweg te verseker.

- Die **eerste verwydering** van geklassifiseerde leerlinge na kliniekskole of koshuise wat as 'n terapeutiese opgaaf

beskou kan word in dié sin dat dit wesenlik "begeleiding" is.

- **Vervoer** van kliniekskoolleerlinge aan die begin van elke termyn na en vanaf sentrale punte word deur die onderwysadviseur: Voorligting onderneem indien die ouer dit nie self kan doen nie.

- Die onderwysadviseur: Voorligting moet 'n aanbeveling maak ten opsigte van die **voorwaardelike uitplasing of deklassifisering** van leerlinge. Hierdie aanbeveling berus op die gereedheid van die ouerhuis om die kind tuis te ontvang, wat bepaal word deur die mate van sukses behaal met die ouerbegeleidingsprogram.

- In die geval van 'n terapeutiese plasing van 'n leerling is die onderwysadviseur: Voorligting verantwoordelik vir al die **reëlings** met die betrokke skool, die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede en die ouerhuis.

- Die skryf van die volgende **verslae**:

  - 'n **sosiopedagogiese** verslag na 'n ondersoek van die gesinsomstandighede;

  - 'n **ouerbegeleidingsverslag** wat periodiek opgestel word ten opsigte van alle leerlinge wat in klinieksole

of koshuise geplaas is sowel as van leerlinge wat by die plaaslike sentrum terapie ontvang; en

- 'n nasorgverslag wat aan die einde van elke jaar vir 'n periode van drie jaar opgestel word ten opsigte van elke gedeklassifiseerde leerling. Hierdie verslag moet duidelik aantoon watter sukses met die voortgesette begeleiding behaal word en in watter mate die rehabilitasieprogram wat die leerling deurloop het, geslaagd was.

• Die onderwysadviseur: Voorligting werk ten nouste saam met amptenare van die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, ander welsynsinstansies, die kindersorgkommissaris en die Suid-Afrikaanse Polisie in die geval van leerlinge wat sorgbehoewend is of ingevolge die Kinderwet (Wet 33 van 1960) hanteer moet word.

• Die onderwysadviseur: Voorligting is verantwoordelik vir die inskakeling van die Fickskaal in die geval van leerlinge wat aanbeveel word vir klassifisering as gedragsgeremd indien sodanige leerlinge kwalifiseer vir toetsing.

• Hulp wat die selektering van leerlinge vir spesiale onderwys betref, word verleen aan die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede waar sodanige hulp noodsaaklik is.

- In ooreenstemming met die interdissiplinêre werkswyse wat gevolg word, werk die onderwysadviseur: Voorligting ten nouste saam met die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede wat betref die wordingsgeremde kind en ook met al die ander lede van die onderwyshulpsentrum.

**(5) Die onderwysadviseur: Spraak-, stem-, taal- en gehooraangeleenthede (OA : ST)**

Die taak van die onderwysadviseur: Spraak-, stem-, taal- en gehooraangeleenthede is die identifisering van spraak-, stem-, gehoor- en taalprobleme en hulp en terapie aan diesulkes in pre-primêre, primêre en sekondêre skole. Die pligte van die OA : ST word uiteengesit in die Handleiding vir werksbeplanning en pligstate (TOD, 1980:23-24).

(i) **Spraakprobleme**

- Hieronder word ingesluit alle artikulasieprobleme, dit wil sê, probleme met produksie van die [s]/[r] klanke en die normale vloei van spraak.
- Evalueer leerlinge ten opsigte van terapie-prioriteite.
- Gee terapie aan leerlinge.
- Verskaf hulp en voorligting aan ouers en onderwyspersoneel met betrekking tot hantering van kinders met spraakprobleme.

- Verskaf tuisprogramme aan leerlinge wat nie gereeld vir terapie geneem kan word nie.

(ii) **Hakkel**

- Identifiseer die probleme van die hakkelaar.
- Gee terapie om die leerlinge se vlotheidsvermoë te verbeter.
- Verskaf hulp en leiding aan die ouer en die onderwyser in die verband.

(iii) **Stemprobleme**

- Na identifisering word leerlinge met stemprobleme eers medies verwys om enige fisieke oorsake te elimineer.
- Terapie en leiding word aan hierdie leerlinge, hulle ouers en onderwysers verskaf.

(iv) **Gehoorprobleme**

- Toets die gehoor van leerlinge met moontlike gehoorverlies.
- Verwys hierdie leerlinge langs die regte kanale vir moontlike mediese hulp of gehoorapparaat-evaluering.
- Help die leerling met die gebruik van die gehoorapparaat.
- Doen spraakleesopleiding (liplees).

(v) **Taalprobleme**

- Stel die peil van hierdie leerlinge se taalvermoë vas.
- Gee terapie om hierdie leerlinge se taalvermoë te verbeter.
- Verskaf hulp en leiding aan die ouers en ook die onderwysers in die verband.
- Periodieke evaluering van hierdie leerlinge se vordering.
- Tuisbesoeke word by alle leerlinge met bogenoemde probleme, waar nodig, gedoen.
- Verskaf voorligting by skole om onderwyspersoneel behulpsaam te wees met die identifisering van en moontlike hulpverlening aan leerlinge met probleme.
- Sifting van graad een-leerlinge met die oog op die identifisering van leerlinge met probleme, toepaslike hulpverlening en verwysing.

(vi) **Interdissiplinêre samewerking**

- Spesiale Onderwys.

  - Neem taaltoetse af by 6-, 7- en 8-jarige leerlinge om te bepaal of 'n taalprobleem die moontlike oorsaak van swak skolastiese prestasie kan wees.

  - Neem gehoortoetse af by alle leerlinge aangemeld vir spesiale onderwys om vas te stel

of 'n moontlike gehoorverlies die oorsaak van swak skolastiese prestasie kan wees.

- Die gehoor van alle leerlinge wat aanbeveel word vir klassifisering as gedragsgeremd word getoets.
- Taalevaluerings- en gehoortoetse word vir moontlike hulpklaskandidate en leerlinge wat getoets word vir skoolgereedheid, gedoen.
- Oudiometriese ondersoeke soos aangevra deur Skoolmediese Dienste word gedoen.

## 4.6 SINTESE

In hierdie hoofstuk is gepoog om die realisering van die doelstellings en beleid van die TOD t.o.v. die Opvoedkundige Hulpdiens in die praktyk te beskryf. Die organisasie van skoolvoorligting aan skole is bespreek deur te let op die verskillende komponente van die Opvoedkundige leidingsprogram. Hierna is die organisasie van skoolvoorligting by die kinderleidingklinieke en onderwyshulpsentra bespreek. Laastens is die personeelaspekte van die diens onder die loep geneem, deurdat daar gekyk is na die opleiding- en aanstellingsvereistes van die personeel verantwoordelik vir voorligting by skole en by die Opvoedkundige Hulpdiens, asook na die werkterreine van elk van hierdie dissiplines.

In hoofstuk 5 sal die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD geëvalueer word teen die agtergrond van die literatuurstudie wat in hoofstuk 2 onderneem is.

## AANTEKENINGE

1. In die oorspronklike dokument is die benaming "Sielkundige- en Voorligtingsdiens" gebruik.

2. Die verpleegkundige(s), word fisies by die kinderleidingkliniek geakkommodeer, hoewel hulle nie in diens van die TOD is nie, maar onder die Provinsiale Administrasie van Transvaal ressorteer.

3. Beide figuur 4.4 4 en 4.5 is 'n poging om die organisasie van die Opvoedkundige Hulpdiens skematies voor te stel, soos wat dit tans daar uitsien, en is gegrond op afleidings wat uit die bestudeerde literatuur gemaak is. Die voorstelling van Nieuwenhuis **et al** (1984:96) is as vertrekpunt gebruik.

4. Vergelyk die kernkurrikulum vir Burgerskapopvoeding (DOK, 1989:vii-viii).

# HOOFSTUK VYF

## SAMEVATTING, EVALUERING EN AANBEVELINGS

### 5.1 INLEIDING

Die kriteria wat in hoofstuk 2 gestel is gaan in hierdie hoofstuk as riglyn gebruik word om die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD te evalueer, deur hoofsaaklik te kyk na die doelstellings en beleid, aard en omvang, asook die organisasie en administrasie van die Hulpdiens. Die huidige stand van sake wat die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD betref, sal telkens kortliks saamgevat en geëvalueer word teen die agtergrond van die literatuurstudie wat in hoofstuk 2 onderneem is. Laastens sal 'n aantal aanbevelings gemaak word na aanleiding van die perspektiewe wat verkry is.

## 5.2 DOELSTELLINGS EN BELEID

### 5.2.1 Samevatting

Die TOD se doel met skoolvoorligting behels kortliks om 'n positiewe bydrae te lewer tot die opvoeding van die kind tot volwaardige, volwasse persoon en om kennis aan 'n leerling oor te dra wat betref sy eie moontlikhede, tekortkominge en beperkings, asook van alle geleenthede en keuses wat benut kan word (vgl. paragraaf 4.2). Hierdie doelstelling is gebaseer op die Onderwyswet van 1967 waarin bepaal word dat onderwys (respektiewelik voorligting) verskaf moet word ooreenkomstig die vermoëns, aanleg en belangstellings van leerlinge en die behoeftes van die land.

### 5.2.2 Gevolgtrekking

Wanneer hierdie doel vergelyk word met formulerings deur onder andere Lindhard (1981:40), Haasbroek (1978:11), Rousseau (1981:15) en Van Niekerk (1967:44), soos uiteengesit in paragraaf 2.2.2, is dit duidelik dat die doel en taak van die voorligting saamgevat kan word as hulpverskaffing en steungewing aan die kind. Laasgenoemde

hulp of leiding lê dan ook volgens die bestudeerde literatuur op drie terreine, naamlik persoonlikheids-, opvoedkundige- en beroepsvoorligting. Hoewel daar nie in dieselfde mate vir al drie hierdie komponente in die lande wat bestudeer is (VSA, Brittanje en Wes-Duitsland), voorsiening gemaak word nie, is verskeie skrywers dit eens dat al drie aandag behoort te geniet. Wanneer die Opvoedkundige leidingprogram van die TOD van nader beskou word, blyk dit uit die bestudeerde literatuur dat daar gepoog word om aan al drie komponente aandag te gee. Hoeveel van elke komponent in die praktyk tereg kom, sal egter deur empiriese ondersoek vasgestel moet word.

## 5.3 AARD EN OMVANG VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS

### 5.3.1 Samevatting

Uit die bespreking van die huidige stand van die Opvoedkundige Hulpdiens (hoofstuk 4) is dit duidelik dat die diens 'n wye omvang dek en poog om aan alle leerlinge hulp te verleen. Die volgende aspekte word kortliks samevattend uitgelig:

- Die hulpdiens vorm 'n geïntegreerde deel van die onderwysstelsel en funksioneer vanuit die onderwys- of onderrigsituasie.

- Die TOD maak voorsiening vir 'n algemene en gespesialiseerde voorligtingsdiens. Eersgenoemde bestaan uit verskillende komponente (vgl. paragraaf 4.3) en staan bekend as die Opvoedkundige leidingprogram in skole. Voorsiening word gemaak vir opvoedkundige voorligting, beroepsvoorligting en persoonlikheidsvoorligting, wat in lyn is met die eise wat deur die literatuur aan so 'n algemene skoolvoorligtingsdiens gestel word. Gespesialiseerde voorligting word verskaf deur personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens, ook op al die genoemde terreine van die algemene voorligtingsdiens. Hierdie diens verskaf egter deskundige hulp en bystand op 'n gespesialiseerde vlak.

- Op die vlak van gespesialiseerde hulpverlening kan onderskei word tussen onderwyshulpsentrums en kinderleidingklinieke. Eersgenoemdes bereik 'n groot aantal leerlinge in die skool en poog om probleme by leerlinge te voorkom, terwyl die kinderleidingklinieke meer ingestel is op die regstelling, steungewing en terapie aan leerlinge met probleme.

- Die personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens het toegang tot skole en is in staat om 'n volledige skool-

en gesinshistorisiteitsbeeld van elke kind saam te stel. Daar is verder ook op 'n gereelde basis interdissiplinêre en multiprofessionele skakeling tussen die verskillende dissiplines van die hulpdiens in belang van die kind met 'n probleem.

- Voorsiening word gemaak vir leerlinge wat intensiewe pedoterapie en steungewing nodig het en tydelik uit hul omgewing verwyder moet word vir dié doel (vgl. paragraaf 4.3).

### 5.3.2 Gevolgtrekking

Die Transvaalse Onderwysdepartement beskik oor 'n goed beplande en gefundeerde skoolvoorligtingstelsel wat baie gunstig vergelyk, en in sommige gevalle beter vertoon, as die voorligtingstelsel in die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland. Dit sou egter naïef wees om te verklaar dat dit nie verbeter kan word nie. Probleemareas blyk onder andere die volgende te wees:

- Onvoldoende en ontoereikende opleiding van voorligteronderwysers, wat vir die algemene voorligtingsprogram in skole verantwoordelik is (vgl. paragraaf 4.5.1 en 5.4.4).

- By gebrek aan 'n doeltreffend-funksionerende algemene voorligtingsprogram (vgl. Steyn, 1984:9-10), wat deels die gevolg is van onvoldoende opleiding van die voorligteronderwyser, ontstaan die vraag of die voorkomings-, uitkennings-, hulpverlenings- en verwysingstaak van skoolvoorligting te alle tye realiseer. Indien nie, beteken dit dat elke individuele leerling nie gehelp word om sy/haar vermoëns te verwerklik nie, veral wat kritieke keuses soos beroeps-, studie- of vakkeuses betref. Dit is dus moontlik dat leerlinge met spesifieke probleme, hetsy persoonlikheids-, leer-, gesins-, spraak-, stem-, taal- of gehoorprobleme nie altyd betyds geïdentifiseer, gehelp of vir gespesialiseerde hulp verwys word nie.

- 'n Uitvloeisel van bogenoemde twee probleemareas is dat die Opvoedkundige Hulpdiens nie al die leerlinge wat jaarliks verwys word, kan hanteer nie (TOD, 1985:22; 1986c:27). Die feit dat sentrumpersoneel jaarliks duisende leerlinge hanteer, wat eintlik deur die skool self gehelp moes geword het (Steyn, 1984:13-14) staaf die vermoede wat hierbo gestel is.

- Personeelvoorsiening by die onderwyshulpsentrums blyk ook 'n probleem te wees wat die doeltreffende funksionering van skoolvoorligting kortwiek (vgl. paragraaf 4.3, asook TOD, 1987d:2-3; Dobie, 1983:149; RGN, 1981a:148).

- In die praktyk blyk dit dat nie al die komponente van die skoolvoorligtingsprogram na behore funksioneer nie, om verskillende redes. Die voogprogram kan as voorbeeld genoem word. Die doel met voogwerk behels onder andere die tydige uitkenning van leerlinge wat hulp nodig het, asook hulpverlening aan individuele leerlinge met probleme. In die praktyk blyk dit dat onderwysers nie altyd in staat is om minder opvallende persoons-, opvoedings- of leerprobleme as sodanig te herken nie, of nie weet hoe om hulp te verleen in gevalle waar bogenoemde probleme wel geïdentifiseer is nie. Dit is waarskynlik 'n gevolg van die feit dat die voorligteronderwyser nie in voorligting gekwalifiseer hoef te wees nie. Verder is daar 'n gebrek aan tyd vanweë te veel administratiewe en ander pligte, en die benadering is om die kind met opvallende probleme so spoedig moontlik by die Opvoedkundige Hulpdiens aan te meld (vgl. Van Niekerk, 1987:67-72).

- Fisiese fasiliteite blyk steeds 'n knelpunt te wees. In 'n studie deur Sauer en Van Zyl (1981:7) is bevind dat bykans die helfte (45%) van sekondêre skole in Transvaal oor geen doelmatige lokaal vir beroepsleiding beskik nie; 35% van sekondêre skole oor geen onderhoudslokaal beskik nie en ongeveer die helfte van die skole nie oor die nodige ameublement en/of toerusting beskik nie. Daar kan aanvaar word dat, gesien in die lig van die huidige ekonomiese klimaat en gepaardgaande finansiële

besnoeiings, hierdie toestand tot op die hede nie noemenswaardig verbeter het nie.

## 5.4 ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN DIE DIENS

### 5.4.1 Inleiding

In al drie die lande wat bestudeer is (vgl. paragraaf 2.5.3 en 2.5.4), is daar 'n samevoeging van 'n gesentraliseerde en gedesentraliseerde skoolvoorligtingstelsel. Dit behels dat daar voorligteronderwysers by skole teenwoordig is (in die VSA word verskeie spesialiste by sommige skole aangetref), maar dat leerlinge met ernstige probleme na spesialiste by skoolhulpdienste, kinderleidingklinieke en ook loopbaandienste verwys word.

Hoewel die skoolvoorligtingstelsel van die TOD terselfdertyd gesentraliseerd ('n kinderleidingkliniek vir elke streek en 'n onderwyshulpsentrum in elke komprehensiewe eenheid) en gedesentraliseerd (die skole self is verantwoordelik vir die aanbieding van skoolvoorligting as vak) is, vorm die hulpdiens 'n integrale eenheid in die totale onderwysstelsel.

## 5.4.2 Die organisasie van skoolvoorligting aan skole

### 5.4.2.1 Samevatting

Skoolvoorligting aan sekondêre-, spesiale- en primêre skole ressorteer onder die departementshoof: Opvoedkundige leiding, wat verantwoordelik is vir die skoolvoorligtingsprogram asook vir die opvoedkundige welsyn van alle leerlinge. Ander personeellede wat by die voorligtingsprogram betrek word, is gewone vakonderwysers en word nie as voorligteronderwysers aangestel nie.

Die verskillende komponente van Opvoedkundige leiding staan gesamentlik bekend as die Jeugweerbaarheidsprogram. Verskillende komponente word onderskei, naamlik beroepsvoorligting, kadetopleiding, fisieke aktiwiteite vir dogters, geesteswerbaarheid, gesinsvoorligting en voogwerk. In paragraaf 4.4.1.1 is ook daarop gewys dat die TOD tans besig is met die infasering van 'n Burgerskapopvoedingsprogram wat die bestaande kadetprogram en fisieke- weerbaarheidsaktiwiteite vir dogters herkurrikuleer en saamvoeg. Elke komponent het ten doel om leerlinge vir 'n verantwoordelike lewenswyse en verhoogde lewenskwaliteit toe te rus.

Voorligting in die skool bestaan uit groep- en individuele voorligting. In die primêre skool word een halfuur per week toegewys aan Opvoedkundige leiding. In die sekondêre skool word een periode per klas per week vanaf standerd 6 tot 10 op die rooster toegeken vir groepvoorligting. Ten minste tien periodes per week moet vir individuele voorligting op die rooster van die voorligteronderwyser toegeken word.

Leerlinge kan op enige stadium gedurende hul primêre en sekondêre skoolloopbaan van die dienste van die Opvoedkundige Hulpdiens gebruik maak. Skoolhoofde verwys in die reël leerlinge met 'n verskeidenheid van probleme na onderwyshulpsentra. Die toepassing van gestandaardiseerde psigometriese toetse wat betrekking het op Voorligting is die uitsluitlike taak van die Opvoedkundige Hulpdiens, aangesien die voorligteronderwyser geen psigometriese toetsing mag doen nie (Van Niekerk, 1987:68).

### 5.4.2.2 Gevolgtrekking

Die situasie soos hierbo beskryf vergelyk baie gunstig met dié in die VSA, en selfs beter as die organisasie van skoolvoorligting in Brittanje, waar skoolvoorligters hulself in 'n baie ongunstige posisie bevind teenoor die sterk gevestigde pastorale tradisie (vgl. paragraaf 2.5.3.2). Dit blyk uit die bestudeerde literatuur dat die onderwysstelsel

in Wes-Duitsland tot redelik onlangs min ruimte gelaat het vir skoolvoorligting (vgl. paragraaf 2.5.4.3).

'n Leemte wat op hierdie stadium uitgewys kan word, is die feit dat die voorligteronderwyser nie psigometriese toetse mag afneem nie. Indien hy op grond van sy opleiding aangestel was, sou hy by magte wees om dit wel te kon doen. Nou moet leerlinge verwys word vir toetsing.

Die infasering van die Burgerskapopvoedingsprogram (vgl. paragraaf 4.4.1.1) is 'n doelgerigte poging deur die TOD om tred te hou met 'n toenemend gekompliseerde en snel veranderde samelewing en verdien positiewe vermelding.

### 5.4.3 Die organisasie van die Opvoedkundige Hulpdiens

#### 5.4.3.1 Samevatting

'n Kinderleidingkliniek is vir elk van die agt streke van Transvaal goedgekeur, maar slegs 5 funksioneer ten volle en slegs 1 is volledig beman (vgl. paragraaf 4.3). Elke kliniek behoort oor die volgende te beskik: 'n opvoedkundige sielkundige vir elk van die volgende dissiplines: beroepsvoorligting, ortopedagogiek, ortodidaktiek en

kompenserende opvoeding; verder 'n spraakterapeut, arbeidsterapeut, verpleegkundige en maatskaplike werker. Mediese personeel op besoekende basis word vir die toekoms in die vooruitsig gestel.

Elke komprehensiewe eenheid beskik oor 'n onderwyshulpsentrum, wat tans beman word deur een of meer onderwysadviseurs vir elk van die volgende dissiplines: loopbaanaangeleenthede, onderrigaangeleenthede, voorligting, opvoedingsaangeleenthede en spraak-, stem-, taal- en gehooraangeleenthede. Verder is onderwysadviseurs: Opvoedingsaangeleenthede verbonde aan 'n aantal kliniekskole vir gedragsgeremde en verstandsgestremde leerlinge.

Hoewel elkeen van die verskillende dissiplines by die hulpdiens 'n selfstandige terrein is met 'n eie taak en werkswyse, is daar in 'n groot mate oorvleueling en word daar op 'n gereelde basis interdissiplinêr en multiprofessioneel saamgewerk.

### 5.4.3.2 Gevolgtrekking

Wanneer die verskillende dissiplines van die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD met dié van soortgelyke hulpdienste in die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland vergelyk word, lyk

die situasie baie gunstig. Behalwe vir die diens van 'n psigiater waaroor sommige skoolhulpdienste in die VSA en die kinderleidingklinieke in Brittanje beskik, word al die dissiplines verbonde aan die verskillende hulpdienste in die genoemde lande ondervang deur dié waaroor die TOD tans beskik, en is laasgenoemde diens in sommige gevalle meer uitgebreid. In Wes-Duitsland byvoorbeeld, is daar geen arbeidsterapeut, spraakterapeut of ortodidaktikus aan die skoolhulpdiens verbonde nie. Brittanje beskik, behalwe vir die kinderleidingklinieke en skoolsielkundige diens, wel ook oor 'n loopbaandiens, maar daar kan aanvaar word dat die werk van die loopbaanbeamptes verbonde aan hierdie diens op dieselfde terrein lê as van die opvoedkundige sielkundige: Beroepsvoorligting en die onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede verbonde aan die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD.

### 5.4.4 Die opleiding- en aanstellingsvereistes van voorligteronderwysers

#### 5.4.4.1 Samevatting

Die TOD vereis slegs 'n onderwysdiploma vir aanstelling as voorligteronderwyser. Selfs vir die pos van

departementshoof: Opvoedkundige leiding word geen opleiding in skoolvoorligting vereis nie. Dit kom voor uit die bestudeerde literatuur of dieselfde situasie in Wes-Duitsland geld. In Brittanje moet skoolvoorligters oor gewone onderwysersopleiding, asook 'n diploma in voorligting beskik. In die VSA moet skoolvoorligters oor 'n Baccalaureusgraad van 'n geakkrediteerde universiteit, 'n onderwyssertifikaat, ervaring in voorligting, onderwyservaring asook ervaring buite die onderwys beskik.

### 5.4.4.2 Gevolgtrekking

Dit vereis geen besondere vindingrykheid om af te lei dat die aanstellingsvereistes van voorligteronderwysers in Transvaal dringende hersiening nodig het nie, veral in die lig van die eise wat daar tans aan die onderwys en dus ook aan skoolvoorligting, gestel word. Volgens die RGN (1981b:35) bestaan daar 'n groot behoefte aan meer deskundige personeel om veral beroepsvoorligting te behartig. Sauer en Van Zyl (1981:2-4) het bevind dat meer as 50% van onderwysers betrokke by skoolvoorligting oor geen toepaslike opleiding beskik nie. In paragraaf 4.5.1 is die kwalifikasies van die departementshoof: Opvoedkundige leiding gemeld. Hieruit is dit duidelik dat sodanige persone oor geen opleiding in skoolvoorligting hoef te beskik nie.

In al drie die lande wat bestudeer is, word 'n hoë premie op indiensopleiding geplaas (vgl. paragraaf 2.5.5). In Transvaal is daar 'n dringende behoefte aan indiensopleiding vir voorligteronderwysers (Oakley Smith, 1983:8).

Bogenoemde situasie plaas uiteraard 'n geweldige remming op die wetenskaplike aanbieding en deskundige uitbou van skoolvoorligting. Dit kan egter hier gemeld word dat hierdie tendens dwarsdeur die Republiek van Suid-Afrika geld, en nie alleen in Transvaal nie (RGN, 1981b:148-150).

### 5.4.5 Die opleiding- en aanstellingsvereistes van personeel verbonde aan die Opvoedkundige Hulpdiens

#### 5.4.5.1 Samevatting

Dit is moeilik om 'n vergelykingsbasis daar te stel waarmee die opleiding en kwalifikasies van die personeel verbonde aan die TOD se Opvoedkundige Hulpdiens vergelyk kan word met dié van personeel verbonde aan skoolhulpdienste in die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland, onder andere vanweë die verskil in postestrukture.

In figuur 5.1 is die pos van die opvoedkundige sielkundige verbonde aan die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD nietemin vergelyk met sy eweknie in die VSA en Brittanje. Wes-Duitsland is nie in hierdie vergelyking gebruik nie, aangesien daar nie genoeg inligting uit die beskikbare literatuur bekom kon word oor die pos van die skoolpsigoloog nie.

### 5.4.5.2 Gevolgtrekking

Uit figuur 5.1 blyk dit dat die opleiding en aanstellingsvereistes van die opvoedkundige sielkundiges verbonde aan die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD baie goed vergelyk, en selfs beter vertoon, as dié van sielkundiges verbonde aan die skoolhulpdienste in die VSA en Brittanje. Volgens die kriteria wat deur die Beroepsraad vir Sielkunde gestel word, is die opleiding van voorligtingpersoneel aan skoolklinieke in die RSA ontoereikend (RGN, 1981b:150). Wanneer bogenoemde vergelyking egter getref word, hou hierdie besondere aantyging nie water in soverre dit die opvoedkundige sielkundiges van die TOD betref nie.

Wanneer die pos van onderwysadviseur verbonde aan die onderwyshulpsentrum van nader beskou word, kan daar kwalik twyfel bestaan oor die kundigheid en vaardigheid van

die bekleër van hierdie pos. Die onderwysadviseur hoef nie soos die opvoedkundige sielkundige geregistreer te wees by die Beroepsraad vir Sielkunde nie, maar die opleidingsvereistes wat wel geld, blyk voldoende te wees wanneer die tipe hulpverlening wat geskied, in ag geneem word.

Dit wil dus blyk asof die opleidingsvereistes wat deur die TOD gestel word vir permanente aanstelling op die personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens, wel voldoende is.

FIGUUR 5.1: DIE OPLEIDING EN AANSTELLINGSVEREISTES VAN OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGES

| TOD (SUID-AFRIKA) | VSA | BRITTANJE |
| --- | --- | --- |
| - Toepaslike Meestersgraad in Sielkunde/Opvoedkundige sielkunde<br>- Erkende onderwyskwalifikasie<br>- Registrasie by Beroepsraad vir Sielkunde en FOR<br>- Werklike onderwyservaring (4-5 jaar) | - Meestersgraad in Opvoedkundige Sielkunde<br>- Internskap (1 jaar) | - Honneursgraad in Sielkunde<br>- Nagraadse diploma of Meestersgraad in Opvoedkundige Sielkunde<br>- Onderwyskwalifikasie<br>- Onderwyservaring (3 jaar) |

### 5.4.6 Beheer en kontrole

#### 5.4.6.1 Samevatting

Die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD staan onder beheer van die hoof-superintendent van onderwys verantwoordelik vir Gespesialiseerde onderwys, wat bygestaan word deur die superintendent van onderwys: Gespesialiseerde onderwys, en vyf ander superintendente, elk verantwoordelik vir een van die volgende dissiplines en die integrering daarvan met skoolvoorligtingsprogramme: loopbaanaangeleenthede, opvoedingsaangeleenthede, onderrigaangeleenthede, voorligting en spraak-, stem-, taal-, en gehooraangeleenthede (vgl. paragraaf 4.4.3). Die hoof-superintendent van onderwys: Streek is verantwoordelik vir die administratiewe en organisatoriese aspekte in verband met die diens, en die hoof-superintendent: Akademies vir professionele - en vakkundige beheer. In die skole self is die departementshoof: Opvoedkundige leiding in oorleg met die skoolhoof verantwoordelik vir die uitvoering van die skoolvoorligtingsprogram. Dit is egter moeilik om die beheer en kontrole oor die Opvoedkundige Hulpdiens hier ter lande te vergelyk met die van die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland, omdat die hantering van onderwyssake en wetgewing ten opsigte daarvan verskil. Die beheer en kontrole van

skoolvoorligtingsdienste in die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland is opsommenderwys in paragraaf 2.5.2 bespreek.

#### 5.4.6.2 Gevolgtrekking

Dit is moeilik om die beheer oor die Opvoedkundige Hulpdiens op eerste vlak te beoordeel, aangesien daar in die amptelike dokumente nie gemeld word of die HSO (vgl. figuur 4.4) aan bepaalde vakkundige vereistes moet voldoen nie. Indien dit nie die geval is nie, dui dit op 'n leemte, omdat die Opvoedkundige Hulpdiens spesifieke professionele kennis veronderstel. Dieselfde geld vir die superintendent van onderwys: Gespesialiseerde onderwys, wat die HSO bvstaan.

Die feit dat daar nie spesifieke professionele vereistes gestel word aan die Hoof van die Opvoedkundige Hulpdiens in soverre dit opleiding en registrasie as opvoedkundige sielkundige betref nie, is beslis 'n leemte.

## 5.5 AANBEVELINGS

Uit die samevattings en gevolgtrekkings wat hierbo gemaak is ten opsigte van verskillende aspekte van die Opvoedkundige Hulpdiens, kan die volgende aanbevelings gemaak word.

### 5.5.1 Doelstellings en beleid

- 'n Empiriese ondersoek behoort onderneem te word om te bepaal of die huidige program van die Opvoedkundige Hulpdiens aan sy doel beantwoord.

### 5.5.2 Aard en omvang

- Die groot aantal leerlinge met probleme wat na die Opvoedkundige Hulpdiens verwys word vir gespesialiseerde hulpverlening kan alleen verminder word indien algemene skoolvoorligting meer verantwoordbaar verloop. Die huidige benadering van simptoombehandeling sal moet verskuif na voorkoming deur geïntegreerde werkwyse met skole. Oriëntering

en opleiding van skoolpersoneel en nouer bystand aan die ouergemeenskap behoort indringend aandag te ontvang. Alle onderwysers kan aan die begin van elke jaar by 'n inligtings- of oriënteringsvergadering deur die Opvoedkundige Hulpdienspersoneel betrek word. Die voogkomponent van die Opvoedkundige leidingprogram behoort meer aandag te ontvang wat hulpverlening aan die kind met probleme betref, sodat skole diegene met minder ernstige probleme toenemend self kan hanteer.

- Personeelvoorsiening by kinderleidingklinieke en onderwyshulpsentrums behoort prioriteit te geniet, sodat die verskillende dissiplines op verantwoordbare wyse kan funksioneer. Oorweging kan geskenk word aan studieverlof en beurse aan onderwysers wat hulself in hierdie rigting wil bekwaam.

- Fisiese fasiliteite vir voorligting by skole behoort dringend aandag te geniet. Doelmatige lokale behoort by alle sekondêre skole ingerig te word, met die nodige ameublement en moderne hulpmiddels soos 'n rekenaarterminaal, televisieskerm, films, kassetopnames ens.

### 5.5.3 Organisasie en administrasie van die diens

- Spesifieke vereistes behoort gestel te word aan die Hoof van die Opvoedkundige Hulpdiens met betrekking tot opleiding en registrasie as opvoedkundige sielkundige, aangesien die Opvoedkundige Hulpdiens op sigself spesifieke professionele kennis veronderstel.

- Daar behoort indringend gekyk te word na die opleiding van voorligteronderwysers. Sielkunde III of Opvoedkunde III of B.Ed (Skoolvoorligting / Beroepsleiding) behoort 'n vereiste vir nuwe aanstellings te wees. 'n Keuringsprosedure behoort vir voornemende voorligteronderwysers ingestel te word, soos in die geval van die VSA (vgl. paragraaf 2.5.5.1).

- Die departementshoof: Opvoedkundige leiding behoort oor dieselfde minimum kwalifikasies as die voorligteronderwyser te beskik. In die lig van die omvattende taak waarvoor hy verantwoordelikheid aanvaar, behoort hy verder 'n gekwalifiseerde opvoedkundige sielkundige te wees of minstens oor 'n M-graad in Voorligting of Ortopedagogiek te beskik.

- Aangesien bogenoemde aanbevelings nie almal in die onmiddellike toekoms in die praktyk haalbaar is nie, behoort indiensopleiding hoë prioriteit te geniet. Eendaagse oriënteringskursusse op streeksgrondslag kan

byvoorbeeld jaarliks gehou word. Verder word 'n omvattende oriënteringskursus in veral beroepsleiding vir alle nuwe aanstellings aanbeveel.

## 5.6 SINTESE

In hierdie studie is gepoog om die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD te evalueer met die oog op die bepaling van positiewe aspekte, asook moontlike leemtes.

In hoofstuk 2 is die doel, aard, omvang en organisasie van Opvoedkundige Hulpdienste bespreek, deur spesifiek te verwys na die situasie in die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland. In hoofstuk 3 is gepoog om die doelstellings, metodes en organisasiestruktuur van die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD soos dit histories ontplooi het, uiteen te sit. In hoofstuk 4 is 'n uiteensetting verskaf van die Opvoedkundige Hulpdiens soos dit tans daar uitsien. In hierdie laaste hoofstuk is gepoog om die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD te evalueer met die perspektiewe wat uit die literatuurstudie verkry het, as uitgangspunt.

Daar word geen aanspraak op volledigheid gemaak nie, en die hoop word hiermee uitgespreek dat die knelpunte wat in die studie uitgewys is, aandag sal geniet sodat jeugdiges hierdie uitstekende diens tot hul beskikking kan gebruik om

hul potensiaal ten volle te verwesenlik en tot volledige selfaktualisering te kom.

## SUMMARY

The main purpose of this investigation, namely an appreciation of the Education Aid Service of the TED, was briefly formulated in Chapter 1. Central concepts as used in the study, were broadly defined.

Chapter 2 is mainly a review of relevant literature and deals with the aim and functioning of Guidance Services / Education Aid Services in general, with specific reference to the organization and administration of such services and the nature of guidance programmes in the United States of America, Britain and West Germany. Different approaches to Guidance and the principles of Guidance Services were reviewed. The training and qualifications of Guidance personnel in the above-mentioned countries were also investigated. The aim of this review was to set criterion on which the Education Aid Service of the TED could be judged in chapter 5.

The origin and development of the Education Aid Service of the TED since its modest inception in 1914 is described in chapter 3. This was outlined in four clearly distinguishable stages, viz. the origin and development of the Psychological Service, the development of the Vocational Guidance Service, the amalgamation of these two services in 1955 and the inception of the present Education Aid Service in 1983.

The aims and policy, organization and administration as well as personnel aspects of the Transvaal Education Aid Service of the present day were investigated in chapter 4. A distinction was drawn between the general guidance program in schools and the activities of the specialised field of the Education Aid Centres and Child Guidance Clinics.

The Education Aid Service was evaluated in chapter 5 and general conclusions derived from the study were summarized. A few recommendations based on these conclusions were finally made. They include an empirical investigation into the aims of the present guidance programmes of the Education Aid Service, a change in approach by the Educational Aid Centre, understaffing at Child Guidance Clinics and Education Aid Centres, physical facilities for guidance in schools and training and qualifications of guidance personnel.

## BRONNELYS

ABBOTT, A.H. 1978. Individual counseling with high-risk students : a practical approach. **The school counselor**, 25(3):206-208, Jan.

ALBERTS, N.F. 1974. Kernelemente in voorligting: inleiding tot teorie en praktyk. Pretoria : Van Schaik. 176p.

ANGLESS, L. 1979. Guidance for all young South Africans in preparation for the future. Kontak, 3(1):9-10, May.

ANON. 1981a. Doeltreffende voorligtingstelsel nodig. **Volkshandel**, 42(4):145, Jun.

ANON. 1981b. Voorligting staan by kruispad. **Tegniek**, 33(12):1, Des.

AUBREY, R.F. 1982. A house devided: guidance and counseling in 20th-century America. **The personnel and guidance journal**, 61(4):198-204, Dec.

AVENT, C., SISTERSON, D., FAWCETT, B., WATTS, A. & NEWSOME, A. 1983. Careers guidance and counselling

in England. **The personnel and guidance journal,** 61(8):476-479, Apr.

AVIS, J.P. 1982. Counseling: issues and challenges. **Education and urban society,** 15(1):70-87, Nov.

BARDO, H.R., CODY, J.J. & BRYSON, S.L. 1978. Evaluation of guidance programs: call the question. **The personnel and guidance journal,** 57(4):204-208, Dec.

BARDON, J.I. 1981. A personalized account of the development and status of school psychology. **Journal of school psychology,** 19(3):199-210, Fall.

BAUER, B. & LUIZ, D.M. 1983. General school guidance: an evaluation by teacher-psychologists. **Education journal,** 93(1):26-28, Apr.

BECK, B. 1979. The careers service in Great Britain: a system that we could emulate? **Consulto,** 3(3):78-82, Nov.

BELKIN, G.S. 1975. Practical counseling in the schools. Dubuque, Ia : Brown. 584p.

BEUKES, J.H. 1976. Skoolvoorligting in Wes-Duitsland. Pretoria : RGN. 84p. (Verslag 0-47.)

BEZUIDENHOUT, C.P. 1965. Voorligting in die laerskool. **Die Unie**, 62(1):23-27, Jul.

BEZUIDENHOUT, J.A. 1980. Die historiese ontwikkeling van die Skoolgeneeskundige Dienste in Transvaalse primêre skole vir blankes. Potchefstroom. 220p. (Verhandeling (M.Ed.)-PU vir CHO.)

BOSHOFF, L. 1989. Persoonlikheidsvoorligting aan die leerling in die sekondêre skool. Potchefstroom. 187p. (Proefskrif (D.Ed.)-PU vir CHO.)

BRECKENRIDGE, A. 1987. Performance improvement programs helps administrators assess counselor performance. **NASSP bulletin**, 71(499):23-28, May.

BUITENGEWONE OFFISIëLE KOERANT
kyk
TRANSVAAL (Provinsie).

CAMPBELL, N.J. & DOBSON, J.E. 1987. An inventory of student computer anxiety. **Elementary school guidance and counseling**, 22(2):149-156, Dec.

CARROL, M.R. 1985. School counseling - what does the future hold? **NASSP bulletin**, 69(485):2-5, Dec.

CARSTENS, J.H. 1976. Skoolvoorligting in die VSA. Pretoria : RGN. 78p. (Verslag 0-49.)

CHAMBERLAIN, J. 1979. Guidance systems in the EEG. **Career guidance and counselling**, 3:38-45, Summer.

COETZEE, R.A. 1983. Die opleiding van opvoedkundige sielkundiges aan die Child Guidance Training Centre, Tavistock, London. **Pedagogiekjoernaal**, 4(1):1-7.

COLLISON, B.B. 1982. Needs assessment for guidance program planning: a procedure. **The school counselor**, 30(2):115-121, Nov.

COREY, G.F. 1977. Theory and practice of counseling and psychotherapy. Monterey, Calif. : Wadsworth. 159p.

DE LANGE, B.J. 1988a. Die beroepsvoorligtingsprogram in die klaskamer in samewerking met die Opvoedkundige Hulpdiens. (Referaat gelewer tydens 'n Streekkursus in Beroepsleiding in sekondêre en spesiale skole, April 1988, TOD.) Pretoria. 23p. (Ongepubliseer.)

DE LANGE, B.J. 1988b. Die DSO se pligstaat met spesiale verwysing na geesteswerbaarheid en fisieke aktiwiteite (dogters). (Referaat gelewer tydens 'n streekkursus in Beroepsleiding in sekondêre en spesiale skole, April 1988, TOD.) Pretoria. 17p. (Ongepubliseer.)

DE BROIZE, E. 1980. Guidance in times of change. **Consulto**, 4(3):92, Nov.

DE LANGE-Verslag
kyk
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981a. Onderwysvoorsiening in die RSA ...

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING.
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. 1983b. Witskrif oor Onderwysvoorsiening ...

DE VILLIERS-VERSLAG.
Kyk
UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie insake Tegniese- en Beroepsonderwys. 1948.

DOBIE, B.A. 1983. The HSRC report on school guidance: an overview. **South African journal of education**, 3(3):147-151, Sept.

DOK
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad.

DOVEY, K.A. 1979. Work, life and social change; some considerations for school counsellors. **Consulto**, 3(3):74-77, Nov.

DOVEY, K.A. 1980a. Politics and guidance: an overview of the South African School Guidance Service. **British journal of guidance and counselling**, 8(1):1-10, Jan.

DOVEY, K.A. 1980b. The white schools of South Africa: an alternative programme for guidance and counselling. **Consulto**, 4:94-98, Nov.

DOVEY, K.A. 1983. Guidance and counselling services in the Republic of South Africa. **The personnel and guidance journal**, 61(8):459-461, Apr.

DOWNING, L.N. 1968. Guidance and counseling services: an introduction. New York : McGraw Hill. 427p.

FINCH, C.R. & McGOUGH, R. 1982. Administering and supervising occupational education. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. 302p.

GERBER, A.P. 1981. Die plek, taak en terrein van die skoolkinderleidingkliniek in die blanke Suid-Afrikaanse stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting: 'n evalueringstudie. Stellenbosch. 471p. (Proefskrif (D.Ed.)-US.) (Mikrofiche.)

GIBSON, R.L. & MITCHELL, M.H. 1981. Introduction to guidance. New York: MacMillan. 469p.

GIBSON, R.L., MITCHELL, M.H. & HIGGENS, R.E. 1983. Development and management of counseling programs and guidance services. New York : MacMillan. 412p.

GOLDMAN, L., CARROLL, M.R., FORSYTH, L.B., MURO, J. & GRAFF, F.A. 1978. How are we doing in school guidance: The Moody Colloquium. **The school counselor,** 25(5):307-325, May.

GORTON, R.A. 1976. School administration: challenge and opportunity for leadership. Dubuque, Ia : Brown. 436p.

GUMAER, J. & HOFFMAN, L.R. 1980. Something old, something new, something borrowed ... a review of the 1979 elementary guidance conference. **Elementary school guidance and counseling,** 14(4):300-306, Apr.

HAASBROEK, J.B. 1970. Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande. Pretoria : RGN. 89p. (Verslag 0-5.)

HAASBROEK, J.B., **red.** 1978. Skoolvoorligting: beginsels en metodes. Pretoria : RGN. 98p. (RGN Voorligtingsreeks VR-1, Verslag 0-43.)

HANNAFORD, M.J. 1987. Balancing the counseling program to meet school needs. **NASSP bulletin,** 71(499):3-9, May.

HARGENS, M. 1987. Developing a comprehensive school counseling program. **NASSP bulletin**, 71(499):10-13, May.

HAYS, D.G. 1987. Resident futurist: the school counselor. **NASSP bulletin**, 71(499):40-43, May.

HERR, E.L. & DENGA, D.I. 1981. Elementary school guidance and counseling: some international perspectives. **Elementary school guidance and counseling**, 15(4):324-328, Apr.

HOOD, J., MABRY, K. & HUTCHENS, T. 1981. Guidance concerns past and present. **Education**, 101(3):264-266, Spring.

HUEY, W.C. 1987. The principal-counselor partnership: a winning combination. **NASSP bulletin**, 71(499):14-18, May.

HUGHES, P. 1985. Guidance and counselling in the schools. **British journal of guidance and counselling**, 13(1):11-21, Jan.

HUMPHREYS, J.A., TRAXLER, A.E. & NORTH, R.D. 1967. **Guidance Services**. 3rd ed. New York : Science Research Associates. 434p.

HURLEY, J.J. 1986. Use of computers in careers guidance and counselling. Institute of guidance counsellors: Journal, 12:9-14, Summer.

JACOBS, C. 1988. Jeug leer nie van taai lewe. Beeld: 6, Jun. 23.

JOUBERT, C.J., red. 1984. Algemene skoolvoorligting. Johannesburg : McGraw-Hill. 288p.

JOUBERT, J.J. 1975. 'n Antropologies-personologies-pedagogiese verantwoording van skoolhulpdienste met besondere verwysing na die Transvaal. Pretoria. 272p. (Proefskrif (D.Ed.)-Unisa.)

KEYSER, T.L. 1980. Die onderwyser as voog by die implementering van 'n opvoedkundige leidingsprogram in sekondêre skole. Johannesburg. 391p. (Verhandeling (M.Ed.)-RAU.)

KLUYTS, W.J.J. 1975. Die sielkundige- en voorligtingsdiens: 'n hulpdiens. (Referaat gelewer tydens die oriënteringskursus in voorligting: 19 Mei - 6 Junie 1975. TOD.) Johannesburg. 25p. (Ongepubliseer.)

KNOTT-CRAIG, I. 1980. The need for outdoor education in schools. Education Journal, 90(1):25-27, Nov.

KOWITZ, G.T. & KOWITZ, N.G. 1968. Operating guidance services for the modern school. New York : Holt, Rinehart & Winston. 276p.

KRUGER, H.B. 1972. Jeugweerbaarheid, differensiasie en voorligting: waarheen? Onderwysblad, 80(840):23-25, Jul.

KRUGER, H.B. 1974a. Die wese, doel en taak van voorligting. Potchefstroom : PU vir CHO. 15p. (Diktaat 69/74.)

KRUGER, H.B. 1974b. Skoolvoorligting: teorie en praktyk. (In Christelike Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika: Studiestuk nr. 19. Potchefstroom : Pro Rege. p.26-41.)

KRUGER, H.B. 1975a. Berading in die voorligtingsprogram. Potchefstroom : PU vir CHO. 28p. (Diktaat 63/75.)

KRUGER, H.B. 1975b. Die sielkundige- en voorligtingsdienste van die Onderwysdepartemente in die RSA en SWA. Potchefstroom : PU vir CHO. 28p. (Diktaat 61/75.)

KRUGER, H.B. 1978. Voorligting as taak van die opvoeder. (In Departement Voorligting en Besondere Onderwys en Departement Ontwikkeling. Referate gelewer tydens 'n simposium oor Voorligting op 30 September 1978 te Potchefstroom. PU vir CHO. p.1-19.)

KRUGER, H.B. 1980. Algemene skoolvoorligting vir onderwysstudente. Durban : Butterworth. 204p.

LABUSCHAGNE, J.F. 1985. Die implikasies van Transvaalse Onderwysdepartement se voogstelsel in die primêre en sekondêre skool. (Referaat gelewer tydens die simposium vir onderwysadviseurs: loopbaanaangeleenthede en opvoedkundige sielkundiges: beroepsvoorligting vanaf 1-3 Julie 1985.) Pretoria. 3p. (Ongepubliseer.)

LE ROUX, K. 1982. Oriëntering tot beroepskeuse-aanvaarding deur groepsbesprekings. **Pedagogiekjoernaal,** 3(1):83-91.

LEWIS, J.D. 1983. Guidance program evaluation: how to do it. **The school counselor,** 31(2):111-119, Nov.

LINDHARD, N. 1981. A better future for school guidance? **Education journal,** 91(3):39-42, Nov.

LIPHAM, J.M. & HOEH, J.A. 1974. The principalship: foundations and functions. New York : Harper & Row. 372p.

LUIZ, D.M. & BAUER, B. 1985. General school guidance: is the aim achieved? **Education journal,** 95(3):19-21, Nov.

LYTTON, H. & CRAFT, M., red. 1974. Guidance and counselling in British Schools. 2nd ed. London : Arnold. 189p.

MACKAY, L. 1981. Recommendations regarding counselling and guidance in the school setting. **Consulto**, 5(1):4-6, Apr.

MAKINDE, O. 1983. Fundamentals of guidance and counselling. London : Macmillan. 265p.

MARAIS, J.L. 1981. Kinderleidingklinieke (Klinieke/Skoolklinieke) van die Onderwysdepartemente. Potchefstroom : PU vir CHO. 47p. (Diktaat 16/81.)

MARAIS, J.L. 1986. 'n Halfeeu van skoolvoorligting in die RSA - waarheen nou? **Fokus**, 14(1-4):168-174, Nov.

MARAIS, J.L. 1988. Die opleiding van voorligteronderwysers in die RSA. **Suid-Afrikaanse tydskrif vir Opvoedkunde**, 8(2):106-111.

MARTIN, L.R. & DE VOLDER, J. 1983. Guidance and counseling services in the Federal Republic of Germany. **The personnel and guidance journal**, 61(8):482-486, Apr.

MARX, C.D. 1982. Groot tekort aan wetenskaplikes: voorligting die oplossing. **Die Unie**, 79(1):102-103, Okt.

MASON, E.J., DEMERS, S.T. & MIDDLETON, E.J. 1984. Integrating consultation and program evaluation in school psychology. **Journal of school psychology**, 22(3):273-283, Fall.

MILES, R. 1986. Where do I begin: ideas for new elementary school counselors. **Elementary school guidance and counseling**, 21(2):100-104, Dec.

MINKOFF, H.B. 1987. Career guidance as a link to excellence: helping youth build their futures. **NASSP bulletin**, 71(499):53-56, May.

MITCHELL, A.M. 1985. Educational excellence for all students: assessing the adequacy of your guidance program. **NASSP bulletin**, 69(485):23-27, Dec.

MöLLER, P. 1987. Die samewerking tussen die skool en die Opvoedkundige Hulpdiens. Pretoria. 99p. (Verhandeling (M.Ed)-UP.)

MONSON, R.J. & BROWN, D. 1985. Secondary school counseling: a time for reassessment and revitalisation. **NASSP bulletin**, 69(485):32-35, Dec.

MURRAY, P.V., LEVITOV, J.E., CASTENELL, L. & JOUBERT, J.H. 1987. Qualitative evaluation methods applied to a high school counseling center. **Journal of counseling and development**, 65(5):259-261, Jan.

NEL, J. DU PREEZ. 1981. Voorligting aan die senior leerlinge van die primêre skool. Potchefstroom. 476p. (Verhandeling (M.Ed.)-PU vir CHO.)

NELL, W.L. & DU PREEZ, J.J. 1979. Die skoolhoof en personeel se taak ten opsigte van voorligting in die skool: 'n kursoriese perspektiefstelling. Die Unie, 75(10):420-423, Apr.

NICOL-VERSLAG
kyk
TRANSVAAL. Provinsiale Onderwyskommissie. 1939.

NIEUWENHUIS, F.J., WEIDEMAN, B.P., DE KLERK, J.T. 1984. Skoolvoorligtingstelsels in die RSA. RGN : Pretoria. 210p. (Verslag 0-158.)

NORDBERG, R.B. 1970. Guidance: a systematic introduction. New York : Random House. 212p.

OAKLEY SMITH, T.R. 1983. Car washing for beginners: the role of guidance teaching in the Transvaal. Consulto, 7(3):3-12, Dec.

OHLSEN, M.M. 1974. Guidance services in the modern school. 2nd ed. New York : Harcourt. 500p.

O'LEARY, E. & ADAMS, M. 1986. The guidance counsellor in the classroom. Institute of guidance counsellors: Journal, 12:28-31, Summer.

OLIVIER, A.S. 1981. Die Skoolsielkundige Diens: 'n gespesialiseerde hulpdiens. (Referaat gelewer tydens 'n sim-

posium van die Sielkundige- en Voorligtingsdiens.) Pretoria. 9p. (Ongepubliseer.)

OOSTHUIZEN, J.D. 1982. Indentiteitsvorming as taak van skoolvoorligting. **Educare**, 11:10-21.

PINCHUCK, D. 1983. Teacher-psychologists: towards professionalism. **Education journal**, 93(3):16-20, Nov.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1972. Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak. Pretoria. 222p. (Verslag nr 0-1, Deel i.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981a. Onderwysvoorsiening in die RSA: Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die Onderwys. Pretoria. 223p. (Ondersoek na die Onderwys, nr. 1.) (Voorsitter: J.P. de Lange.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981b. Verslag van die Werkkomitee: Voorligting. Pretoria. 206p. (Ondersoek na die Onderwys, nr. 7.) (Voorsitter: Mej. C.C. Regnart.)

REYNEKE, C.J.J. 1955. Die stand van beroepsvoorligting in Transvaalse middelbare skole. Potchefstroom. 132p. (Verhandeling (M.Ed.)-PU vir CHO.)

RGN
kyk
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

ROBIE, B.D., GANSNEDER, B.M. & VAN HOOSE, W.H. 1979. School guidance and counseling program outcomes and measurements for their assessment. **Measurement and evaluation in guidance**, 12(3):147-165, Oct.

RODGERS, N. 1981. Guidance and counselling: a semantic confusion of the counsellor's role. **Consulto**, 5(1):8-9, Apr.

ROUSSEAU, G.J. 1981. The importance of guidance. **Educamus**, 27(4):5-7, May.

SAMPSON, J.P. & PYLE, K.R. 1983. Ethical issues involved with the use of computer-assisted counseling, testing and guidance systems. **The personnel and guidance journal**, 61(5):283-287, Jan.

SAUER, G.W. & VAN ZYL, J.M. 1981. Tendense in Beroepsleiding: knelpunte en aanbevelings. (Referaat gelewer tydens die simposium vir Beroepsleiers, April 1981, Pretoria. TOD.) 12p. (Ongepubliseer.)

SCALLY, M. 1983. Careers guidance and counselling: where do we go from here? **Education journal**, 93(1):17-25, Apr.

SCHOLTZ, I.P. 1974. Voogonderwys (Voorligting): waardebepaling en beslag daarvan in 'n Christelike skoolstelsel, met besondere verwysing na die Afrikaanse primêre skool in Transvaal. Potchefstroom. 449p. (Proefskrif (D.Ed.)-PU vir CHO.)

SCHULZ, W.E. 1982. Career orientation for West German students. **Vocational guidance quarterly,** 30(3):273-276, March.

SKUY, M., HOAR, R., OAKLEY-SMITH, T. & WESTAWAY, M. 1985. Perceptions of the guidance teacher as preferred helping agent in some South African schools. **British journal of guidance and counselling,** 13(3):266-273, Sept.

SMITH, I. 1981. Education differentiation and curricular guidance: a review. **Educational studies,** 7(2):87-94.

SPRINTHALL, N.A. 1980. Guidance and new education for schools. **The personnel and guidance journal,** 58(7):485-489, March.

STEAD, G.B. 1987. The school counsellor's role. **Educamus,** 33(3):13-15, May.

STEYN, H.J. 1975. Beroepsoriënteringspraktyk: 'n oorsig. (Lesing gelewer tydens 'n oriënteringskursus in Voorligting, 19 Mei - 6 Junie 1975. TOD. Sielkundige- en Voorligtingsdiens.) Johannesburg. 20p. (Ongepubliseer.)

STEYN, H.J. 1979. Beroepsleiding in Transvaalse skole. **Kurri-kom,** 5(1):18-19, Mei.

STEYN, H.J. 1984. Voorligting: 'n breë perspektief. (Referaat gelewer tydens die simposium van die Opvoedkundige Hulpdiens van die TOD vanaf 16-18 Julie 1984.) Pretoria. 15p. (Ongepubliseer.)

STEYN, H.J. 1985. Samewerkingsmoontlikhede tussen die skool, onderwyshulpsentrum en kinderleidingkliniek: 'n multiprofessionele benadering. (Lesing gelewer tydens die simposium vir hoofde van kinderleidingklinieke en onderwyshulpsentrums.) Pretoria. 12p. (Ongepubliseer.)

STEYN, I.N. 1978. Die plek van voorligting in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys. **Fokus,** 6(2):722-742.

STEWART, L.H. 1983. On borrowing guidance theory and practice: some observations of an American participant in the British guidance movement. **The personnel and guidance journal,** 61(8):507-510, Apr.

SUGARMAN, L. 1986. Counselling and computers: introduction and overview. **British journal of guidance and counselling,** 14(1):1-9, Jan.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1967. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, no. 39 van 1967. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. 1983a. Advies van die Tussentydse Onderwystaakgroep na aanleiding van die verslag van die Hoofkomitee van die RGN-Ondersoek na die Onderwys en kommentaar daarop deur die publiek. Pretoria : Staatsdrukker. 44p. (RP 72-1983.)

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. 1983b. Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria : Staatsdrukker. 52p.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1989. Burgerskapopvoeding. Deel 1/2. Pretoria : Staatsdrukker. 37p.

SUPER, D.E. 1983. Synthesis: or is it distillation? **The personnel and guidance journal**, 61(8):511-514, Apr.

TERRILL, J.L. 1987. Positive approaches strengthen school counseling programs. **NASSP bulletin**, 71(499):19-22, May.

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1957. Gedifferensieerde middelbare onderwys: leerplan vir middelbare skole. Pretoria. 3p. (Omsendbrief 59 van 1957.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1962a. Die ontstaan en ontwikkeling van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria. 12p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1962b. Poste van voorligting-onderwysers. Pretoria. 6p. (Omsendbrief 62 van 1962.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1963. Voogonderwysers. Pretoria. 4p. (Omsendbrief 12 van 1963.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1964. Die Voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement. **My loopbaan**, 15(3):185-186, 247-250, Aug.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1967a. Buitengewone onderwys. **Onderwysnuusflitse**: 3-7, Mrt.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1967b. Hulp vir dié wat agter raak. **Onderwysnuusflitse**: 33-34, Des.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1968. Sielkundige Dienste. **Onderwysnuusflitse**: 23, Mrt.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1972. Die implementering van Jeugweerbaarheid. Pretoria. 6p. (Omsendbrief 1 van 1972.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1973. Voorligting, Jeugweerbaarheid en die Voogstelsel. Pretoria. 9p. (Omsendminuut 210 van 1973.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1974a. Beroepsleiding in die sekondêre skool. Pretoria. 11p. (Omsendminuut 97 van 1974.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1974b. Die Sielkundige- en Voorligtingsdiens. **Onderwysnuusflitse,** 39:2-4, Jan.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1974c. Handleiding vir Skoolorganisasie. Pretoria. p.456-470.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1977. Die voorgestelde Voorligtingsprogram. Pretoria. 20p. (Omsendminuut 136 van 1977.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1978a. Die Sielkundige-en Voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria. 12p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1978b. Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1978. Pretoria. 50p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1978c. Voorgestelde program vir beroepsleiding in die sekondêre skool. Pretoria. 22p. (Omsendminuut 20 van 1978.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1979. Toerusting: lokaal vir beroepsleiding (Sekondêre skole). Pretoria. 2p. (Omsendminuut 39 van 1979.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1980. Sielkundige- en Voorligtingsdiens. Handleiding vir werksbeplanning en pligstate. Pretoria. 26p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1983a. Jaarverslag van die Opvoedkundige Hulpdiens vir die tydperk 1 November 1982 tot 31 Oktober 1983. Pretoria. 39p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1983b. Sielkundige- en voorligtingsdiens. Omskrywe 1 van 1983. Pretoria. 4p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1984a. Jaarverslag van die Opvoedkundige Hulpdiens vir die tydperk 1 November 1983 tot 31 Oktober 1984. Pretoria. 46p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1984b. Sielkundige- en Voorligtingsdiens. Pretoria. 2p. (Omskrywe 20 van 1984.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1985. Jaarverslag van die Opvoedkundige Hulpdiens vir die tydperk 1 November 1984 tot 31 Oktober 1985. Pretoria. 24p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986a. Die beroepsvoorligtingsprogram in die sekondêre skool. Pretoria. 45p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986b. Handleiding vir skoolorganisasie. Pretoria. p.322-327, 348-357.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986c. Jaarverslag van die Opvoedkundige Hulpdiens vir die tydperk 1 November 1985 tot 31 Oktober 1986. Pretoria. 29p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987a. Die Geesteswеerbaarheidsprogram in die sekondêre skool. Pretoria. 45p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987b. Handleiding vir die implimentering van die Opvoedkundige leiding-program in die primêre skool. Pretoria. 75p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987c. Handleiding vir Jeugweerbaarheid. 1p. (Omsendminuut 98 van 1987.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987d. Jaarverslag van die Opvoedkundige Hulpdiens vir die tydperk 1 November 1986 tot 31 Oktober 1987. Pretoria. 29p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987e. Jeugweerbaarheid: fisieke aktiwiteite vir dogters. Pretoria. 50p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1988a. Gesinsvoorligtingsprogram. Pretoria. 42p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1988b. Gesinsvoorligting in skole. Pretoria. 2p. (Omsendminuut 87 van 1988.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1988c. Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1988. Pretoria. 39p.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1989. Organisasie, funksies en adreslys van TOD - Onderwysinrigtings: Deel 2. Pretoria.

TRANSVAAL. Provinsiale Onderwyskommissie. 1939. Verslag van die kommissie. Pretoria : Staatsdrukker. 318p. (TP 5/1939.) (Voorsitter: W. Nicol.)

TRANSVAAL (Provinsie). 1984a. Buitengewone offisiële koerant, 2 Mei 1984. Pretoria : Staatsdrukker. p.13-14.

TRANSVAAL (Provinsie). 1984b. Buitengewone offisiële koerant, 10 September 1984. Pretoria : Staatsdrukker. p.15-23.

TRANSVAAL (Provinsie). 1986. Buitengewone offisiële koerant, 12 Februarie 1986. Pretoria : Staatsdrukker. p.19-27.

TRANSVAAL (Provinsie). 1989a. Buitengewone offisiële koerant, 8 Februarie 1989. Pretoria : Staatsdrukker. p.17-19.

TRANSVAAL (Provinsie). 1989b. Buitengewone offisiële koerant, 3 Mei 1989. Pretoria. p.6-17.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie insake Tegniese- en Beroepsonderwys. 1948. Verslag van die Kommissie. Pretoria : Staatsdrukker. 322p. (U.G. 65/1948.) (Voorsitter: F.J. de Villiers.)

VAN DER STOEP, F. 1982. Veranderende tendense in die vraag na Onderwys in die samelewing met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika. **Pedagogiekjoernaal**, 3(2):121-141.

VAN DER WALT, J.S. 1979. Skoolvoorligting: beginsels, tegnieke en toepassings. Johannesburg : McGraw-Hill. 161p.

VAN DER WALT, J.S. 1982. Skool moet kinders opvoed. **Die Volksblad**, 78:11, Mrt, 12.

VAN GRAAN, C.S. & JACOBS, H. 1985. Verantwoordelike benutting van beskikbare personeel vanuit die perspektief van die onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede. (Referaat gelewer tydens die Simposium vir onderwysadviseurs: Loopbaanaangeleenthede en opvoedkundige sielkundiges: Beroepsvoorligting vanaf 1-3 Julie 1985.) 10p. (Ongepubliseer.)

VAN MOLLENDORF, J.W. 1984. Inligting as noodsaaklike komponent van 'n loopbaanonderwysopset. (In Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO: Verrigtinge van 'n Voorligtingsimposium gehou op 26 Oktober 1983 aan die PU vir CHO, Potchefstroom. A-49. p.52-67.)

VAN NIEKERK, J.F. 1967. Skoolvoorligting: teorie en praktyk. Stellenbosch : Universiteit-uitgewers. 181p.

VAN NIEKERK, P.A. 1987. Die voogstelsel: die ideaal. (In Louw, W.J., red. Gesin in krisis. Pretoria : Van Schaik. p.62-85.)

VAN Z. SPIES, P.G. 1970. 'n Studie van die voorligtingstelsels van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie. Pretoria : RGN. 48p. (Verslag 0-4.)

VAUGHAN, T. 1975. Education and the aims of counselling: a European perspective. Oxford : Blackwell. 141p.

VISSER, B. 1981. Beroepsvoorligting - 'n soeklig op die leemtes. **Scientiae**, 22(3):2-5, Jul-Sept.

VISSER, P.S. 1970. 'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en Suid-Wes Afrika. Pretoria : RGN. 133p. (Verslag 0-3.)

WELLS, C.E. & RITTER, K.Y. 1979. Paperwork, pressure and discouragement: student attitudes toward guidance services and implications for the profession. **The personnel and guidance journal**, 58(3):170-175, Nov.

WETTE
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek).

WITSKRIF
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. 1983b. Witskrif oor ...

WOOD, C.L., NICHOLSON, E.W. & FINDLEY, D.G. 1985. The secondary school principal: manager and supervisor. Boston, Mass. : Allyn & Bacon. 464p.